

Die geldigheid van die huidige praktyk van skeiding van grondgebruik (sonering) in swart dorpe asook ander faktore wat die ontwikkeling van die kleinsakesektor raak

J.H. Beukes
D.S. Langley



RGN · HSRC

001.3072068 HSRC
MM 120

BIBLIOTEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC



Die geldigheid van die huidige
praktyk van skeiding van grond-
gebruik (sonering) in swart
dorpe asook ander faktore wat
die ontwikkeling van die klein-
sakesektor raak

Die geldigheid van die huidige praktyk van skeiding van grond- gebruik (sonering) in swart dorpe asook ander faktore wat die ontwikkeling van die klein- sakesektor raak

J.H. Beukes
D.S. Langley

In samewerking met

M.S. Badenhorst
Jill Natrass

RGN BIBLIOTEK LIBRARY		HSRC
1987 -10-05		
STANBKODE 001.3072068 HSRC MM 120	REGISTERNUMMER	
BESTELNUMMER R10	072235	

J.H. Beukes, D.Ed.
D.S. Langley, M.Sc. (Agric.), M.B.A.

Instituut vir Mannekragnavorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0498 7

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987

Gedruk en uitgegee deur die RGN
Pretoriusstraat 134
Pretoria

INHOUD

BLADSY

1	INLEIDING, AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING EN DOEL MET DIE ONDERSOEK	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Agtergrond en probleemstelling	1
1.3	Doel met die ondersoek	10
1.4	Aanbieding van die verslag	11
2	OPERASIONALISERING EN UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK	12
2.1	Geïntegreerde probleemstelling as riglyn vir beplanning	12
2.2	Die voorondersoek	12
2.3	Operasionalisering van die ondersoek	20
2.4	Uitvoering van die ondersoek	21
3	GRONDGEBRUIK EN -BEHEER IN SWART DORPSGEBIEDE	28
3.1	Inleiding	28
3.2	Die wetlik-administratiewe raamwerk waarbinne swart woongebiede in die RSA tot stand gebring is	28
3.3	Eiesoortige kenmerke van die struktuur van swart woongebiede	42
3.4	Grondgebruik en die ordening van grondgebruik in swart woongebiede	47
3.5	Sonering	48
3.6	Grondgebruik sonder sonering	58
3.7	Huidige grondgebruik en -beheer in swart woongebiede	65
4	DIE HOUDING EN PERSEPSIE VAN INWONERS VAN SWART WOONGEBIEDE TEN OPSIGTE VAN DIE PLASING VAN DIENS- EN HANDELSFASILITEITE IN WOONGEBIEDE	71
4.1	Inleiding	71
4.2	Realisering van die steekproef	71
4.3	Ontleding van data	73
4.4	Biografiese eienskappe van die ondersoekgroep	73
4.5	Omgewingsveranderlikes	79
4.6	Persepsie ten opsigte van plasing van woonplek en ruimtelike ordening van diens- en handelsfasiliteite	91

5	KLEINSAKE-ONTWIKKELING IN SWART WOONGEBIEDE	114
5.1	Inleiding	114
5.2	Kenmerke van die klein onderneming in ontwikkelende lande	115
5.3	Sekere demografiese eienskappe van die klein onderneming	116
5.4	Die winsgewendheid van die kleinsakesektor	121
5.5	Kleinsake en werkskepping	123
5.6	Faktore wat die kleinsakesektor beïnvloed	126
5.7	Die waarskynlikheid op sukses/mislukking van ondernemings in die kleinsakesektor	141
5.8	Die informele sektor	143
5.9	Samevattend	153
6	SAMEVATTENDE BEVINDINGE EN AANBEVELINGS	154
6.1	Inleiding	154
6.2	Ruimtelike ordening	154
6.3	Kleinsake-ontwikkeling	162
	BYLAE A : STATISTIESE TEGNIEKE WAT GEBRUIK IS IN DIE ONDERSOEK	171
	BYLAE B : OOREENSTEMMINGSANALISES	176
	BYLAE C : DENDROGRAMME	196
	BYLAE D : VERSLAG OOR ONDERHOUDE MET SKOOLHOOFDE	231
	BYLAE E : REGULASIES VAN LANDBOUBEHEERADE	236
	BYLAE F : VRAELYS AAN INWONERS	251
	BYLAE G : VRAELYS AAN INFORMELE ONDERNEMERS	263
	RONNELYS	271

TABELLE

	BLADSY
4.1(a) GESLAGSAMESTELLING VOLGENS WOONGEBIED	75
(b) HUISTAAL VOLGENS WOONGEBIED	75
(c) KWALIFIKASIEPEILSAMESTELLING VOLGENS WOONGEBIED	75
(d) OUDERDOMSAMESTELLING VOLGENS WOONGEBIED	76
(e) TYDPERK WOONAGTIG IN WOONPLEK VOLGENS WOONGEBIED	76
(f) WERKSTATUS VOLGENS WOONGEBIED	76
(g) GROOTTE VAN HUISHOUDING PER WOONGEBIED	77
4.2(a) TIPE WONING VOLGENS WOONGEBIED	82
(b) HUISEIENAARSKAP VOLGENS WOONGEBIED	82
(c) BESKIKBAARHEID VAN DIENSTE BY WOONPLEK EN IN OMGEWING	82
4.3 TEVREDENHEID MET KWALITEIT EN LIGGING VAN WOONPLEK EN AFSTAND VAN DIENSPUNTE	85
4.4 REDE VIR ONTEVREDENHEID	88
4.5 LIGGING VAN HUIDIGE WOONPLEK MET BETREKKING TOT DIE NAASTE DIENS- EN HANDELSFASILITEIT	94
4.6 AANVAARBAARHEID VAN HUIDIGE LIGGING VAN NAASTE DIENS- EN HANDELSFASILITEIT	96
4.7 HOUDING TEN OPSIGTE VAN PLASING VAN DIENS- OF HANDELSFASILI- TEIT INDIEN NABY AAN HUIDIGE WOONPLEK GEPLAAS SOU WORD	97
4.8 VOORKEURE VIR BESTE PLASING VAN DIENS- EN HANDELSFASILITEITE	98
4.9 DIE HOUDING VAN INWONERS T.O.V. DIE LIGGING EN RELATIEWE POSISIE VAN HUL WONING M.B.T. NAASTE DIENS- EN HANDELSFASILITEITE IN SWART WOONGEBIEDE	99
4.10 OPSOMMING VAN CHAID-ANALISES: VOORSPELLERS (SLEGS EERSTE DRIE VERDELINGS) VIR HOUDING/PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN (i) AANVAAR- BAARHEID VAN PLASING (ii) VOORWAARDELIKE AANVAARBAARHEID EN (iii) BESTE PLASING VAN DIENS- EN HANDELSFASILITEITE	100
5.1 INDIENSNEMING VOLGENS VERSKILLENDE INFORMELE AKTIWITEITE IN INANDA	124
5.2 AANKOPE BY SMOUSE	143
5.3 BESONDERHEDE VAN HERSTELWERK AAN BEPAALDE ITEMS EN DEUR WIE DIE WERK UITGEVOER IS	145
5.4 DIE OUDERDOM VAN INFORMELE BESIGHEDE	148

FIGURE

BLADSY

4.1	'N VERGELYKING VAN DIE DATA VAN DIE GEREALISEERDE STEEKPROEF MET DATA UIT DIE 1980-SENSUSOPNAME	74
4.2	LIGGING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE DIENSTE- EN HANDELSFASILITEITE	102
4.3	AANVAARBAARHEID VAN LIGGING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE DIENS- EN HANDELSFASILITEITE	103
4.4	HOUDING T.O.V. PLASING VAN DIENS- EN HANDELSFASILITEITE INDIEN BAIE NABY AAN HUIDIGE WOONPLEK GEPLAAS SOU WORD	104
4.5	VOORKEURE VIR BESTE PLASING VAN DIENSTE- EN HANDELSFASILITEITE	105
5.1	SOORT ITEMS AANGEKOOP EN REDES WAAROM DIT VAN SMOUSE AANGEKOOP IS	146

ABSTRACT

The growing rate of black urbanization and the concurrent demand for housing and job opportunities make it essential to critically evaluate the existing standards and concepts of development regarding the physical lay-out of townships and the planning of black residential areas. In this project the legal-administrative background against which the historical development of black urban areas took place was described. Then the attitude and perceptions of the residents of these townships concerning the location of some service and trade facilities as well as the acceptance and support of informal economic activities were determined empirically. The responses of the residents showed a definite acceptance of the principle of the division of land use and preference for a physical spatial arrangement of townships. The residents also indicated that some forms of informal activities would be accepted in the townships. The attitudes and perceptions of the residents can be described as typically those of people in the lower income groups of Western societies.

EKSERP

Die groeiende tempo van verstedeliking en die gepaardgaande vraag na behuising en werkgeleentheid vereis dat 'n kritiese evaluering gemaak is van die geldigheid van bestaande standaarde en ontwikkelingskonsepte met betrekking tot fisiese dorpsuitleg en beplanning van swart woongebiede. In die proses is die wetlik administratiewe raamwerk wat die historiese ontwikkeling van hierdie gebiede ten grondslag lê beskryf terwyl die houding en persepsies van die inwoners ten opsigte van die fisiese ordening van 'n aantal diens- en handels-fasiliteite asook hul aanvaarding en ondersteuning van informele aktiwiteite empiries bepaal is. Saam hiermee is ondersoek ingestel na faktore wat kleinsake-ontwikkeling beïnvloed. Die respons van die inwoners het beslis die beginsel van die skeiding van grondgebruik aanvaar. Dit toon ook sekere voorkeure vir die fisies-ruimtelike ordening van dorpsgebiede asook die aanvaarbaarheid van sekere informele aktiwiteite in die woongebiede. Die houding en persepsies van die inwoners kan as tipies die van lae inkomste groepe en westers beskryf word.

HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING EN DOEL MET DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Ontwikkelingsvraagstukke in Suider-Afrika staan vandag besonder skerp in die teken van buitengewoon hoë bevolkingsgroei, lae vlakke van geskooldeheid, toename in die tempo van verstedeliking, stygende werkloosheid, lae produktiwiteit en 'n relatief lae ekonomiese groei. Verskeie ontwikkelingsinisiatiewe, met wisselende sukses, is in die verlede geloods om hierdie vraagstukke wat eie aan die meeste Derdewêreldlande is, die hoof te bied. Min van hulle kan egter daarop aanspraak maak dat hulle die behoeftes van die gemeenskappe, in wie se belang dit bedoel was, werklik na die meriete daarvan aangespreek het. Selfs die moderne Westerse beskawing met hoogs gesofistikeerde tegnologiese kultuur en standarde het 'n inherente onvermoë getoon om hierdie vraagstukke werklik sinvol die hoof te bied. Intussen het sommige ontwikkelingsvraagstukke in 'n groot mate reeds in krisis ontaard. Vandag word die lewensvatbaarheid van baie van die sogenaamde "beproefde" benaderings tot ontwikkeling en die toepassing van gevorderde standarde en gedetailleerde voorskrifte meer as ooit tevore bevraagteken. Dit geld nie net die ontwikkeling en opheffing van sogenaamde agtergeblewe gebiede en gemeenskappe nie, maar in baie opsigte is dit ook van toepassing op sogenaamde Eerstewêreldlande.

Die onderhawige ondersoek het in die besonder betrekking op die toepaslikheid en aanvaarbaarheid van huidige ontwikkelingskonsepte, beleidstellings, wetsvoorskrifte en standarde ten opsigte van kleinsake-ontwikkeling in die algemeen en die ruimtelike ordening van dienste- en handelsfasiliteite in swart dorpsgebiede in die besonder.

1.2 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Die historiese uitgangspunt met betrekking tot staatkundige strukturering in die RSA was om 'n gedifferensieerde vestigingspatroon daar te stel waarbinne al die segmente van die plurale Suid-Afrikaanse bevolking geakkommodeer kon word. Om dit te bewerkstellig is afson-

derlikheid as beleidsinstrument op byna al die terreine van die volkshuishouding toegepas. Sover dit dorpstigting in die besonder betref, was die uiteindelijke doel hiervan die totstandkoming en vestiging van afsonderlike woonbuurtes vir die verskillende bevolkingsgroepe.

Die vestiging en ontwikkeling van dorpsgebiede vir swartes toon histories natuurlik 'n eiesoortige ontwikkelingslyn omdat dit grootliks langs ander statutêre weë geskied het as dié van die ander bevolkingsgroepe in die RSA. Die proses is onder meer sterk gerig deur 'n besondere politieke siening rondom die toekoms van die swart gemeenskappe wat deur die owerheid as burgers van swart state-in-wording beskou is en derhalwe slegs as tydelike inwoners van die blankbeheerde deel van die RSA. In aansluiting hierby het die beskouing dat die samelewingsorde in die RSA in wese onderling gedifferensieerd is in terme van ekonomiese ontwikkelingspeil, geskooldeheidsvlakke, vlak van verstedeliking en kulturele ontwikkeling, ook baie daarmee te doen dat die aard en tempo van ontwikkeling van dorps- en stadsgebiede vir die verskillende groepe verskillend verloop het. In die poging om die behoeftes van elk van die bevolkingsgroepe optimaal te ontmoet, is stelselmatig verskillende ontwikkelingstrategieë ontplooi en beplanningstandaarde ontwikkel wat byvoorbeeld ten opsigte van behuising uiteindelik beslag gevind het in eiesoortige strukture met betrekking tot ruimtelike ordening en grondgebruikspatrone in dorpsgebiede. Selfs die ontwikkeling van kleinhandelsaktiwiteite in die onderskeie dorpsgebiede is dikwels negatief daardeur beïnvloed.

Ongelukkig het die proses van verstedeliking van die swartes in die RSA net soos in ander ontwikkelende lande nie altyd sodanig verloop dat die positiewe aspekte wat normaalweg met verstedeliking geassosieer word, gerealiseer het nie. Veral in die laaste jare het min van die verwagtinge wat met betrekking tot groter deelname aan ekonomiese aktiwiteite, verhoging in lewenstandaard, toename in werksgeleenthede en keuses gekoester is, werklik gerealiseer, en het in plaas daarvan toenemende werkloosheid, groter armoede, lae lewenspeil en voortdurende behuisingstekorte ontstaan.

Die afgelope paar jaar is daar baie van owerheidsweë en ook deur private inisiatief gedoen om die situasie te verbeter. In die proses het daar ook reeds ingrypende hersiening plaasvind van baie van die voorskrifte en standaarde wat spesifiek op grondgebruikspatrone en by implikasie ook op kleinhandelsaktiwiteite betrekking het. So byvoorbeeld is instromingsbeheermaatreëls herroep en bepalings van die Groeps-gebiedewet sodanig hersien dat besigheidsentra in bepaalde stedelike gebiede vir sakemanne van alle rassegroepe toeganklik gemaak is. Die druk na toenemende deregulering van veral die kleinsakebedryf en ook na die geldigheid van die huidige beleid met betrekking tot grondgebruik geniet op die oomblik baie hoë prioriteit.

1.2.1 Ruimtelike ordening

In die tydperk wat die industriële rewolusie voorafgegaan het, het groei in stede stadig en sonder inmenging van die owerheid plaasgevind. Ambagsmanne het hulle beroepe in 'n werkswinkel in of agter hul huise beoefen en min steurnis vir ander veroorsaak. Die vraag na gemeenskaplike dienste was baie beperk en elkeen het min of meer in sy eie behoeftes voorsien. Die industriële rewolusie en gepaardgaande verstedeliking het egter ander omstandighede geskep wat tot ernstige onhigiëniese en ander wantoestande gelei het. In 'n poging om orde te skep, wantoestande te verbeter en die inwoners te beskerm is byvoorbeeld sonering ingevoer, gesondheidsregulasies en bouverordeninge geformuleer, parke en ander oop ruimtes geskep en watervoorsiening en sanitêre dienste is behoorlik georganiseer.

Die beplanning, uitleg en ontwikkeling van dorpsgebiede in die RSA geskied net soos in enige ander ontwikkelde land ooreenkomstig bepaalde voorskrifte en standaarde. Hierdie voorskrifte en standaarde gee onder meer beslag aan die ruimtelike ordening van woon-, dienste- en handelspersele en skryf die doeleindes voor waarvoor die grond binne dorpsgebied gebruik kan word. Die vraag na die geldigheid van baie van die heersende uitgangspunte in dié verband word egter vandag bevraagteken. Dit sluit onder meer in bestaande praktyke met betrekking tot sonering en hersonering van grond, die meervoudige gebruike van persele en fasiliteite, die desentralisering van sakesentrums, die bevordering van kleinsake met inbegrip van nie-formele besigheidsaktiwiteite.

Verstedeliking van veral die swart bevolking in die RSA vind tans teen 'n tempo plaas waar dit vir alle praktiese doeleindes onmoontlik geword het om met die beskikbare middele en teen heersende standaarde in die vraag na die nodige dienste en fasiliteite te voorsien. Voeg hierby dat die verstedelikingsproses in die RSA nie simplisties net as 'n getalle-aangeleentheid hanteer kan word nie, maar dat dit besonder sterk gerig word deur politieke perspektiewe met 'n duidelik onderskeibare kleurdimensie, dan word die kompleksiteit van die probleem besef. In die jongste tyd het juis hierdie aspek daartoe aanleiding gegee dat die aandag plaaslik en internasionaal baie sterk op die noodsaaklikheid van gelykwaardige standaarde en geleenthede vestig.

Intussen het moderne dorpsbeplanning en uitleg natuurlik ook baie meer gesofistikeerd geraak, onder meer omdat daarin geslaag is om die kragte wat grondliggend is aan die ontwikkeling van stadstrukture beter by die proses van dorps- en streeksbeplanning te integreer. Die kragte waarna verwys word het betrekking op

- (a) die relatiewe toeganklikheid van dienspunte of persele,
- (b) die gemeenskapsbelang waaronder gesondheid, veiligheid en algemene welsyn van die gemeenskap as geheel,
- (c) uniek-indiwiduele faktore soos topografie, historiese ontwikkeling, ekonomiese basis, ensovoorts en
- (d) politiek-ideologiese faktore.

Wat die Suid-Afrikaanse stedelike opset in die algemeen betref, het hierdie faktore en veral ook die manipulasie van ekonomiese en politieke kragte daartoe gelei dat daar 'n eiesoortige stadstruktuur ontwikkel het. Afsonderlike geproklameerde woongebiede vir die verskillende hoofbevolkingsgroepe is een van die vernaamste onderskeidende kenmerke van die Suid-Afrikaanse stadstruktuur. In die proses het die swart stadsgebiede nie altyd parallel aan dié van die res van die stedelike kompleks ontwikkel nie, met die gevolg dat die struktuur van die swart stad sy eiesoortige kenmerke ontwikkel het waarvan die volgende seker die opvallendste is:

- . relatief ver afstande wat swartes van die sentrale stadsgebiede af woon,
- . gebrek aan integrasie van die swart woongebiede by die res van die stadstruktuur,
- . beperkte ruimte vir uitbreiding,
- . onvolledigheid in terme van dienste en veral handelsfasiliteite,
- . afwesigheid van 'n grondliggende grondwaardestruktuur,
- . onderontwikkelde eiendomsmark,
- . lae mobiliteit van inwoners en
- . lae lewenspeil van die inwoners.

Hoewel hierdie toedrag van sake natuurlik baie sterk toegeskryf word aan die totale wetlik-administratiewe raamwerk waarbinne die stedelike ontwikkeling vir swartes in die verlede geskied het, is baie van die betrokke maatreëls, soos reeds gemeld, intussen opgehef of staan op die punt om hersien te word. Voortgesette pogings om toepaslike standaarde en ontwikkelingskonsepte vir die opheffing van bestaande en die voorsiening van nuwe lewensvatbare en ekonomies bekostigbare stadstrukture daar te stel, vereis onder meer 'n grondige begrip van die behoeftes van die gemeenskap wat in die proses bedien moet word.

Hierdie ondersoek het onder meer ten doel om die aanvaarbaarheid van sekere aspekte van die huidige voorsiening van dorpsgebiede vir die swart inwoners self te ondersoek en om die behoeftes en prioriteite van die inwoners ten opsigte van bepaalde dienste en handelsfasiliteite te bepaal.

1.2.2 Kleinsake-ontwikkeling in swart woongebiede

'n Studie van die literatuur bring 'n wye verskeidenheid definisies van kleinsake-ondernemings na vore. Hierdie definisies verskil ten

opsigte van sowel die kwalitatiewe as die kwantitatiewe aspekte wat beskryf word.

Wanneer egter in gedagte gehou word dat die spektrum van besighede strek vanaf 'n enkel persoon wat deelyds sake doen, deur die informele sektor, die gelisensieerde eenmansaak, klein, medium, en groot maatskappye, tot by die heel groot multi-nasionale maatskappy, is dit duidelik waarom dit moeilik is om 'n algemeen aanvaarbare definisie van 'n kleinsake-onderneming te formuleer. 'n Moontlike oplossing is om 'n gebruiker-spesifieke definisie te formuleer volgens die behoefte van die oomblik. Aangesien dit in hierdie studie gaan om die bevordering van kleinsake in swart woongebiede, blyk dit sinvol te wees om kleinsake-ondernemings vir doeleindes van hierdie studie te omskryf in terme van eienskappe wat kenmerkend is van die swart sakesektor.

Alhoewel daar uitsonderings sal wees, is die volgende eienskappe kenmerkend van swart sake-ondernemings in die RSA (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 6).

- (1) 'n Beperkte hoeveelheid kapitaal
- (2) Min, indien enige, werknemers
- (3) 'n Relatief lae omset
- (4) 'n Eenmansaak of privaatmaatskappy
- (5) Bedien die plaaslike mark
- (6) Geleë en funksioneer hoofsaaklik in swart woongebiede.

Bogenoemde eienskappe maak egter nie voorsiening vir 'n onderskeid tussen formele en informele ondernemings nie. Dit kan enersyds toegeskryf word aan die onduidelikheid wat bestaan rondom die begrip van die informele ondernemer. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat, alhoewel die informele sektor ongetwyfeld sekere unieke knelpunte ervaar, die meeste van die probleme van die informele en kleinsakesektore gemeenskaplike gronde het.

Dit lyk ook asof, met die uitsondering van die probleme wat bestaan rondom lisensiëring wat uit die aard van die saak slegs die informele sektor raak, die ander probleme van die kleinsakesektor net so goed

ontleed kan word deur die sektor in sy geheel te beskou, eerder as om 'n arbitrêre onderskeid te tref tussen die formele en informele sektore.

In hierdie studie is daar dan ook na die probleme van die klein onderneming gekyk sonder om te onderskei tussen gelisensieerde en ongelisensieerde ondernemings. In daardie gevalle waar 'n bepaalde aspek egter nie op albei groepe ondernemings van toepassing is nie, word dit in die bespreking so aangedui.

Enige beleid ter bevordering van kleinsake het ten doel om die klein onderneming se posisie in die totale bedryfswêreld te verstewig, te bestendig en ook om die toetrede van voornemende ondernemers te vergemaklik. Die ekonomiese rasionaal onderliggend aan owerheidshulp aan kleinsake-ondernemings berus op die voordele van werkgeleentheid- en inkomstegenerering wat dit inhou, die skepping van toestande wat gunstig is vir mededinging en die ontwikkeling van entrepreneurs asook die bevordering van toegang tot die sakesektor wat daaruit voortspruit.

Van die belangrikste probleme wat in die ontwikkeling van die kleinsakesektor ondervind word is geïdentifiseer as (Ligthelm 1984 : 364):

- . Verkryging van handelslisensies
- . Gebrek aan geskikte gesoneerde gebiede
- . Hoë standaarde ten opsigte van gesondheids- en produkregulasies
- . Gebrek aan kredietfasiliteite
- . Gebrek aan infrastruktuur.

Die sukses van die vryemarkstelsel in die RSA is nou verwant aan die aandeel wat swart ondernemers daarin sal hê. Op die oomblik is die aandeel wat hulle aan die formele ekonomie het om verskeie redes baie beperk. Twee faktore wat hiermee verband hou, is

(a) die "ondervoorsiening" van diens- en handelsfasiliteite in swart dorpe en

(b) wetsvoorskrifte wat die toetrede tot en optrede van die swart ondernemer in die stelsel reguleer.

Tans is die situasie so dat beplanningstandaarde en wetsvoorskrifte wat ontwikkel is met die oog op 'n vrye, dog formele, ekonomie sekere teenstrydighede daarin ingebou het. Enersyds word standaarde en voorskrifte gestel met besonder hoë vereistes wat bedoel is vir 'n moderne ekonomie, en andersyds bestaan daar agtergeblewe gemeenskappe wat juis deur hierdie hoë standaarde en gepaardgaande beheermaatreëls in 'n posisie geplaas word wat vrye deelname aan die moderne ekonomie vir hulle bemoeilik. In sekere opsigte word dus voorskrifte neergelê en standaarde gestel, byvoorbeeld ten opsigte van sakepersele en die oprigting van woonhuise, wat nie rekening hou met die eiesoortige behoeftes en omstandighede van die verskillende ekonomiese gemeenskappe in die RSA nie. Gegewe die veelvolkige opset in die RSA met beide Eerste en Derde Wêreldse gemeenskappe ontstaan die vraag of die toepassing van die huidige standaarde nie die Suid-Afrikaanse ekonomie in die algemeen, maar veral die kleinsakesektor in die besonder onnodig inhibeer nie en dus daartoe bydra om swart ondernemers van geleentheid tot werklik aktiewe deelname aan die Suid-Afrikaanse ekonomie te weerhou.

Toenemende besorgdheid oor die ontwikkeling van die kleinsakesektor in die RSA moet gesien word in die lig van die feit dat daar algemeen verwag word dat hierdie sektor 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die skepping van werkgeleenthede, vir veral die snelgroeiende swart gemeenskappe. Ontwikkelende lande worstel feitlik sonder uitsondering met die probleem van 'n tekort aan kapitaal aan die een kant en 'n snelgroeiende bevolking aan die ander kant. Die RSA is in hierdie opsig geen uitsondering nie. So 'n toedrag van sake vereis 'n ontwikkelingsbeleid wat arbeidsintensiewe eerder as kapitaalintensiewe ondernemings sal aanmoedig. By implikasie beteken dit dat die ontwikkeling van klein ondernemings met inbegrip van die sogenaamde nie-formele sektor as deel van 'n werkskeppingsprogram hoë prioriteit behoort te geniet. Waar daar in 1980 sowat 3 miljoen werksoekers in die RSA was wat 'n heenkome in die sogenaamde perifere sektore van die ekonomie moes vind, sal die getal teen die einde van die eeu na raming in die orde van 8 miljoen wees (Terreblanche 1986 : 9).

Die Wêreldbank se standpunt dat "Small scale enterprises are generally more labour intensive than large scale organisations ... small manufacturing firms generate more direct and probably indirect jobs per unit of invested capital on the average, and in service activities, capital costs are usually lower" dui juis op die moontlikhede wat die ontwikkeling van die kleinsakesektor met betrekking tot die bekamping van werkloosheid inhou (World Bank 1978 : 18).

Daar is egter 'n bepaalde fisiese verband tussen grondgebruik en ruimtelike ordening van dienste en handelsfasiliteite in dorpsgebiede aan die een kant en die aard en omvang van kleinsake-aktiwiteite wat bedryf word aan die ander kant.

Onder die voorskrifte en wetsbepalings wat onregstreeks betrekking het op kleinsake-ontwikkeling, is daar onder andere dié wat die ruimtelike ordening in dorpsgebiede reël. In die praktyk gebeur dit egter dat diegene wat binne stedelike komplekse afhanklik is van inkomste wat hulle deur middel van informele handelsaktiwiteite moet bekom, geen of baie min erkenning geniet in terme van moderne beplanningstandaarde en dorpsaanlegskemas en gevolglik word hierdie aktiwiteite geïnhibeer in plaas van gestimuleer. Die opheffing van beperkende wetgewing met betrekking tot ruimtelike ordening, of anders gestel die aanvaarding van nuwe standaarde sal logieserwys 'n stimulerende effek hê op die ontwikkeling van kleinsake en veral meer swart ondernemers aanspoor om daaraan deel te neem. 'n Verstedelikingsbeleid wat voorsiening maak vir 'n moderne en gesofistikeerde ekonomie maar wat ook genoeg ruimte laat aan die onderontwikkelde gemeenskappe om vir hulle 'n bestaan te verseker, is die uitdaging wat in die besonder tot die RSA gerig word.

Die studie het in die besonder betrekking op die fisiese verband wat daar bestaan tussen die ontwikkeling van kleinsake-ondernemings in swart woongebiede in die RSA aan die een kant en dorpsbeplanning en -uitleg aan die ander kant. Juis vanweë dié verband tussen kleinsake-ontwikkeling in swart dorpsgebiede en die ruimtelike ordening en grondgebruik was dit sinvol om die twee aspekte in hierdie ondersoek as geïntegreerde aangeleentheid te benader. Daar word egter aanvaar dat

die huidige ondervoorsiening van handelsfasiliteite in swart woongebiede nie alleen die resultaat van wetsvoorskrifte en standarde ten opsigte van grondgebruik en ruimtelike ordening is nie. Dit is byvoorbeeld bekend dat die evolusie van kleinhandelstrukture 'n bepaalde ontwikkeling deurloop en dat swart woongebiede in werklikheid tans in 'n groot mate nog in die proses is om by die kleinhandelstruktuur op stadsvlak in te skakel.

1.3 DOEL MET DIE ONDERSOEK

In die ondersoek kan die volgende breë dimensies onderskei word, naamlik:

1.3.1 'n Onderzoek na grondgebruik en ruimtelike ordening in terme van

- . verskillende benaderings en denkrigtings ten opsigte van ruimtelike ordening en grondgebruik;
- . die wetlik-administratiewe raamwerk waarbinne swart woongebiede in die RSA tot stand gebring is;
- . die eiesoortige kenmerke van die struktuur van swart woongebiede in die RSA; en
- . die persepsie van inwoners van die gebiede ten opsigte van die huidige voorsiening en ordening van dienste- en handelsfasiliteite, die aanvaarbaarheid daarvan vir hulle asook hulle behoeftes in dié verband.

1.3.2 'n Onderzoek na kleinsake-ontwikkeling in terme van

- . die rol van kleinsake (formeel en informeel) in ontwikkeling in die algemeen;
- . faktore wat die ontwikkeling daarvan beïnvloed veral ten opsigte van swart dorpsgebiede;

- . die voorkoms, aanvaarbaarheid en ondersteuning van nie-formele handelsaktiwiteit in swart woongebiede deur die inwoners;
- . maatreëls om kleinsake-aktiwiteite te stimuleer.

1.4 AANBIEDING VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk twee word die operasionalisering en uitvoering van die ondersoek beskryf. Besonderhede oor die vooronderzoek wat gedoen is, word ook hier weergegee.

In hoofstuk 3 word gerapporteer oor die ondersoek na grondgebruik, grondgebruikbeheer en die faktore wat die hantering daarvan in swart woongebiede in die RSA beïnvloed. Dié gedeelte van die ondersoek is basies 'n konseptuele benadering.

Die resultate van die empiriese ondersoek oor die persepsie van inwoners van swart dorpe oor die plasing van dienste en handelsfasiliteite en die aanvaarbaarheid van die huidige opset vir hulle al dan nie word in hoofstuk vier gerapporteer. Dié hoofstuk bevat ook besonderhede aangaande 'n aantal diepgaande onderhoude wat met sekere toonaangewende persone in swart gemeenskappe gevoer is.

Hoofstuk vyf handel meer in die besonder oor kleinsake-ontwikkeling en daarin word 'n samevatting gegee van die resultate van empiriese studies oor kleinsake-ontwikkeling in die informele sektor.

Hoofstuk ses bevat die aanbevelings wat uit die ondersoek volg.

HOOFSTUK 2

OPERASIONALISERING EN UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK

2.1 GEÏNTEGREERDE PROBLEEMSTELLING AS RIGLYN VIR BEPLANNING

Die interafhanklikheid tussen die vestiging van kleinhandelsaktiwiteite (formeel en informeel) aan die een kant en die ruimtelike ordening van dienste en handelsfasiliteite in dorpsgebiede aan die ander kant, is met die oog op die beplanning van hierdie ondersoek as belangrike uitgangspunt aanvaar. Dit is egter nie 'n simplisties oorsaaklike verband nie. Kleinhandelsbedrywe, hetsy binne of buite die moderne formele ekonomiese sisteem, word benewens verskeie eksterne faktore ook deur ander faktore inherent aan die onderneming self beïnvloed. Net so is 'n bepaalde vorm van dorpsuitleg en ruimtelike ordening nie noodwendig net die uitdrukking van 'n bepaalde ekonomiese grondmotief nie. Die navorsingsmatige implikasies van die inherente vervlegtheid van die twee sake ten opsigte van mekaar het vereis dat 'n vooronderzoek geloods moes word met die oog op die operasionalisering van die totale projek.

2.2 DIE VOORONDERSOEK

2.2.1 Doel met die vooronderzoek

Die uitvoering van die vooronderzoek het die volgende ten doel gehad:

- . om 'n oorsig te kry van die ondersoeke wat reeds ten opsigte van die verskillende terreine gedoen of aan die gang is;
- . om die navorsingsmatige implikasies van die verband tussen ruimtelike ordening en die vestiging van kleinhandelsaktiwiteite te bepaal;
- . om die verskillende dimensies wat by die ondersoek betrek kan word te identifiseer en die lewensvatbaarheid van navorsing ten opsigte daarvan te ondersoek;

- . om spesifieke projekte te identifiseer wat binne die program van ondersoek uitgevoer moet word; en
- . om 'n strategie vir die uitvoering van die ondersoek te formuleer.

Die volgende instansies is geïdentifiseer met wie verkenningsgesprekke gevoer is ten opsigte van sake wat op die terrein van ondersoek betrekking het:

Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika

Stedelike Stigting

Vryemarkstigting

Plaaslike owerhede (gesondheids- en bestuurskomitees)

Universiteit van Pretoria (Dept. Stads- en Streeksbeplanning en Dept. Landbou-ekonomie)

Administrasierade (Transvaal)

Landboubeheerrade

Sakekamers

Adviesburo vir Kleinsake-onderneming, PU vir CHO.

Hierbenewens is 'n uitgebreide literatuurstudie onderneem. Daar is onder meer kennis geneem van die inhoud van resente verslae van kommissies van ondersoek, navorsingsverslae (plaaslik sowel as internasionaal) en die jaarverslae van enkele plaaslike owerhede.

Van besondere belang in die verband is die verslae wat die afgelope drie jaar uitgegee is deur die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidentsraad, die Nasionale Mannekragkommissie en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika.

Die belangrikste indrukke wat uit die voorondersoek na vore gekom het, is dat die plek en rol van die kleinsakesektor binne die breë ekonomie op die oomblik wye belangstelling geniet en dat daar die afgelope paar jaar heelwat inisiatiewe uitgegaan het van verskillende private- en owerheidsinstansies om die sektor te stimuleer. Die ingrypendste hiervan is stellig die omvattende ondersoeke wat uitgevoer is deur die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) en die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidentsraad. Laasgenoemde komitee se ondersoeke het gehandel oor:

- maatreëls wat beperkend inwerk op 'n vryemark-georiënteerde stelsel in Suid-Afrika (1984) en
- 'n strategie vir die ontwikkeling van kleinsake en vir deregulering (1985).

Die Nasionale Mannekragskommissie se verslag wat in 1984 uitgegee is, handel oor

- die kleinsakesektor in die RSA, in die besonder die faktore wat die groei en ontwikkeling daarvan belemmer.

2.2.2 Oorsig oor verslae van die Presidentsraad en die NMK

Die verslae van die Presidentsraad en die een van die NMK verteenwoordig stellig van die omvattendste ondersoeke na die kleinsakesektor in die RSA. Om duplisering te voorkom en om as agtergrond te dien vir die beplanning van die ondersoek wat die RGN loods, was dit nodig dat hierdie verslae intensief bestudeer word. Belangrike riglyne het hieruit gekristalliseer in terme waarvan parameters vir die RGN se eie program van ondersoek gestel kon word. Daarom is dit nodig om kortliks enkele opmerkings oor die bevindinge en aanbevelings van genoemde verslae te maak.

- (1) Maatreëls wat beperkend inwerk op 'n vryemark-georiënteerde stelsel (PR1/1984)

Die doel met die ondersoek wat op versoek van die Staatspresident uitgevoer is, was om ondersoek in te stel na maatreëls en faktore wat verhoed dat die werker, die ondernemer en die verbruiker uit die gelede van die agtergeblewe bevolkingsgroepe ten volle aan die markekonomie deelneem en sodoende die voordele en verantwoordelikhede van die stelsel ervaar (p. 169).

In sy analise van die situasie het die komitee inderdaad sekere eksterne beperkende maatreëls gevind, maar geoordeel dat die verwydering daarvan nie sonder meer genoeg sal wees om die agtergeblewe bevolkings-

groepe ten volle aan die markeconomie te laat deelneem nie. Hulle word ook beperk deur 'n gebrek aan skoling en kundigheid en deur lewenswyses wat in baie gevalle deur 'n kultuur van armoede en onderontwikkeling gekondisioneer is.

Wat die voorsiening van dienste en handelsfasiliteite in swart dorpe in die besonder betref, kan die vernaamste bevindinge van die komitee soos volg saamgevat word (PR 1/1984):

- . Swart dorpsgebiede beskik oor bykans geen stadsatmosfeer nie, hoofsaaklik as gevolg van die gebrek aan fasiliteite soos winkels, diensbedrywe, restaurante, vermaaklikheidsplekke, parke, pleine, ensovoorts. Die bestaande voorsiening van die dienste is geheel en al ontoereikend, beide wat die kwantiteit en kwaliteit daarvan betref. Handelslokale is oor die algemeen klein en in 'n swak toestand en die dienste wat aangebied word, kan glad nie vergelyk word met wat in moderne sakekomplekse aangetref word nie.
- . Daar is 'n ernstige gebrek aan fabriekstelle en persele vir ligte en diensnywerhede naby woongebiede vir swartes, veral dié wat buite die nasionale state val.
- . Bestaande dorpsuitlegkonsepte, beplanningsvoorskrifte en -standaarde en prosedures van sonering en hersonering veral ten opsigte van standplase vir dienste en handelsfasiliteite werk beslis beperkend in op kleinsake-ontwikkeling.
- . 'n Aspek wat veral problematies blyk te wees, is die onderverdeling en hersonering van standplase in bestaande dorpe, veral in dorpsgebiede van swart, Asiër- en kleurlingbevolkingsgroepe waar die aanvanklike beplanning nie rekening gehou het met die toekomstige ekonomiese ontwikkeling van daardie gemeenskappe nie en waar handelsfasiliteite gevolglik onvoldoende is.
- . Volgens die komitee is die ontwikkeling van dienste en handelsfasiliteite onderhewig aan 'n proses van oorsaaklikheid; goeie fasiliteite kan net in 'n gebied beskikbaar kom as die vraag daarna

voldoende is, maar indien die vraag in aangrensende gebiede uitgeoefen word omdat die dienste daar heelwat beter is, kan dit die beskikbaarstelling van die dienste in die betrokke gebiede ernstig aan bande lê.

Aanbevelings wat in die komitee se verslag gemaak word, maak onder meer voorsiening daarvoor dat:

- (i) die proklamasie van dorps- en nywerheidsgebiede en die hersonering van gebiede vir verskillende doeleindes bespoedig en vaartbelyn gemaak word en dat daar aan plaaslike besture in die opsig die nodige magte verleen word.
 - (ii) stedelike of dorpsbeplanning voorsiening maak vir genoeg sakepersele en nywerheidsgebiede om te voldoen aan onmiddellike sowel as toekomstige ontwikkeling- en groeivereistes.
 - (iii) basiese infrastrukturele fasiliteite soos water, elektrisiteit, telekommunikasie, paaie, stormwaterdreinerings- en riolering voorsien word.
 - (iv) met die oprigting van nuwe dorpsgebiede en/of dorpe voorsiening gemaak word vir die bykomende geriewe wat van 'n dorp 'n stad maak, byvoorbeeld ontspanningsgeriewe en basiese maatskaplike fasiliteite.
- (2) 'n Strategie vir die ontwikkeling van kleinsake en vir deregulering (PR4/1985)

Die ondersoek het ten doel gehad om die deelname van die ontwikkelende gemeenskappe in Suid-Afrika aan die private ondernemingstelsel te verhoog. In die besonder is aandag gegee aan die effek van bestaande regulasies, standaarde, lisensiëringverpligtinge en -voorwaardes asook administratiewe omslagtigheide en rompslomp wat stremmend inwerk op ekonomiese ontwikkeling in die algemeen en op die kleinsakesektor in die besonder.

Een van die belangrike aanleidende oorsake tot die ondersoek was die oortuiging dat kleinsake-ondernemings in Suid-Afrika, in teenstelling met die ondervinding elders, 'n betreklik beperkte bydrae lewer tot werkverskaffing en groei in die formele sektor. Hierteenoor is die informele sektor buite verhouding groot en hoewel dit in terme van die definisie daarvan 'n wye terrein van aktiwiteite kan insluit, is dit vir die meeste ondernemers in die sektor waarskynlik nie soseer 'n dinamiese reaksie op nuwe geleenthede nie, maar eerder 'n poging om 'n bestaan te maak terwyl geleenthede in die formele sektor relatief skaarser word (PR3/1985 : 26).

Die komitee se verslag onderskei duidelik twee tipes beperkinge op kleinsake-ontwikkeling, naamlik interne en eksterne beperkinge. Interne beperkinge word in die verslag behandel in terme van bestuursfunksies soos finansiering, produksie, kostebeheer, bemarking, personeel- en arbeidsverhoudinge. Eksterne faktore is van so 'n aard dat die indiwiduele sakeman geen regstreekse beheer daaroor het nie en hou onder andere verband met wetsvoorskrifte, die ekonomiese omstandighede in die land, die beskikbaarheid van finansiering en nywerheidsraadooreenkomste.

Die komitee maak in sy verslag melding van 'n "woud van regulasies en wetlike vereistes" wat op een of ander wyse bepalinge bevat waaraan voornemende ondernemers moet voldoen. Hieronder tel die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), die Loonwet (Wet 5 van 1975), die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), die Verkoopbelastingwet, 1978 (Wet 103 van 1978), die Wet op Lisensies, 1962 (Wet 44 van 1962), die Groepsgebiedewet, 1966 (Wet 36 van 1966) die Swart Administrasiewet, 1927 (Wet 38 van 1927), die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945).

Die komitee het belangrike riglyne neergelê vir deregulering, soos byvoorbeeld dat diskriminerende wetgewing van toepassing op Asiër-, swart en kleurlingbevolkingsgroepe herroep of gewysig word om 'n situasie te bereik waar alle sakelui in die land hulle sake-ondernemings bedryf ooreenkomstig prosedures en met inagneming van standaarde wat in alle opsigte gelykwaardig is. Die komitee het ook

sekere voorkeurterreine in dié verband geïdentifiseer wat onmiddellik ondersoek behoort te word met die oog op wysiging of herroeping. Dit sluit in:

- (a) Die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927) en die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945)
- (b) Die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966) en die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966)
- (c) Instromingsbeheer
- (d) Sakeregte op grond
- (e) Grondgebruik en dorpstigting.

Voorsiening moet gemaak word vir die skepping van prosedures betreffende die stigting van dorpe en 'n stelsel vir grondgebruikbeheer wat

- . voorsiening maak vir bindende uitlegplanne en grondbeheermaatrëls;
- . toelaat dat terreine in swart gebiede gesoneer en gebruik word vir gemengde gebruike;
- . die ontwikkeling van sentrale sakegebiede in swart stedelike gebiede toelaat.

(3) Die kleinsakesektor in die Republiek van Suid-Afrika, in die besonder die faktore wat die groei en ontwikkeling daarvan kan belemmer (Nasionale Mannekragkommissie 1984)

Een van die oogmerke van hierdie ondersoek was om 'n oorsig te verskaf van al die wetlike maatreëls wat betrekking het op kleinsake. Die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria het namens die NMK belangrike aanvoorwerk in dié verband gedoen deur 'n verslag oor wetlike beperkings op die oprigting en die ontwikkeling van kleinsake-ondernemings vir die NMK voor te berei.

Die NMK se verslag bied 'n oorsig oor die werkverskaffingspotensiaal van die kleinsakesektor en verstrekk onder meer sekere statistiese gege-

wens in dié verband. Die verslag gee 'n betreklik omvattende oorsig oor wetlike beperkings en sonder om na spesifieke wetstitels te verwys, word die volgende aspekte geïdentifiseer ten opsigte waarvan wetlike voorskrifte 'n belemmerende effek op kleinsake het: behuising, belastingtoegewings, sake-ure, drankhandel, groepsgebiede, lisensiëring, maatskappywet 1973, militêre diensplig, minimum lone, nywerheidsrade, papierwerk, regulasies ten opsigte van sakepersele, sonering, straatverkopers, swart entrepreneurskap, verpligtinge ten opsigte van werknemers, vervoer, aankoop- en tenderbeleid van owerheidsinstansies.

Opsommenderwys stel die verslag die vernaamste probleme ten opsigte van kleinsake in Suider-Afrika soos volg (Nasionale Mannekragkommissie 1984 : 43).

Eksterne probleme:

- Ontoereikende/ontoepaslike persele en geboue wat spesifiek vir kleinsake-ondernemings bedoel is;
- Gebrekkige infrastruktuur soos elektrisiteit, water, vervoer en veral kommunikasiegeriewe.

Interne probleme:

- Gebrekkige onderwys, opleiding, ervaring, sakekennis en bestuurskundigheid en -vernuf;
- Onvoldoende eie kapitaal en beperkte toegang tot kredietfasiliteite;
- Onoordeelkundige aankoop- en bemarkingspraktyke;
- Ondoeltreffende personeel en menslike verhoudinge;
- Beperkte kennis en insig ten opsigte van allerlei belangrike aangeleenthede (soos wette/regulasies en die optrede van mededingers).

2.2.3 Samevatting

Opsommenderwys het die voorondersoek dus aan die lig gebring dat

(a) die stimulering van kleinsake die afgelope paar jaar besonder hoë prioriteit geniet en dat met die oog daarop verskeie inisiatiewe geloods is, waaronder deurtastende ondersoeke deur kommissies van ondersoek en privaatinstansies.

(b) die faktore wat belemmerend inwerk ten opsigte van kleinsake in die besonder reeds deurtastend ondersoek is en dat die bevindinge daarvan onder die aandag van die owerhede gebring is.

(c) die vraag na die geldigheid van die huidige beleid met betrekking tot dorpsbeplanning en uitleg, dit wil sê die ruimtelike ordening van dienste, woon- en handelsfasiliteite 'n sterk ekonomiese keerkant het en wel in die sin dat bestaande wetsvoorskrifte, regulasies en standarde belemmerend inwerk op die vestiging en die ontwikkeling van kleinsake, veral in dorpsgebiede wat hoofsaaklik vir swartes en gekleurdes bedoel is.

2.3 OPERASIONALISERING VAN DIE ONDERSOEK

Teen die agtergrond van dit wat reeds bekend is met betrekking tot die geldigheid van die huidige beleid van grondgebruik en kleinsake-ontwikkeling in swart dorpsgebiede, is besluit om die onderhawige ondersoek selektief op sekere aspekte te rig.

Ten opsigte van grondgebruik sal daar ondersoek ingestel word na aspekte soos sonering, die wetlik-administratiewe raamwerk waarbinne swart woongebiede tot stand gebring is, die eiesoortige kenmerke van die struktuur van swart woongebiede en die persepsie van die inwoners van swart woongebiede van die huidige plasing van dienste- en handelsfasiliteite, van die aanvaarbaarheid al dan nie daarvan vir hulle en van hulle verwagtinge in dié verband.

Ten opsigte van kleinsake en die stimulering daarvan sal die ondersoek beperk word tot 'n samevattende oorsig oor wat reeds bevind is met betrekking tot faktore wat inhiberend/stimulerend daarop inwerk. In die besonder sal ondersoek ingestel word na die aanvaarbaarheid van informele handelsaktiwiteite in woongebiede en die mate waarin dit die ondersteuning van die inwoners geniet.

2.4 UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK

2.4.1 Projekkomitee

Om die ondersoek te rig en advies te gee oor die uitvoering daarvan is 'n projekkomitee benoem wat bestaan uit deskundiges op relevante terreine. Die komitee het belangrike insette gelewer met betrekking tot die operasionalisering van die ondersoek in terme van verskillende subprojekte. Al die vraelyste asook die tussentydse verslae is deur die komitee oorweeg.

Die projekkomitee het uiteindelik 'n belangrike rol gespeel met die evaluering van die finale verslag, en het ook 'n aandeel gehad in die formulering van die aanbevelings.

2.4.2 Uiteensetting van subprojekte

In die beplanning vir die uitvoering van die onderskeie subprojekte is die volgende uiteensettings deur die projekkomitee aanvaar.

(a) Ondersoek na verskillende benaderings tot grondgebruik en die filosofie wat dit ten grondslag lê (subprojek 1)

Die projek is beplan om 'n oorsigtelike beskrywing en evaluering te gee van verskillende benaderings met betrekking tot grondgebruik in dorpsgebiede en dit toe te lig met toepaslike voorbeelde in die praktyk. Voorts moet die voor- en nadele van die onderskeie benaderings aange-
toon word. Die ondersoek is oorwegend konseptueel van aard.

(b) Grondgebruikspatrone in die RSA (subprojek 2)

Die projek is beplan om aansluiting te vind by subprojek 1. Dit is eweneens bedoel om konseptueel van aard te wees en 'n beskrywing te gee van die historiese ontwikkeling van grondgebruikspatrone in die RSA veral ten opsigte van dorpe vir swart gemeenskappe. Die impak van die wetlike raamwerk waarbinne die ontwikkeling plaasgevind het vorm 'n belangrike aspek van die subprojek.

Bogenoemde twee subprojekte is as eenheid uitgevoer en het uiteindelik beslag gekry in een omvattende tussentydse verslag getitel "'n Onderzoek na grondgebruik, grondgebruiksbeheer en die faktore wat die hantering daarvan in Swart woongebiede in die RSA beïnvloed."

(c) Wenslikheid/aanvaarbaarheid van informele handelsaktiwiteite en van geïntegreerde grondgebruik in woongebiede vir swartes (subprojek 3)

Die subprojek is beplan om 'n opname te wees van die persepsie van belanghebbendes ten opsigte van onder andere die volgende:

- . die beskikbaarheid, ordening en benutting van sekere diens- en handelsfasiliteite in swart dorpsgebiede;
- . voorkeure vir die ordening van die fasiliteite;
- . die benutting en aanvaarbaarheid van informele handelsaktiwiteite;
- . die meervoudige benutting van fasiliteite soos kerkgeboue en -persele, skoolgeboue en -terreine;
- . die moontlikheid van integrering van residensiële en nywerheidsgebiede.

(d) Die stimulering van kleinsake in swart dorpsgebiede (subprojek 4)

In die lig van die uitgebreide navorsing wat reeds deur ander instansies oor hierdie en verwante sake uitgevoer is, is die projek beplan om 'n samevattende oorsig te gee van die bevindinge van die ondersoeke. Vir die doel is die volgende algemene riglyne neergelê in terme waarvan die oorsig gegee moet word.

- . Omskrywing van kleinsake
- . Belang van kleinsake in swart dorpe in die RSA ten opsigte van
 - werkverskaffing
 - gesinsinkomste
 - dienslewering
 - ontwikkeling van entrepreneurs

- opleiding
- inkomste vir plaaslike besture
- . Informele sektor
 - omskrywing
 - voorkoms
 - omvang
- . Faktore wat kleinsake-ontwikkeling strem
 - sonering
 - wette/regulasies
 - houding (negatief)
 - infrastruktuur
- . Maatreëls/voorstelle om kleinsake-ontwikkeling te bevorder
 - owerheidsopptrede - dereguleer
 - plooibare toepassing
 - houding (positief)
 - privaatsektor - finansiering

(e) Gevallestudies om die effek te ondersoek van 'n verslapping in regulasies wat kleinsake-aktiwiteite reël (subprojek 5)

Die subprojek is beplan om moontlike voorbeelde te identifiseer waar plaaslike owerhede deur doelbewuste verslapping in die toepassing van bestaande regulasies daarin kon slaag om kleinsake-aktiwiteite te bevorder, en indien wel in welke mate. In die vooronderseke wat uitgevoer is, het dit geblyk dat daar inderdaad voorbeelde is van plaaslike owerhede wat doelbewus pogings aanwend om kleinsake in sekere gemeenskappe te bevorder deur verslapping in die toepassing van bepaalde regulasies.

Uit 'n doenbaarheidstudie wat uitgevoer is, het dit geblyk dat dit nie sinvol sou wees om die projek uit te voer op die wyse wat aanvanklik in vooruitsig gestel is nie. Die belangrikste rede daarvoor was dat dit aan die lig gekom het dat daar nie 'n wesenlike verskil in die regulasies is wat deur verskillende plaaslike owerhede toegepas word nie, omdat plaaslike owerhede almal onderworpe is aan oorhoofse bepalings van die provinsie of die staat. Die owerhede wat aanvanklik geïdentifiseer is waar die ondersoek uitgevoer sou word, het wel die benadering

dat informele aktiwiteite oogluikend toegelaat word solank daar geen klagtes ontvang word nie.

Daar kon dus geen duidelike voorbeeld gevind word van plaaslike owerhede wat weselik van ander verskil in sover dit die toepassing van die regulasies betref nie.

Nogtans is voortgegaan en in diepte onderhoude gevoer met die munisipale bestuur van die dorpe Paarl en Wellington.

Die belangrikste bevindinge van hierdie samesprekings is as volg:

- . Die regulasies wat sakeondernemings raak is in wese dieselfde vir albei dorpe en die gesondheidsregulasies word byvoorbeeld deur die Kaaplandse Provinsiale Administrasie voorgeskryf.
- . Die regulasies word deur albei dorpsrade so plooibaar as moontlik toegepas en daar word in der waarheid "agteroor geleun" om sakemanne tegemoet te kom.
- . 'n Onderzoek na ongelisensieerde bedrywigheide vind slegs plaas indien die dorpraad klagtes in dié verband sou ontvang.
- . Moontlikheid vir verdere verslapping is nie so voor die hand liggend nie aangesien 'n sekere minimum standaard noodsaaklik is vir die ordelike bestuur van 'n gemeenskap.

(f) Die rol van landboubeheerrade in die ontwikkeling van kleinsake-aktiwiteite in swart dorpsgebiede (subprojek 6)

Die ondersoek is beplan na aanleiding van die betreklik algemene voorkoms van informele handel in voedselprodukte soos vrugte en groente in swart gebiede. 'n Aantal van die landboubeheerrade is geïdentifiseer om aan die hand van 'n aantal riglynvrae sekere inligting te verskaf oor die moontlike betrokkenheid wat hulle in die verband kan hê. Die riglynvrae het gehandel oor registrasie/lisensiëringsvereistes, betrokkenheid van ander instansies by die betrokke landbouprodukte, betrok-

kenheid (direkte/indirekte) by kleinsake-ondernemings en die toepassing van regulasies. Die ondersoek het uiteindelik uitgeloop op 'n tussen-tydse verslag wat as bylae by hierdie verslag ingebind is.

2.4.3 Uitbesteding van subprojekte

Sekere van die subprojekte is deur persone en instansies van buite die RGN uitgevoer. Die Development Studies Unit van die Universiteit van Natal onder leiding van prof. J. Natrass het die ondersoek na kleinsake-ontwikkeling in swart dorpsgebiede gedoen, terwyl die Departement van Opmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning van die Universiteit van Pretoria onder leiding van mnr. M.S. Badenhorst die ondersoek uitgevoer het na grondgebruik en ruimtelike ordening en na die wetlike raamwerk waarbinne grondgebruikvorme in die RSA beslag gekry het. Die ondersoek na die rol van landboubeheerrade ten opsigte van kleinhandelsaktiwiteite in swart dorpe is aanvanklik deur prof. J.P.F. du Toit van die Departement Landbouekonomie van die PU vir CHO begin en later deur die RGN verder gevoer.

Die opname oor die persepsies van swartes van hulle woongebiede is deur die RGN se Meningspeilingsentrum onderneem, terwyl die ontleding van data deur die Instituut vir Mannekragnavorsing gedoen is. Die opstel van hierdie verslag is eweneens deur die instituut gedoen.

2.4.4 Opnames en teikengroepe

Die empiriese ondersoek wat ten opsigte van subprojek 3 uitgevoer is het opnames onder verskeie teikengroepe behels.

(a) Inwoners van swart woongebiede

Die aanvanklike beplanning van die opname het daarvoor voorsiening gemaak dat slegs woongebiede in die PWV-gebied ingesluit sou word. As gevolg van die onlustoestande en ander praktiese oorwegings is uiteindelik slegs twee woongebiede in die Pretoria-omgewing betrek, terwyl die res van die opname gedoen is in swart woongebiede in Bloemfontein, Kroonstad en Seshego (Pietersburg). Laasgenoemde val in 'n nasionale

staat. Hoewel die wetlike raamwerk waarbinne dorpsgebiede in nasionale state ontwikkel is, in breë terme verskil van dié wat ten opsigte van 'n blanke gebied geld, is die prosedures van dorpstigting en grondgebruik nie wesentlik verskillend nie.

Met die 1980-sensusopnemer-subdistrikte as basis is uit die vier gebiede 'n ewekansige steekproef van ongeveer 1 500 inwoners tussen die ouderdom van 18 en 65 jaar getrek. Plakkersgemeenskappe is nie vir die doel van die opname oorweeg nie.

(b) Persone wat informele kleinhandelsaktiwiteite bedryf

Betroubare inligting oor die getal persone wat informeel (d.w.s. ongelisensieerd) kleinhandelsaktiwiteite beoefen, kon nie bekom word nie. Adresse van moontlike respondente in swart woongebiede is bekom deur verwysings wat verkry is tydens die voorondersoek wat hoofsaaklik in die PWV-gebied gedoen is. Op dié wyse is 70 respondente geïdentifiseer wat bereid was om aan die ondersoek deel te neem. Met elkeen van hulle is 'n individuele onderhoud gevoer oor die aard van die onderneming, die omvang daarvan, die werkgeleenthede wat dit aan andere bied, probleme wat ondervind word, ensovoorts. Die bedoeling was aanvanklik om by die bure van die groep respondente 'n opname te maak oor die moontlike steurnis wat as gevolg van die informele handelsaktiwiteit kan volg. Dit het egter onmiddellik 'n mate van agterdog gewek sodat daar nie met dié gedeelte van die ondersoek voortgegaan is nie.

(c) Opinieelers in swart gemeenskappe

Die besluit om 'n aantal persoonlike onderhoude met leiersfigure in swart woongebiede oor ruimtelike ordening en die aanwesigheid van nie-formele kleinhandelsaktiwiteite in hulle gemeenskappe te voer, berus op die aanname dat enige opinies wat hulle in dié verband kan hê, rigtinggewend kan inwerk op die gemeenskap en dat hulle sienings dus in 'n sekere sin as spieëlbeeld van dié van die gemeenskap kan dien. Die huidige onlustoestande in die woongebiede het die identifisering van sulke leiers bemoeilik met die gevolg dat die ondersoek beperk moes word tot onderhoude met ses skoolhoofde en twee kerkleiers.

'n Volledige verslag oor dié gedeelte van die ondersoek word in 'n bylae tot die verslag gerapporteer.

(d) Ander teikengroep

Addisionele inligting oor aspekte wat in die ondersoek ter sake is, is by wyse van gedokumenteerde voorleggings, memorandumms en persoonlike onderhoude met persone van die administrasierade, landboubeheerrade en ander belanghebbende instansies soos die Stedelike Stigting, KSOK en plaaslike owerhede (munisipale amptenare, lede van bestuurskomitees en van sakekamers) ingesamel.

HOOFSTUK 3

GRONDGEBRUIK EN -BEHEER IN SWART DORPSGEBIEDE

3.1 INLEIDING

Grond is 'n kommoditeit wat in beperkte hoeveelheid beskikbaar is en die gebruik daarvan het implikasies op haas alle terreine van die volkshuishouding. Die doeleindes waarvoor grond aangewend word, het in die eerste plek 'n ekonomiese konnotasie deurdat die opbrengs van 'n spesifieke stuk grond deur die gebruik daarvan bepaal word. Hierdie gebruik kan egter negatiewe eksternaliteite, dit wil sê indirekte koste, vir die groter gemeenskap as sodanig inhou. Derhalwe is dit die owerheid se plig om toe te sien dat die gebruik van grond nie tot nadeel van die gemeenskap geskied nie. Die owerheid kan selfs nog 'n stap verder gaan en die gebruik van grond beheer met die oog op die bereiking van bepaalde politiek-ideologiese oogmerke. Spreekende voorbeelde hiervan is die beheer van grondgebruik in Suid-Afrika om afsonderlikheid tussen die rassegroepe te bewerkstellig, of andersins om die integrasie van immigrante te bewerkstellig en die inheemse bevolking te moderniseer, soos in die geval van die staat van Israel.

Om grondgebruik en -beheer in Suid-Afrika te verstaan, moet dit in die eerste plek in politieke perspektief gesien word, aangesien die maatskaplike en ekonomiese perspektiewe ondergeskik daaraan gestel was. Daar kan egter verwag word dat die persepsie van die inwoners die ekonomiese voorkeure eerder as die politieke of maatskaplike perspektiewe sal weerspieël. Die mate van tevredenheid met die plasing van fasiliteite sal dus 'n aanduiding wees in welke mate die ekonomiese oorwegings in die politieke en maatskaplike beplanning ondervang is.

3.2 DIE WETLIK-ADMINISTRATIEWE RAAMWERK WAARBINNE SWART WOONGEBIEDE IN DIE RSA TOT STAND GEBRING IS

Daar is vier aspekte wat ter sake is in soverre dit die wetlik-administratiewe raamwerk betref, te wete ontkenning (van die permanensie van swartes in die stedelike gebiede), uitsluiting, isolasie en dominasie.

3.2.1 Ontkenning

Die permanensie van die swartes in die RSA se stedelike gebiede is so onlangs as 1978 eers amptelik erken en die 99-jaar-huurpag is in dieselfde jaar toegestaan (PR3/1985 : 139). Die ontkenning vanaf owerheidsweë dat hul teenwoordigheid permanent van aard is dateer terug na 1922 en is gebaseer op die bevinding van die Transvaalse Plaaslike Bestuurskommissie (Stallard-kommissie). Die bevinding lui dat "... the Native should only be allowed to enter into the urban areas, which are essentially the White man's creation, when he is willing to enter and to administer to the needs of the White man, and should depart therefrom when he ceases so to minister" (Morris 1980 : 8).

Hierdie bevinding vorm die grondslag van die Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923 (Wet nr. 21 van 1923) wat as sodanig die sluitsteen vorm vir baie wetgewing ten opsigte van stedelike swartes en eers in 1981 in sy geheel vervang is (Smit en Booyen 1981 : 23). Ingevolge hierdie wet is die swartes beskou as tydelike inwoners wat na die destydse Bantoe-reservate teruggestuur kon word indien hulle nie ekonomies aktief was nie. Hierbenewens is hulle uitgesluit van eiendomsreg in blanke stedelike gebiede en is hulle fisies, sosiaal en ekonomies van die blanke inwoners geskei (Browett 1982 : 19).

Gedurende die oorlogsjare het groot getalle swartes na die stedelike gebied gestroom, deels vanweë die ontwikkeling van die nywerheidssektor en deels as gevolg van die onvermoë van die Bantoe-reservate om 'n heenkome aan hul groeiende bevolking te bied (Morris 1980 : 10). Vanweë die eise wat die oorlogspoging gestel het en 'n tekort aan opgeleide mannekrag, kon behuising en openbare dienste nie voorsien word nie, met die gevolg dat plakkernedersettings in en om die groot stedelike gebiede ontstaan het. Benewens die haglike omstandighede wat hiermee gepaard gegaan het, was daar 'n toenemende bitterheid van swartes teenoor blankes. Die regering was nie in staat om hierdie toestand te beheer nie en het uit radeloosheid weer in 1946 'n kommissie (die Naturellewette-kommissie of Fagan-kommissie) aangestel om onder andere die wette wat op swartes in of naby stedelike gebiede van toepassing was, te ondersoek en 'n toekomsbeleid te formuleer (Smit en Booyen 1981 : 24).

Hierdie kommissie het in 1948 verslag gedoen en het dit onomwonde gestel dat aanvaar moet word dat die stadwaartse migrasie van swartes 'n ekonomiese verskynsel is; dat instromingsbeheer min uitwerking het om die stadwaartse migrasie te stuit en dit onmoontlik in 'n teenoorgestelde rigting kan omdraai; dat dit as 'n feit aanvaar moet word dat daar 'n permanente stedelike swart bevolking is, en dat die staat nie alleen vir huisvesting van swartes verantwoordelik gehou kan word nie (Smit en Booysen 1981 : 24).

Hierdie nuwe siening is ongedaan gemaak met die regeringsoorname deur die Nasionale Party in 1948 en die terugkeer na die beginsels vervat in die Stallard-kommissie se verslag. Die Nasionale Party was verbind tot 'n beleid van apartheid vir die onderskeie hoofbevolkingsgroepe. Hiervolgens is die swartes in die "blanke" stedelike gebiede as tydelike inwoners beskou en kon hulle geen aanspraak op politieke en ander regte in hierdie gebiede maak nie. Hierdie aansprake en regte kon weliswaar in hul onderskeie tuislande uitgeoefen word (Morris 1980 : 12). Ten einde hierdie beleid ten uitvoer te bring, is daar veral van drie hulpmiddels gebruik gemaak, te wete instromingsbeheer, 'n verskerpte skeiding tussen die onderskeie rassegroepe asmede krotbuurtopruiming (Morris 1980 : 12).

Terwyl die permanensie van die swartes se teenwoordigheid enersyds ontken is, is daar andersyds gewerk aan 'n plan om die tuislande (nasionale state) ekonomies te ontwikkel. Met die oog hierop is die bekende Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (Tomlinson-kommissie) in 1950 aangestel ten einde ondersoek in te stel en verslag te doen oor die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe (swart) gebiede in Suid-Afrika. Die kommissie se bevindinge was onder meer dat nywerheidsontwikkeling binne hierdie gebiede bevorder moes word, anders sou die relatiewe aandeel van die swartes in die stedelike bevolking steeds toeneem (UG 61/1955 : 196). Die kommissie se finale gevolgtrekking was baie eksplisiet. "'n Keuse sal deur die Suid-Afrikaanse bevolking gemaak moet word tussen twee uiteindelijke pole, naamlik dié van volledige integrasie en dié van afsonderlike ontwikkeling van die twee hoofrassegroepe" (UG 61/1955 : 209). Gesien teen die agtergrond van die omstandighede 30 jaar later, blyk hierdie verslag in meer as een opsig 'n merkwaardige een te wees.

Soos reeds bekend is die verslag nie in sy geheel en onveranderd aanvaar nie, maar die ekonomiese ontwikkeling van swart gebiede is nietermin aangepak met die hoop dat die stroom swartes na die "blanke" stedelike gebiede teen 1978 daarheen omgekeer sou word (Van der Merwe in PR 3/1985 : 145). Dit is eweneens bekend en dit word vandag allerweë aanvaar dat hierdie stroom nooit omgekeer sal word nie.

Deur te ontken dat die swartes se teenwoordigheid in die stedelike gebiede permanent is, is die ekonomiese realiteite ten grondslag van hul teenwoordigheid ontken en ondergeskik gestel aan politiek-ideologiese oorwegings. Hierdie ontkenning is gevolglik as 'n werkwyse aangewend om die fisiese en sosiale ruimte op meso- en mikroruimtelike vlak te manipuleer ten einde uitdrukking te verleen aan die oogmerke van die beleid van afsonderlikheid. Die beginsel van tydelikheid "... has been of the utmost importance to the urbanization process of Blacks, for it has had far reaching implications for the provision of services, property ownership, administration and morphology of all Black townships" (Randall soos aangehaal in Morris 1980 : 8). Sedert 1978 is daadwerklike pogings aangewend om hierdie gebreke reg te stel, maar soos in paragraaf 1.4 daarop gewys is, vind veranderinge in die samelewing nie onmiddellik gestalte in die struktuur van die stad nie. Derhalwe sal die uitwerking wat deur die ontkenning van die swartes se permanensie in die stedelike gebiede teweeggebring is, steeds in die struktuur van die stad weerspieël word. Dit is uiteraard onmoontlik om te bepaal hoe lank dit nog daarin vergestalt sal wees, maar dit kan jare, en selfs dekades wees.

3.2.2 Uitsluiting

Die feit dat die swartes se teenwoordigheid in die "blanke"-gebiede as tydelik beskou is, het daartoe gelei dat daadwerklike pogings aangewend is om hul toestroming na hierdie gebiede te beperk. As sodanig het uitsluiting op ekonomiese en politieke terrein plaasgevind.

(1) Ekonomiese terrein

Uitsluiting uit die stad, en gevolglik uit die kern van die Suid-Afrikaanse ekonomie, is bewerkstellig deur die oprigting van 'n haas

ondeurdringbare versperring van wette rondom die stedelike gebiede. Die meeste van hierdie wette is egter in 1986 herroep, maar hul invloed sal nog lank in die struktuur van die Suid-Afrikaanse stad weerspieël word. Leeds beweer immers: "The physical apparatus (of the city) reflects the social and ideological order, if always in a laggard manner, because its mere concretization lends itself to perpetuation while the societal order is changing around it" (1974 : 67).

(a) Indiensneming

Indiensneming in die stad is uiteraard nie moontlik indien dit nie gepaard gaan met die reg om daar te mag woon nie.

Die reg om in die stad te mag woon en werk is voor 1986 gereguleer deur die bepalings van artikel 10(1)(a), (b) en (c) van die Swartes (stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet no. 45 van 1945). Ingevolge die bepalings van hierdie artikel kon swartes nie 'n voorgeskrewe gebied binnekom en langer as 72 uur daar vertoef nie tensy hulle aan bepaalde voorskrifte voldoen het met betrekking tot die artikel 10-status van hul ouers, die lengte van hul verblyf in die betrokke voorgeskrewe gebied en hul dienstydpark aldaar. Die artikel 10-regte het die houer daarvan tot 'n bepaalde gebied beperk, alhoewel hierdie beperking asmede die 72 uur-beperking en die kwalifiserende tydperk vir die regte, in 1985 aansienlik verlig is.

Waar die een kant van die munt instromingsbeheer was, was die ander kant uitstromingsbeheer. Hiervolgens kon 'n swarte nie sy nasionale staat verlaat alvorens hy nie oor 'n dienskontrak beskik het wat hy by 'n arbeidsburo in sy omgewing aangegaan het nie. Vroue is vir alle praktiese doeleindes uitgesluit van hierdie stelsel.

Die doel met instromings- en uitstromingsbeheer was, soos reeds aangedui, om die toestroming van die swartes na die RSA se stedelike gebiede aan bande te lê. Of dit geslaag was al dan nie, is uiteraard moeilik om te sê. Die uitspraak van die Presidentsraad hieromtrent is dat: "... instromingsbeheer wel oor die afgelope meer as 30 jaar in 'n mate ge-

deug het, in dié sin dat die verstedelikingstempo van Swart mense vertraag is. Daar is egter ook voldoende getuienis dat instromingsbeheer ondoeltreffend is en nie die doelwitte wat gestel is, bereik het nie" (PR 3/1985 : 162). Hiervolgens kan dit gestel word dat die uitsluiting van swartes uit deelname uit die kern van die Suid-Afrikaanse ekonomie hoogstens vertraag is, maar nie so absoluut is as wat uit sommige oorde voorgegee wil word nie. Hierdie verdrag het deels bygedra tot die skepping van vaste ruimtelike patrone in die Suid-Afrikaanse stad. In die proses het die verstedeliking van die agtergeblewe komponent van die Suid-Afrikaanse bevolking baie ordelik geskied en is 'n hoë gehalte van laekoste stedelike behuising ook bereik. Andersins is gevestigde kerne ook geskep wat 'n belangrike ordelikhedsrol kan vervul in die snelle verstedeliking wat daar reeds ten opsigte van swartes in Suid-Afrika aan die gang is (PR 3/1985 : 108).

(b) Huisvesting

Die verblyf van swartes in die stedelike gebiede is beperk tot swart woongebiede, of andersins tot huisvesting wat deur werkgewers self voorsien word. Behuising as 'n middel tot die doel van uitsluiting is in die verlede gemanipuleer deur finansiering te reguleer, behuisingsstandaarde neer te lê en die beskikbaarheid en besit van grond te beheer.

(i) Finansiering

Tot redelik onlangs was die staat betrokke by die verskaffing van sowat nege uit elke tien wooneenhede aan swartes (PR 3/1985 : 117). Hierdie betrokkenheid het uiteraard 'n geleentheid geskep om swart behuising op 'n groot skaal te manipuleer.

Die opvallendste resultaat van hierdie manipulasie is die randligging van swart (lae inkomste-) woongebiede, in teenstelling met lae inkomstewoongebiede in Westerse Amerikaanse lande. Benewens die ligging van swart behuising kon die bedrag geld en die aanwending daarvan geregleer word. So is swart behuising sedert die vyftigerjare tot op ekonomiese vlak gesubsidieer terwyl dié van die ander rassegroepe tot op

sub-ekonomiese vlak gesubsidieer is (Bekker en Humphries 1985 : 83). Sedert 1972 het die openbare sektor in Suid-Afrika slegs sowat 60 000 minder huise vir swartes gebou as die private sektor (320 126 teenoor 380 177) en het die voorsiening deur hierdie sektor sedert 1976 aanmerklik toegeneem (PR 3/1985 : 121). Behuising as 'n middel tot 'n doel is verder gemanipuleer deurdat die fondse daarvoor aan bepaalde gebiede toegewys is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die regering se besluit in 1968 om die ontwikkeling van die nasionale state te bevorder. Dit het beteken dat gesinswonings vir die swart bevolkingsgroep voortaan nie in blanke stedelike gebiede voorsien sou word nie, maar slegs in die nasionale state. Die verdere voorsiening van gesinswonings in swart woongebiede wat naby die nasionale state geleë is, soos by Pretoria, is bevries. Sommige woongebiede is selfs volledig opgeruim en die inwoners is na die dorpe in die aanliggende nasionale state oorgeplaas (Smit en Booysen 1981 : 77). Dit is verder as regeringsbeleid gestel dat "... a portion of (the) revenue generated in Black areas should be used for the development of Homeland areas. ... by the end of 1975 10 local authorities were engaged in implementing housing projects in the Homelands involving the provision of 106 220 houses and 10 600 hostel beds" (Oosthuizen in Morris 1980 : 16).

Die relatief klein bedrae geld wat in die daaropvolgende jare aan swart behuising in blanke gebiede bestee is, en die relatief klein aantal wonings wat opgerig is, moet in verband gesien word met die klem wat geplaas is op behuising in die nasionale state (RP 32/1979 : 109). Die aantal swart woongebiede wat in die RSA se stedelike gebiede opgerig is, het in die daaropvolgende jare afgeneem van 14 369 in 1967-1968 tot 8 566 in 1970-1971 en 6 109 in 1976-1977 (RP 32/1979 : 110). Tussen 1972 en 1976 is daar nogtans 40 862 wooneenhede teen 'n gemiddeld van 8 172 eenhede per jaar in die swart woongebiede in die RSA voorsien (RP 32/1979 : 108).

Die agterstand in swart behuising in die swart dorpsgebiede in die RSA kan deels toegeskryf word aan die regering se destydse besluit om die voorsiening van swart behuising tot die tuislande te beperk. Gedurende die 10 jaar wat die beleid gevolg is, het die waglyste vir huisvesting in hierdie gebiede aansienlik gegroei.

(ii) Behuisingstandaarde

Die beskikbaarstelling van staatsfondse vir swart behuising het gepaard gegaan met die beheer oor die ontwerp- en boustandaarde van die wonings ingevolge die Behuisingskale van die Nasionale Behuisingskommissie.

Hierdie standaarde was enersyds bedoel om onwenslike gesondheids- en veiligheidstoestande te voorkom en andersyds om te verseker dat die woning vir 'n sekere aantal jare diensbaar sal wees. Die standaarde waarop swart behuising in Suid-Afrika gebaseer is, dateer uit die vroeg vyftigerjare en is intussen verskeie kere aangepas (RP 32/1979 : 109). As sodanig het die standaarde betrekking op die grootte van vertrekke, plafonhoogtes, ventilasie en dies meer. Die algemeenste vorm waarin hierdie standaarde vergestalt is, is die sogenaamde 51/6 en 51/9-huise met groottes van onderskeidelik 40,4 m² en 44 m² wat die grootste persentasie van die wonings in die swart woongebiede uitmaak.

Die vernaamste klagte wat teen die minimum standaarde geopper word, is dat dit te hoog is vir Derdewêreldtoestande. Die toenmalige Minister van Samewerking en Ontwikkeling, dr. Koornhof, se mening hieroor was dat die standaarde "... were not so high given the environments of a developed Western economy, but when it is taken into consideration that South Africa is for a large part still experiencing Third World conditions, it becomes obvious that it is folly to impose unaltered standards of the developed world on our situation" (aangehaal in Morris 1980 : 136).

Uit die aard van die saak is dit moeilik om die gevolge van die staat se benadering ten opsigte van swart behuising te evalueer. "Aan die een kant het dit gelei tot die opruiming van slumtoestande en die daarstelling van relatief hoë behuisingstandaarde. Aan die ander kant het dit tot nypende tekorte, oorbewoning en baie gevalle onrealistiese hoë standaarde in die aangesig van behoeftes en 'n ongesonde hoë subsidie-inhoud by swart behuising en infrastruktuurvoorsiening gelei. Die eie bydrae van die swart gemeenskap deur die jare heen ten opsigte van hul eie behuisingsbehoefte was dan ook uiters beperk en het onnodige druk op die beskikbare staatsfondse geplaas" (PR 3/1985 : 114).

Die opvallendste kenmerk van swart behuising in Suid-Afrika is waarskynlik die relatief hoë standaard daarvan, veral wanneer dit gemeet word in terme van Derdewêreldomstandighede.

(iii) Grond

Die beheer oor die beskikbaarstelling van grond vir swart behuising in die stedelike gebiede van die RSA het 'n lang geskiedenis (kyk par. 3.2.3). In die Kaapprovinsie dateer dit terug tot 1884 met die afkondiging van die Native Location Act. In die meer onlangse verlede is die beskikbaarstelling van sodanige grond deur die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 gereël. Tans word die aanwysing van grond vir swart dorpsontwikkeling deur die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet no. 4 van 1984) gereël.

Sodra die grond aangewys is vir die doeleindes van swart dorpsontwikkeling, kan dit bekom word deur ontwikkelingsrade (wat op 1 Julie 1986 afgeskaf is), swart plaaslike besture en die staat. Private dorpsontwikkelaars kan insgelyks grond in die swart dorpsgebiede bekom met die oog op ontwikkeling. Die fisiese uitleg van die dorpsgebiede is egter onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

Die staat oefen gevolglik dubbele beheer uit oor die voorsiening van swart behuising in stedelike gebiede deur enersyds die beskikbaarheid van geskikte grond te reguleer en andersyds die oprigting van die woning op sigself te beheer. Dit kan egter geredeneer word dat die staat op dieselfde twee terreine betrokke is by die voorsiening van onder meer blanke behuising. Die grondliggende verskil is egter dat die Staat se betrokkenheid by laasgenoemde grootliks deur oorwegings van gemeenskapsbelang, soos onder meer gesondheid, veiligheid en dies meer bepaal word. In die geval van swart behuising word die betrokkenheid insgelyks deur oorwegings van gemeenskapsbelang bepaal, maar het politiek-ideologiese motiewe wat onder meer met die tuislandbeleid in verband staan, 'n bykomende rol gespeel.

(iv) Grondbesitreg

Die vierde aspek wat met behuising in verband staan en wat ter uitsluiting van die swartes uit die RSA se stedelike gebiede aangewend is, is die reg om grond in hierdie gebiede te mag besit. Hierdie aspek hang ten nouste saam met die uitgangspunt voor 1978 dat die teenwoordigheid van die swartes in die RSA se stedelike gebiede tydelik van aard is en dat tydelike huisvesting sonder sekuriteit van titel of besit, aan hulle verskaf moet word. Gevolglik is behuisingsverskaffing gesien as die verantwoordelikheid van die staat en het die private sektor nooit werklik daarby betrokke geraak nie. As sodanig is hierdie benadering een van die hooforsake vir die behuisingsagterstand wat oor die jare opgebou het (RP 14/1982 : 33).

Swartes in stedelike gebiede is sedert 1955 toegelaat om huise onder 'n dertigjaarhuurpagstelsel te besit. Hierdie stelsel is in 1968 opgeskort. Bestaande kontrakte is weliswaar eerbiedig, maar die houer daarvan kon dit nie bemaak aan sy erfgename nie en hy kon dit ook nie verkoop nie, behalwe aan die plaaslike owerheid (Mandy 1984 : 186). Die dertigjaarhuurpagstelsel is in 1975 heringestel. Dit is mettertyd verander na een van "onbepaalde huurpag" en nog later na een van ewigdurende huurpag (Morris 1980 : 132). Gedurende 1978 in die nasleep van die onluste van 1976 en die daaropvolgende erkenning van die permanensie van die stedelike swartes in 1978, is nuwe wetgewing ingedien met die oog op die instelling van 'n beter en veiliger vorm van huiseienaarskap vir hierdie bevolkingsgroep. Kragtens die bepalings van die Swartes (Stadsgebiede) Wysigingswet, 1978 (Wet nr. 97 van 1978) is die 99-jaar-huurpagskema ingestel. In 1986 is die kwessie van die grondbesitreg van swartes 'n stap verder gevoer en geniet hulle met ingang 1 Oktober 1986 volle besitreg in die RSA se stedelike gebiede.

Tans is huurpagregte in verskeie swart dorpe in blanke gebiede van toepassing gemaak. Hieronder is 14 dorpe waarvan die inwoners aanvanklik in onafhanklike of selfregerende nasionale state gevestig sou word.

Die opmeting van persele in swart dorpe vir huurpagdoeleindes is bykans voltooi. Op 31 Maart 1985 is 405 400 erwe opgemeet en was die planne

vir 231 400 erwe reeds goedgekeur. Die goedgekeurde planne vir die oorblywende 174 000 erwe word afgewag. Alle beskikbare persele behoort egter teen 31 Desember 1985 opgemeet en die planne goedgekeur te wees.

Stappe is ook reeds gedoen om die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), te wysig ten einde swartmense in staat te stel om in verskillende dorpe grond in vrypag te bekom (RP 100/1985).

Ingevolge die huurpagstelsel kan persone die huis besit kragtens die huurpagreg, maar hulle kan nie dominium oor die grond hê nie. Daar kan met die betrokke woning gehandel word deur dit te koop, te verkoop, en na te laat. Swart persone was verder geregtig om huise volgens hulle eie planne en behoeftes en met hul eie kapitaal te bou. Na verstryking van die huurtermyn val die grond egter terug na die staat.

Die kwessie van die besitreg van grond deur swartes in "blanke" stedelike gebiede, was een van die hoekstene van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, vandaar die feit dat dit tans eers "genormaliseer" is met die instelling van volle eiendomsreg.

(c) Ondernemerskap

Voor 1978 was die grootte en tipe sake-onderneming en die reg om dit te bedryf, in swart woongebiede aan talle beperkings onderhewig. Hierdie beperkings kan teruggevoer word na die veronderstelling dat die swartes geen permanente deel van die blanke Suid-Afrika uitmaak of sou uitmaak nie. Gesien teen hierdie agtergrond het dit sin uitgemaak om hul ondernemerskap na die nasionale state te kanaliseer waar hulle 'n bydrae kon lewer tot die ontwikkeling van die gebied en die gemeenskap. Verder was daar politici wat openlik die standpunt ingeneem het dat dit nie vir die swartes alte voordelig gemaak moes word in die blanke stedelike gebiede nie, anders sou hulle minder gretig wees om hulle in die nasionale state te gaan vestig (Beeld, 13 Februarie 1982 : 6). Gevolglik is die vestiging van onder meer sake-ondernemings in die swart woongebiede beperk.

Die gebrek aan kleinhandelsgeriewe in die swart woongebiede kan egter nie suiwer aan bepalings van owerheidskant toegeskryf word nie. Benewens die sosiaal-sielkundige faktor wat 'n rol speel, dikteer die evolusie van kleinhandelstrukture dat boekwinkels wat geriefsgoedere verkoop eerste in woongebiede vestig. Hierna ontstaan buurtsentra, gevolg deur voorstedelike sentra en streeksentra. Gesien teen hierdie agtergrond is die swart woongebiede steeds in die proses om by die kleinhandelstruktuur op stadsvlak in te skakel. Hierbenewens is kleinhandel vir alle praktiese doeleindes geheel en al gedereguleer en geld die beperkings van vroeër nie meer nie.

(2) Politieke terrein

Politieke deelname deur die onderskeie rassegroepe in Suid-Afrika voor 1983 was nog altyd in afsonderlike strukture geakkommodeer, behalwe vir die tydperk voor 1936 toe die swartes, en 1956 toe die kleurlinge in die Kaapprovinsie op die gemeenskaplike kieserlys gestem het.

Die swartes moet tans nog hul politieke regte in die nasionale en self-regerende state uitoefen. In die politieke uitsluitingsproses is die swartes se burgerskapregte in die verlede in 'n groot mate gemanipuleer deurdat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap verloor het wanneer hul nasionale staat onafhanklikheid aanvaar het. Met die onafhanklikwording van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei het sowat 8 miljoen swartes langs hierdie weg hul Suid-Afrikaanse burgerskap verloor.

Sommige van die nasionale state mag weliswaar nooit onafhanklik word nie, in welke geval politieke uitsluiting via onafhanklikwording nie moontlik is nie. In hierdie geval vind politieke/ekonomiese uitsluiting plaas deur behuising buite die voorgeskrewe gebiede en oorkant die grens in die nasionale state te voorsien.

Tydens die opening van die parlement op 31 Januarie 1986 het die Staatspresident sekere maatreëls, insluitende die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls, in die vooruitsig gestel wat daarop gemik is om die uitsluiting van swartes op politieke en ekonomiese terrein te

verminder. Op 1 Julie 1986 is die burgerskap herstel van swartes wat permanent in die RSA woon, maar wat hul burgerskap verbeur het ingevolge die voorwaardes van onafhanklikheid van die TBVC-lande.

3.2.3 Isolasie

Die interpersoonlike skeiding tussen rasse-groepe en meer spesifiek tussen die blankes en die swartes in Suid-Afrika, was van vroeg af onderhewig aan die een of ander vorm van regulering ten einde die verlangde fisiese afstand tussen hulle te bewerkstellig. Hierdie feit het neerslag gevind in die vorm van behuising en die residensiële isolasie van die onderskeie rasse-groepe.

Die swartes is beperk tot lokasies wat aan die buitewyke van die stedelike nedersettings geleë was en so ver as moontlik buite sig geplaas is (Christopher 1984 : 73). Die eerste lokasie in Suid-Afrika is in 1825 deur die Londense Sendinggenootskap in Port Elizabeth afgebaken gevolg deur die munisipaliteit van Port Elizabeth wat in 1855 die eerste van 'n reeks lokasies afgebaken het met die oog op die beheer en segregasie van die swartes in die stad (Christopher 1984 : 74). Aan die begin van die sestigerjare van die vorige eeu is daar selfs 'n lokasie deur private ondernemers in Port Elizabeth ontwikkel (Christopher 1983 : 146) ingevolge die "Native Location Act" van 1884 (Scholtz 1968 : 173). Durban, Port Elizabeth en Johannesburg het spoedig gevolg "... where sites for African housing were selected at some distance from the European city" (Christopher 1983 : 146).

Wetgewing in hierdie verband in die noorde dateer uit dieselfde tydperk, want "... in 1885 legislation was enacted in the Transvaal Republic to create separate residential areas for the various population groups" (Nell 1986 : 1). 'n Vroeë kaart van Johannesburg gedateer 1897, toon dan ook die ligging van 'n "kafir location", 'n "native location" en 'n "coolie location" (kyk Morris 1980 : 8). Eersgenoemde twee terme het op dieselfde bevolkingsgroep betrekking, en die verskil in terminologie kan waarskynlik aan 'n verandering in benaming toegeskryf word. Uit die ligging van die onderskeie gebiede, kan afgelei word dat die "kafir location" eerste daar moes gewees het. Benewens

die lokasies, is swartes tot kampongs beperk. Uiteraard was dit veral myne wat groot getalle trekarbeiders op hierdie wyse gehuisves het.

Die residensiële skeiding tussen rassegroepe, en meer spesifiek nog tussen blankes en swartes, is 'n algemene kenmerk van die Suid-Afrikaanse stad met 'n lang geskiedenis en is nie slegs sedert 1948 deur wetgewing teweeggebring soos deur sommige kritici voorgegee wil word nie.

3.2.4 Dominasie

Verskeie skrywers meen dat die dominasie van die anderkleuriges 'n doelstelling van die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlikheid is.

Dit is uiteraard debatteerbaar of die dominasie van die anderkleuriges ooit 'n oogmerk van regeringsbeleid was. Afsonderlike en parallelle ontwikkeling was immers gerig op die uiteindelijke gelykeberegting van alle groepe in die land. Hiervolgens sou die nasionale state onafhanklik word en saam met Suid-Afrika 'n gemenebes van nasies vorm.

Ten einde die gestelde doelwitte van regeringsbeleid te bereik, was dit vanselfsprekend oor die kort en die middel termyn nodig om ingrypende stappe te doen, soos onder meer om mense te hervestig, afsonderlike politieke en staatkundige strukture te skep en dies meer. Die besluite hieromtrent is geneem deur 'n oppermagtige blanke Parlement (Hoofkomitee 1985 : 54) en die uitvoering is vergemaklik deur die feit dat die anderkleuriges oor weinig betekenisvolle politieke mag beskik het, en oor ewe min ekonomiese mag wat as teenwig kon dien vir die gebrek aan politieke inspraak.

Wanneer hierdie feite in ag geneem word, kan dit nie ontken word nie dat dominasie van die anderkleurige groepe in die proses ontwikkel het, en inderdaad voorgekom het. Enige besluit wat oor die lot van ander groepe geneem word, en die skepping van strukture om dit te akkommo deer, kom neer op dominasie in die eng sin van die woord. Dominasie as sodanig was egter nie 'n oogmerk van regeringsbeleid nie, maar 'n neweproduk. Soos reeds gestel, was dit vir die Regering nodig

om ingrypende stappe oor die kort en middel termyn te doen en dit was onvermydelik dat hierdie middel-tot-'n-doel-stappe, as dominasie vertolk sou word.

In die voorgaande is die beperkende voorwaardes bespreek waarbinne swart woongebiede in die RSA en die nasionale state tot stand gebring is. Vanweë die aard daarvan het dit noodwendig bygedra tot die ontwikkeling van 'n eiesoortige struktuur van die betrokke woongebiede. Hierdie struktuur word in die volgende afdeling bespreek.

3.3 EIESOORTIGE KENMERKE VAN DIE STRUKTUUR VAN SWART WOONGEBIEDE

Die eiesoortige eienskappe van swart woongebiede word onder die volgende agt hoofde bespreek, te wete afstand, integrasie, ruimte, onvolledigheid, grondwaardes, die eiendomsmark, mobiliteit en lewenskwaliteit.

3.3.1 Afstand

Een van die opvallendste kenmerke van die Suid-Afrikaanse stad is die lang afstande wat die anderkleurige werkers daagliks na hul werkplekke in die blanke gedeeltes van die stad (die kern) moet aflê. Die feit dat die lae-inkomstegroepe die lang afstande moet aflê verteenwoordig presies die teenoorgestelde situasie as in Westerse stede waar hierdie groepe neig om so na as moontlik aan hul werkplek te vestig.

Die lang afstande en die sosio-ekonomiese posisie van die inwoners van die swart woongebiede, noodsaak hulle om van openbare vervoer gebruik te maak.

Die swart woongebiede beskik boonop oor onvoldoende kleinhandelsgeriewe en die inwoners moet gevolglik ook na die kern reis om inkope te doen. Alhoewel die koste van openbare vervoer deur die staat gesubsidieer word, plaas reiskoste 'n las op die inwoners van hierdie gebiede.

Die groot afstand tussen die swart woongebiede en die kern het ook lang pendeltye tot gevolg. In Soweto is die gemiddelde stasie-tot-stasie reistyd na werk gemiddeld 85 minute terwyl dit vir die meer afgeleë

woongedeeltes 130 minute is (Morris 1980 : 85). Tans reis meer as 400 000 pendelaars (insluitende grenspendelaars) verder as 30 km per dag. Twintig persent van alle swart pendelaars reis tussen 3,5 en 7 uur per dag of 'n gemiddeld van 4,5 uur per dag, wat meer as die helfte van 'n gemiddelde werksdag is. Die orige 80 % reis gemiddeld 2,5 uur per dag (PR 3/1985 : 95).

3.3.2 Integrasie

Die swart woongebiede is binne die stedelike sisteem tot stand gebring maar is nie op 'n planmatige wyse daarby geïntegreer nie. Hierdie toestand is grotendeels die gevolg van die ontkenning van, en die onsekerheid aangaande die verblyfreg van die swartes in die stedelike gebiede (Badenhorst 1980 : 105). As gevolg hiervan is daar nie genoeg aandag geskenk aan die skepping en uitbouing van strukture vir die bestuur, finansiering en ontwikkeling van hierdie gebiede nie.

Die bestuur en administrasie van die swart woongebiede was voor die instelling van streekdiensterade gesetel in afsonderlike strukture wat regstreeks met die sentrale owerheid geskakel het. Op plaaslike bestuursvlak is swart plaaslike besture ingestel, wat slegs plaaslik 'n mate van seggenskap, maar geen skakeling op metropolitaanse vlak gehad het nie.

3.3.3 Ruimte

Omdat daar gemeen is dat die inwoners van die swart woongebiede slegs tydelik daar woon, is weinig voorsiening vir die uitbreiding van die swart woongebiede gemaak. Vanweë hierdie uitgangspunt het die klem op die voorsiening van huisvesting vir enkellopendes (hostelle) geval en is die voorsiening van gesinswonings nie net afgeskeep nie, maar sedert 1968 selfs ontmoedig (kyk par. 3.2.2 (1)(b)(i)).

Met die uitsondering van die Oos-Kaapse Ontwikkelingsraad waarvoor inligting met betrekking tot die aantal hostelbeddens nie bekend was nie, was daar in 1982 'n totaal van 395 695 goedgekeurde hostelbeddens in Suid-Afrika beskikbaar (Bekker en Humphries 1985 : 174-201). Op

dieselfde tydstip was daar sowat 'n half-miljoen (490 675) gesinswoningen, met die gevolg dat daar nagenoeg vier hostelbeddens was vir elke vyf gesinswoningen in die swart woongebiede. In sekere ontwikkelingsraadgebiede was daar sowat drie keer meer hostelbeddens as gesinswoningen. Hieronder ressorteer die Wes-Kaap (2,9) en Port Natal (3,2), terwyl die kleinste verhouding (0,2) in die Noord-Kaap voorgekom het.

Volgens die Presidentsraad (PR 3/1985 : 120) woon daar gemiddeld tussen 6 en 16 persone per viervertrekhuus in die swart woongebiede. Volgens dieselfde bron het die behoefte aan behuising in die swart woongebiede in die RSA in 1984 op 260 000 eenhede te staan gekom. Op dieselfde tydstip het die tekort aan behuising in geproklameerde dorpe in die nasionale state 24 795 eenhede beloop en is die totale behoefte aan behuising vir swartes in die RSA vir die tydperk 1980 tot 1986 op 885 000 eenhede beraam.

3.3.4 Onvolledigheid

Die teenwoordigheid van die swartes in die blanke stedelike gebiede is eers in 1978 as synde permanent verklaar. Voor hierdie datum is hulle aangemoedig om hul ondernemerskap en kapitaal in die ontwikkeling van die nasionale state aan te wend, eerder as om dit in hul 'tydelike' verblyfplek te doen.

Alhoewel hierdie beperkings sedert 1978 opgehef is, kan die gebrek aan toereikende kleinhandelsgeriewe deels hieraan toegeskryf word. Die gebrek aan kleinhandelsgeriewe het tot gevolg dat die swart woongebiede van die blanke en in 'n mindere mate van die Indiër-sakekerne afhanklik is. So is byvoorbeeld bereken dat 70 persent van die bestebare inkomste van Soweto buite die gebied, hoofsaaklik in die SSG van Johannesburg bestee word (Morris 1980 : 108). Afgesien van die ongeriefsfaktor, is die koste-implikasies wat hierdie toestand vir 'n bevolking met 'n lae inkomste en mobiliteit inhou, voor-die-hand liggend.

Die swart woongebiede beskik insgelyks oor min werkgeleenthede en die inwoners van hierdie gebiede werk meestal in die blanke gebiede. In

die opname wat die RGN onder inwoners gedoen het (RGN 1985a), is bevind dat 62,6 persent in blanke gebiede werksaam is.

3.3.5 Grondwaardestruktuur

Grondwaardes hou verband met grondgebruik, digtheid en met sekondêre verskynsels soos onder meer tipe woning en gesinstruktuur. In swart woongebiede speel relatiewe toeganklikheid egter 'n beperkte rol in die bepaling van grondwaardes. Die rede hiervoor is dat so te sê alle grond in hierdie gebiede in owerheidsbesit is.

Vanweë die ongedifferensieerde grondwaardestruktuur is grondgebruik in 'n groot mate ongedifferensieer en is daar min aanmoediging om persele vir spesifieke doeleindes te ontwikkel. Gevolglik is sekere persele onderbenut en is huise ongedifferensieerd in terme van tipe, prys en grootte.

In teenstelling met die hoër grondwaardes in die blanke kern is digthede in die swart woongebiede nie net uniform nie, maar ook aansienlik hoër. So beloop die netto bevolkingsdigtheid in Soweto byvoorbeeld 100 persone per hektaar teenoor die 23 persone per hektaar in Johannesburg (Morris 1980 : 29).

Waar belasting in die kern op grondwaarde, verbeteringswaarde of 'n kombinasie van die twee gehef word, word slegs 'n uniforme huur en dienstegeld in die swart woongebiede gehef, wat bydra tot die gebrekkige finansiële basis van die gebied.

3.3.6 Die eiendomsmark

In die lig van paragraaf 3.3.5 is dit logies om te verwag dat die eiendomsmark in swart woongebiede verwing sal wees.

Na aanleiding van die instelling van die 99-jaarhuurpagskema (vrypag met ingang 1 Oktober 1986) kan egter verwag word dat 'n eiendomsmark in die swart woongebiede mettertyd sal ontwikkel. Die staat het op 1 Julie 1983 'n veldtog van stapel gestuur om die wonings in swart

woongebiede aan die huidige huurders daarvan te verkoop. Op 1 Julie 1986 is slegs 44 555 eenhede, ofte wel sowat 13 % van die beskikbare voorraad van die hand gesit (Weiss 1986).

3.3.7 Mobiliteit

Residensiële mobiliteit in die swart woongebiede is uiters beperk as gevolg van die feit dat:

- . behuising gekoppel was aan die reg om in die stad te mag woon en te werk
- . daar 'n nypende tekort aan behuising bestaan, en
- . dat die toekenning van behuising aan die hand van waglyste geskied.

Keuse met betrekking tot bure en gemeenskapsfasiliteite bestaan vir alle praktiese doeleindes nie. Vanweë die verwantskap tussen residensiële mobiliteit en sosiale mobiliteit word die opwaartse sosiale mobiliteit van die inwoners van die swart woongebiede aan bande gelê, ondanks hul verbetering op ander terreine soos onder meer die opvoedkundige terrein.

3.3.8 Lewenskwaliteit

Lewenskwaliteit staan nie noodwendig in direkte verhouding tot die kwaliteit van die fisiese omgewing nie. Aanduidings is dat die lewenskwaliteit in die swart woongebiede nie in ooreenstemming met dié van die fisiese kwaliteit is nie, ondanks die hoë strukturele gehalte daarvan. Ontspanningsgeriewe en gemeenskapsfasiliteite soos skole, klinieke, poskantore, gemeenskapsale is meestal ontoereikend en 'n oorbewoning van wonings is aan die orde van die dag. Hierbenewens is die voorkoms van misdaad en ander sosio-patologiese verskynsels hoog en werkloosheid en armoede kom redelik algemeen voor (Badenhorst 1985 : 83). In hierdie opsig neig die omgewing na Derdewêreldomstandighede in teenstelling met die Eerstewêreldkenmerke van die fisiese omgewing. Die persepsies van die inwoners ten opsigte hiervan word in hoofstuk 4 bespreek.

3.4 GRONDGEBRUIK EN DIE ORDENING VAN GRONDGEBRUIK IN SWART WOONGEBIEDE

In paragraaf 3.2 is die wetlik-administratiewe raamwerk bespreek waarbinne swart woongebiede in die RSA (en die nasionale state) tot stand gebring is. Tydens die bespreking is telkens daarop gewys dat die maatreëls wat die totstandkoming van die woongebiede bepaal het, intussen afgeskaf is of andersins drasties gewysig is. Ondanks hierdie feit is verder daarop gewys dat die uitreiking van hierdie maatreëls steeds ruimtelike nagevolge vir die struktuur van die Suid-Afrikaanse stad inhou. Gegewe dat die kenmerke van die samelewing in die struktuur van die stad weerspieël word, volg dit vanself dat veranderinge in die samelewing nie oornag uitdrukking in die struktuur van die stad vind nie.

Uit die bespreking het die gereguleerde aard van die swart woongebiede insgelyks baie duidelik geblyk. Hierdie aard is die direkte gevolg van die beperkende voorwaardes waarbinne die swart woongebiede tot stand gebring is. Hierdie voorwaardes was in sommige gevalle hoogs voorskriftelik.

Die toekenning van grondgebruik en die plasing daarvan in die swart woongebiede is gebaseer op die beginsel van basiese behoefte en 'n minimalisering van afstand. So is daar byvoorbeeld een primêre skool vir x aantal woonpersele voorsien en y aantal sekondêre skole vir elke z aantal primêre skole. Die ordening daarvan is bepaal deur die beginsel dat die fasiliteit so sentraal moontlik geleë moet wees met betrekking tot die bedieningsgebied daarvan. Dieselfde beginsel het gegeld met betrekking tot al die ander aktiwiteite in swart woongebiede, soos onder meer besighede. Sekere aktiwiteite was tot redelik onlangs òf uitgesluit uit swart woongebiede òf andersins aan streng bepalinge onderhewig. So was handel in ander goedere as geriefsgoedere een van die aktiwiteite wat aan streng beperkings onderhewig was.

Die stigting van swart dorpe is deur een sentrale staatsdepartement hanteer en min of meer uniforme beplanningstandaarde is in die proses toegepas. Derhalwe vertoon swart woongebiede onderling 'n sterk ooreenkoms in soverre dit straatwydtes, erfgrottes, aard en hoeveelheid

fasiliteite per x aantal erwe, die hoeveelheid oopruimtes en dies meer betref. Wat vir een swart woongebied geld, geld byna noodwendig vir al die ander swart woongebiede.

'n Groot leemte in die beplanning van swart woongebiede tot op hede is dat daar selde, indien ooit, behoorlike terugvoering na die beplanners geskied het met betrekking tot die werksaamheid van hul voorstelle wat ruimtelik in die woongebiede vergestalt is. Hierdie ondersoek verteenwoordig gevolglik baanbrekerswerk deurdat dit op 'n objektiewe wyse terugvoering verskaf aangaande die inwoners van die swart woongebiede se persepsie van grondgebruik-aktiwiteite en die ordening daarvan in hul omgewing. Die algemene bevinding, naamlik dat swartes se persepsie van hierdie sake tipies Westers, maar grondliggend lae-inkomste van aard is, verteenwoordig inderdaad belangrike bevindings in die veld van swart woongebiedontwikkeling. As sodanig ruim dit nie net wanopvattinge aangaande die oriëntasie van die stedelike swartes uit die weg nie, maar noop dit beplanners en besluitnemers om opnuut oor die aangeleentheid te besin (kyk hoofstuk 4).

Vanweë die persepsie van die swart inwoners aangaande grondgebruik en die ordening daarvan, kan daar 'n duidelike en sterk saak vir grondgebruikbeheer in swart woongebiede in beide die RSA en die nasionale state, uitgemaak word. Een so 'n beheermaatreël, tewete sonering word in die volgende afdeling bespreek.

3.5 SONERING

Die begrip sonering verwys na die beheer oor die gebruik van grond deur die owerheid. Die beheer geld nie net ten opsigte van die gebruik van grond as sodanig nie, maar ook met betrekking tot die digtheid van die gebruik. Gevolglik word sowel die kwaliteit, soort gebruik en die hoeveelheid daarvan, deur sonering beheer.

Waar grondgebruik per se as die de facto-gebruik van 'n spesifieke perseel beskou kan word, kan sonering meer as die de jure-gebruik gesien word. Om voor die handliggende redes, hoef die twee nie noodwendig ooreen te stem nie.

3.5.1 Die ontstaan van sonering

(1) Die industriële rewolusie

In die tydperk wat die industriële rewolusie voorafgegaan het, het groei in stede stadig en sonder inmenging van die owerheid plaasgevind. Ambagsmanne het hul beroepe in 'n werkswinkel in of agter hul huise beoefen en min geraas of hindernis vir ander veroorsaak. Die industriële rewolusie en die snelle verstedeliking wat daarmee gepaard gegaan het, het egter tot groot probleme aanleiding gegee. Floyd skryf: "Met die koms van die fabriek met sy konsentrasie van mense, produksie en verkeer sowel as rook, het die toestand verander en dit het 'n groot hindernis in woongebiede geword" (1971 : 16).

Die ontstaan van sonering ná die industriële rewolusie het hoofsaaklik voortgespruit uit wetgewing wat ingestel is om nadelige gesondheidstoestande te bekamp en op so 'n wyse te verhoed dat die stedeling blootgestel word aan epidemies wat uit onhigiëniese toestande kan voortspuit.

(2) Noord-Amerika

Voor die instelling van sonering in 1916 in die VSA is grondgebruik deur die Gemeenregtelike Leerstuk van Hindernis gereël, die sogenaamde 'Common law doctrine of nuisance'. Hiervolgens kon 'n grondeienaar stappe teen sy buurman doen "... if the latter let loose noxious fumes, smell, or dust upon his land" (Pooley 1961 : 40).

Die Hindernisreg maak ook onderskeid tussen private en openbare hindernisse. 'n Private hindernis affekteer slegs 'n klein groepie mense. Hierteenoor staan openbare hindernisse: "Where a person commits a nuisance which, by being maintained in or near a public highway, or in a thickly settled community, injuriously affects the whole community, he has committed a public nuisance, a misdemeanor at common law" (Pooley 1961 : 41). 'n Openbare hindernis werk dus steurend op die hele gemeenskap in.

Met die groei van die owerheidsmagte en die uitbreiding en toepassing daarvan op plaaslike, staats- en federale vlakke, asook die konsentrasie van nywerhede met hul arbeidsmag in groot stedelike gebiede, het die instelling van 'n vorm van publieke beheer van private grondgebruik noodsaaklik geword. Die Hindernisreg was nie gesofistikeerd genoeg om te voldoen aan die behoeftes van die snelgroeiende metropolis nie en het tot die instelling van die eerste omvattende soneringsordonnansie in 1916 aanleiding gegee (Pooley 1961 : 41).

Hierdie vroeë sonering is selde deur 'n meesterplan voorafgegaan. Die uitwerking van fisiese, ekonomiese en sosiale faktore is selde bestudeer. Die opstel van 'n soneringskaart het eenvoudig bestaan uit die trek van distriksgrense op 'n munisipale straatkaart. Die primêre doel van hierdie vroeë soneringsordonnansies in Amerika was slegs om die enkelgesin-gebiede te beskerm en grondwaardes te stabiliseer (Rademeyer 1976 : 3).

(3) Suid-Afrika

Die dorpsaanlegskemas van Transvaal kan beskou word as 'n bloedverwant van die Britse grondgebruikstelsel as gevolg van die noue kontak wat hierdie lande met mekaar gehad het toe die dorpsaanlegskema as grondgebruikbeheerstelsel in Transvaal ingevoer is.

Gesentraliseerde gesag wat kenmerkend was van die feodale stelsel in Europa, is ook in die Zuid-Afrikaanse Republiek nagevolg. Die reg tot dorpstigting is aanvanklik deur die staat voorbehou. "Hierdie voorbehoud was algemeen deur die volk erken, met die gevolg dat wetgewing nie nodig was om die reg tot dorpstigting vir die staat te reserveer nie" (Van der Hoven 1967 : 3). Die reg tot dorpstigting het tot die jaar 1902 in die staat gesetel.

Met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1871 was daar 'n toestroming na die stedelike gebiede deur mense van die platteland en ook uit die buiteland.

Hierdie snelle verstedeliking het aanleiding gegee tot toestande wat, veral uit 'n gesondheidsoogpunt, beheer oor die verstedelikingsproses genoodsaak het.

Die Dorpe Ordonnansie No 19 van 1905 maak voorsiening vir dorpstigting op private eiendom deur privaatpersone. "Hierdie afwyking van die gevestigde beginsel, naamlik dat die staat die alleenreg gehad het op dorpstigting en dan alleen op staatsgrond, gee aanleiding tot 'n nuwe era van beheer" (Van der Hoven 1967 : 6).

In 1933 is die Dorpe Ordonnansie afgekondig wat benewens dorpstigting, ook die opstel van dorpsaanlegskemas vir munisipale gebiede gemagtig het. Dié planne sou die gebruik van grond in die plek van titelvoorwaardes reël en beplan.

Daar bestaan weliswaar geen literatuur aangaande die beginsel waarop sonering in Suid-Afrika gebaseer is nie. Dit wil egter voorkom of sonering hier ter plaatse inderdaad 'n uitvloeisel van die beginsel van goeie buurmanskap is. Ingevolge die burereg mag 'n persoon niks doen wat vir sy buurman tot hindernis of oorlas strek nie, in welke geval hy hom op die gereg kan beroep.

3.5.2 Die doel met sonering

Die doel met sonering word eers in die algemeen, en dan aan die hand van twee teorieë, naamlik die eiendoms waarde- en die beplannings-teorie, beskryf.

(1) Doel met sonering in die algemeen

Die algemene doelwitte van sonering word onderskei as die beskerming van enkelgesinwonnings, beskerming van eiendoms waarde, beperking van konflik en die voorkoming van opeenhoping (Hodgell 1958 : 7).

Die beskerming van enkelgesinwonnings was die primêre doelwit van die vroeëre soneringsordonnansies. Hierdie doelwit is vandag nog oorheersend, alhoewel soneringstegniek in alle opsigte dramatiese veranderinge

ondergaan het. In dié verband skryf Hodgell: "An important purpose of zoning is the safe-guarding of the home by preserving the attractiveness and protecting the environment of residential areas" (1958 : 7).

Die beskerming van eiendoms waarde is nog 'n belangrike doelwit van sonering. In gemeenskappe sonder sonering maak die onstabiliteit van residensiële distrikte 'n belegging in 'n huis 'n riskante onderneming en ontmoedig gevolglik huiseienaarskap. In nywerheidsgebiede kan industriële ontwikkeling ook deur onstabiliteit ontmoedig word. Dit kan selfs veroorsaak dat bestaande nywerhede gedwing word om te verskuif. Die vestiging van nie-konformerende gebruike in dele van besigheids-, nywerheids- en selfs residensiële gebiede veroorsaak dat geboue onbruikbaar raak.

Die beperking en voorkoming van opeenhoping is nog 'n belangrike doel met sonering. In talle gemeenskappe verteenwoordig bogenoemde 'n baie ernstige probleemarea. Opeenhoping van bevolking word veroorsaak deur 'n te hoë intensiteit van grondgebruik en daaruit vloei straat- en verkeeropeenhoping weer voort.

Die algemene doelwit van sonering word deur Makielski (1966) as volg saamgevat:

- . om die gesondheid, veiligheid en welvaart van die inwoners van 'n stedelike gebied te bevorder,
- . om die stad se ekonomie aan te moedig,
- . om sosiale waardes te beskerm, en
- . om rasionaliteit in die huidige en toekomstige ontwikkeling van die stad te skep.

(2) Die eiendoms waarde-teorie

Soms word daar na hierdie teorie verwys as negatiewe sonering. Die basiese aksioma van die teorie word soos volg beskryf: "... each piece

of property should be used in the manner that will insure that the sum of all pieces of property will have maximum value, as determined by market forces" (Babcock 1969 : 117). Met ander woorde, elke eiendom moet op die voordeligste wyse gebruik word sonder om 'n afname in die totale waarde van alle eiendomme teweeg te bring. Hierdie doel kan bereik word deur die ontstaan van 'hindernisse' te verbied (Babcock 1969 : 118).

Alhoewel die voorstanders van die teorie in die werking van vryemarkkragte glo, is hulle sterk aanhangers van sonering. Hierdie paradoks kan slegs verstaan word indien besef word dat die 'regte' sonering van eiendom onder hierdie teorie deur markkragte bepaal word. Sonering is dus slegs 'n hulpmiddel tot die markmeganisme, want in die natuurlike werking van vraag en aanbod beskerm sonering die mark teen inherente gebreke. Bykomstig tot die teorie skryf Babcock egter: "... planners tend to be meddlers who, by their tinkering, upset the natural market force" (1969 : 117). Dunham (soos aangehaal deur Babcock) skryf in dié verband: "The public may take (regulate) ... but the public need not compensate an owner when it takes (restricts) his privileges of ownership in order to prevent him from imposing a cost upon others; but when the state takes (uses or restricts) his property rights in order to obtain a public benefit it must compensate him" (1969 : 118). Enige beheer deur 'n munisipaliteit oor privaatgrond word dus geregverdig deur die plaaslike owerheid se doelwitte, maar ontwikkeling kan nie verbied of beheer word sonder vergoeding as dit nie 'n direkte en teenstrydige impak op aangrensende grond het nie.

Daar is twee probleme aan hierdie mark-georiënteerde teorie verbonde (Babcock 1969 : 119).

- Volgens hierdie teorie is enige grondgebruik wat die waarde van aangrensende eiendom verminder 'n 'hindernis'. 'n Blynde konsentrasie op eiendoms waarde kan egter veroorsaak dat ander faktore wat sou aandui dat die aangrensende eiendom nie geregtig is op beskerming nie, oor die hoof gesien word.

- Die tweede probleem met die eiendoms waarde-teorie is dat die omvang van die 'publiek' wie se belange 'n mate van publieke beperking op die vryemarkkragte regverdig, nie gedefinieer word nie.

(3) Die beplanningsteorie

Sommige skrywers verwys na hierdie teorie as positiewe sonering. Sonering speel hier 'n rol in die uitvoering van sekere aspekte van 'n komprehensiewe plan, byvoorbeeld: "... beplanning ter bewaring van publieke gesondheid, veiligheid, morele standaard, gerief en algemene welvaart. Dit dek 'n wye veld: openbare fasiliteite, verskaffing van die regte oppervlakte, grond vir die regte gebruike, regulering van tyd van ontwikkeling, bewaring van kenmerke van gebruiksdistrikte, beperking van verkeerskongestie, parkeer- en toeganklikheidsprobleme, selfs ras en etniese skeiding. Dus alle aspekte met ekonomiese, politieke en sosiale doelwitte" (Rademeyer 1976 : 5).

Sonering vir bogenoemde doelwitte maak egter inbreuk op eiendomsregte, want hier is nou nie meer direk sprake van 'n 'hindernis' sodra eiendoms waarde beïnvloed word nie. Die aspek van kompensasie word hierdeur te berde gebring in die sin dat dit nie nou so vanselfsprekend is nie. Indien die beplanning bedoel is om nie net fisiese doelwitte nie, maar ook sekere sosiale en politieke doelwitte te bereik, is sonering baie effektiewer as wat dit op die oog af lyk. In dié sin is sonering 'n positiewe krag wat die karakter van die munisipaliteit vorm. Dit is egter nie 'n negatiewe instrument soos die eiendoms waarde-teorie nie.

3.5.3 Werkwyses van sonering

Wysigingsrade, spesiale permitte, floterende sonering, kontrak-sonering en eenheidsontwikkeling is almal werkwyses wat gevolg word ten einde vorm en beslag aan sonering te gee.

3.5.4 Soneringsmasjinerie

Daar bestaan twee instrumente waarkragtens sonering ten uitvoer gebring kan word, te wete dorpsbeplanningskemas en serwitute.

(1) Dorpsbeplanningskemas

Dorpsbeplanningskemas dien as instrument vir grondgebruiksafbakening. Verder beheer en koördineer 'n skema ook die breë raamwerk vir nuwe ontwikkeling of uitbreiding van bestaande dorpe en stede. Botha (1978 : 14) beskryf 'n dorpsbeplanningskema as "... 'n wettige omvattende plan van 'n plaaslike owerheidsgebied (of 'n gedeelte daarvan) waarvolgens elke erf of gebied wat andersins gedefinieer kan word, sy eie spesifieke gebruikstoesegging (of sonering) het wat duidelik gespesifiseer is in 'n afsonderlike stel regulasies." Die belangrikste doelwit van 'n skema is dat dit die algemene welsyn, gesondheid, gerief, veiligheid, orde en aantreklikheid van 'n skemagebied en sy gemeenskap moet bevorder. Al die doelwitte verder af in die hiërargie spruit uit hierdie primêre doelwit.

'n Tweede doelwit van 'n skema is dat dit aan die ontwikkelingsbeleid van 'n plaaslike gebied beslag moet gee.

Die skema het derdens 'n kommunikasiefunksie. Die ontwikkelingsbeleid van die plaaslike bestuur word daarin vervat en hierdie inligting moet aan betrokkenes bekend gestel word.

'n Vierde doelwit van 'n dorpsbeplanningskema is dat dit statutêre beslag aan die beheer van grondgebruike gee.

Vyfdens maak 'n skema voorsiening vir vooruitbeplanning van grondgebruike in 'n dorp. In hierdie konteks impliseer beplanning die ruimtelike ordening van grondgebruike en infrastruktuur vir 'n sekere termyn in die toekoms.

'n Laaste doelwit van 'n skema is dat dit vir die beheer van grondgebruike in 'n dorp voorsiening maak.

(2) Serwitute

'n Serwituut of diensbaarheid is "'n saaklike reg op die saak van iemand anders wat aan die reghebbende bepaalde en omskrewe genots- en

gebruiksbevoegdheids ten aansien van daardie saak verleen en wat aan 'n bepaalde persoon of grondstuk verbonde is" (Van der Merwe 1979 : 322).

Só 'n bevoegdheidsuitoefening maak dus in meerdere of mindere mate inbreuk op die bevoegdheids wat uit 'n eienaar se eiendomsreg spruit (Delpont en Olivier 1981 : 495).

Na gelang daarvan of 'n serwitut tot voordeel van 'n bepaalde gedeelte grond of 'n bepaalde persoon strek word daar onderskei tussen erfdiensbaarheids en persoonlike diensbaarheids.

(a) Erfdiensbaarheids

'n Erfdiensbaarheid is 'n saaklike reg wat aan die eienaar van die stuk grond 'n ewigdurende omskrewe gebruiks- en genotsreg ten opsigte van 'n naburige stuk grond verleen (Van der Merwe 1979 : 329). 'n Erfdiensbaarheid is dus streng verbonde aan twee stukke grond, die heersende en dienende erf, en strek altyd tot voordeel van die persoon wat op 'n betrokke tydstep die eienaar van die heersende erf is.

(b) Persoonlike diensbaarheids

Anders as erfdiensbaarheids, strek persoonlike diensbaarheids nie in die eerste plek tot voordeel van die heersende stuk grond nie, maar wel tot voordeel van 'n bepaalde persoon. Uiteraard is die duur van persoonlike diensbaarheids dan ook beperk tot die leeftyd van die bevoordeelde. In die geval van 'n regspersoon duur 'n persoonlike serwitut honderd jaar.

(c) Beperkende voorwaardes

'n Tipies Suid-Afrikaanse erfdiensbaarheid is die beperkende voorwaardes wat geregistreer word teen die titelakte van grond wat ingevolge 'n dorpsontwikkelingskema verkoop word. Sodanige registrasie vestig negatiewe serwitute sowel ten gunste as ten laste van alle erwe wat deel vorm van die skema.

Dit is 'n ou verskynsel in ons gemene reg dat 'n verkoper en koper in die koopkontrak 'n beperkende bepaling kan voeg (Joubert 1960 : 174). Die beperkende bepalings kan hoogs uiteenlopend van aard wees omdat die gebruiksreg of genotsreg wat eiendomsreg aan 'n eienaar van 'n saak verleen so omvangryk en onbepaald van aard is.

Beperkende voorwaardes speel 'n groot rol by die ontwikkeling van nuwe dorpsgebiede. Onderhewig aan die goedkeuring van die plaaslike owerheid kan uiteenlopende bepalings aan die verkoop van nuwe erwe geknoop word. Voorbeelde van beperkende voorwaardes wat in koopkontrakte gevoeg en dan teen die titelaktes van grond geregistreer word, sluit in: 'n verbod op onderverdeling, 'n verbod op die oprigting van sekere tipes geboue soos woonstelle, woonhuise, sakelokale of stalle, 'n verbod op handeldryf in die algemeen of 'n verbod op 'n bepaalde vorm van handeldryf soos drankhandel en 'n verbod op die bewoning van erwe deur 'n bepaalde ras (Joubert 1960 : 175; Van der Merwe 1979 : 357).

Uiteraard kan hierdie beperkende voorwaardes die karakter van 'n woonbuurt bepaal. 'n Verbod op onderverdeling, die oprigting van meer as een woonhuis op 'n perseel en enige vorm van handel kan byvoorbeeld 'n rustige woonbuurt waarborg en die betrokke persele aantrekliker maak vir voornemende kopers. "Dit het dan ook 'n groot advertensiewaarde om die beperkende bepalings wyd en syd te adverteer wanneer die hoewes of erwe aan lede van die publiek te koop aangebied word. Want dan kan 'n potensiële koper sien dat dit 'n blanke woonbuurt gaan wees en dat daar nooit 'n drankwinkel, 'n woonstel, ensovoorts, op sy bure se grond opgerig sal word nie" (Joubert 1960 : 175).

In Suid-Afrika word beperkende bepalings bloot as sodanig teen die titelaktes van die dienende grond geregistreer sonder om te vermeld wie die reghebbende is (Delpont en Olivier 1981 : 615). Uit die titelaktes kan nie afgelei word of die beperkende voorwaardes slegs ten gunste van die oorspronklike verkoper (persoonlike serwituut) of ten gunste van alle ander erfeienaars (in welke geval dit as 'n erfdiensbaarheid beskou kan word) geld nie. Dit blyk egter uit hofuitsprake dat beperkende voorwaardes teen die titelaktes by die verkoop en oordrag van grond 'n serwituut ten gunste van alle huidige en toekomstige erfeienaars kan vestig, mits al die erwe afkomstig is van een eienaar,

al die erwe ooreenkomstig die ontwikkelingskema aan dieselfde beperkings onderhawig is, die beperkings tot voordeel van al die eienaars en erwe in die skema is (Joubert 1960 : 175-83; Van der Merwe 1979 : 358).

In die lig van die bespreking van die rol en funksie van dorpsbeplanningskemas is dit duidelik dat konflik kan ontstaan in 'n stelsel waar beheer deur beide die dorpsbeplanningskema en titelaktes uitgevoer word. Die jongste tendens is dan ook om hoofsaaklik van die dorpsbeplanningskema gebruik te maak by grondgebruikbeheer. "Die titel sal egter bly voortbestaan om die baie belangrike funksie van registrasie van eiendomsreg te behou en alle serwitute wat teen die eiendom geregistreer word in die titel van die eiendom op te neem" (Van der Hoven 1967 : 29).

3.6 GRONDGEBRUIK SONDER SONERING

Daar bestaan egter ook 'n ander skool van gedagte wat meen dat sonering onnodig is en dat die vryemarkkragte toegelaat moet word om die gebruik van grond te reël.

Daar word vervolgens gelet op die argumente teen sonering vanuit hierdie oogpunt gesien en na die ondervinding van Houston wat die bekendste voorbeeld is van 'n stad wat nie ingevolge 'n soneringsplan ontwikkel het nie.

3.6.1 Die markproses

Die tipiese argument wat deur die voorstanders van sonering geopper word, is dat sonering bedoel is om te voorkom dat ondernemings met aktiwiteite wat vir ander inwoners steurend mag wees, byvoorbeeld 'n gomfabriek met onaangename reuke, in 'n woongebied gevestig word. Volgens voorstanders van die nie-soneringsbenadering bestaan daar voldoende wetgewing, hetsy spesifieke wetgewing of andersins die gemeene reg, om die inwoners van 'n bepaalde gebied teen hinderlike bedrywe te beskerm. Hierbenewens sal òf die prys van grond òf die spesifieke liggingsvereistes van bepaalde aktiwiteite hul tot sekere gebiede

beperk of uit ander gebiede uitsluit. Dit is immers 'n feit dat 'n vulstasie nie in 'n doodloopstraat in 'n woongebied sal vestig nie en dat 'n kantoorgebou nie sal vestig waar aangesigkontak nie bewerkstellig kan word nie of waar werknemers wat van openbare vervoer afhanklik is, nie kan uitkom nie.

In die moderne stad is daar vanselfsprekend 'n groot en groeiende verskeidenheid aktiwiteite waarvan die aard, liggingsvereistes en huurvermoë nie so klinkklaar is as die voorbeelde wat hierbo genoem is nie. In die geval van 'n soneringsplan sal hierdie aktiwiteite as wysigingskemas of as toestemmingsgebruike geakkommodeer moet word. In die geval van nie-sonering sal markkragte hul vestiging uitsorteer. In laasgenoemde geval berus die oordeel by die ondernemer terwyl dit in die geval van die soneringsplan grootliks by die burokraat berus.

Die "gewetenlose" ontwikkelaar figureer baie sterk in die teenargumente van die voorstanders van sonering. Die ontwikkelaar is egter ingestel op winsbejag en omdat hy nie oor die lang termyn verantwoordelik is vir die gevolge van sy optrede nie word gevrees dat hierdie ontwikkelaar byvoorbeeld 'n gebou oprig, sy wins maak, en daarna kop uittrek en die verantwoordelikheid op die plaaslike owerhede afskuif om dienste te verskaf. 'n Ontwikkelaar sal egter slegs sodanige wins realiseer indien die ontwikkeling wat hy onderneem, suksesvol verkoop- en/of verhuurbaar is en swak ontwikkelingsprojekte sal uiteraard tot 'n kleiner wins of selfs 'n verlies op die mark lei. "It is of course true that developers and lenders can make mistakes ... but the inexorable forces of profit and loss would ensure that such errors are few in number" (Block 1983 : 11).

3.6.2 'n Gevallestudie van nie-sonering: Houston, Texas

Houston is waarskynlik die bekendste voorbeeld van 'n stad wat sonder 'n soneringsplan ontwikkel het. As sodanig is Houston 'n relatief groot stad met 'n bevolking van ongeveer drie miljoen mense (Peters 1985 : 5). In 1972 was die stad in terme van bevolkingsgetalle die sesde grootste stad in die VSA en die vierde grootste wat oppervlakte betref (Siegan 1972 : 23).

(1) Beheermaatreëls

Houston beskik weliswaar nie oor 'n soneringsplan nie, maar pas nietemin sekere grondgebruik- en ander maatreëls toe wat normaalweg in 'n soneringsplan opgeneem is (Siegan 1972 : 75).

In die geval van persele wat vir enkelwoondoeleindes bestem is, is 'n stelsel van beperkende titelvoorwaardes van toepassing, terwyl sekere sekondêre beperkings bepaalde aspekte van ontwikkeling reguleer. Eersgenoemde het betrekking op die gebruik van grond terwyl die sekondêre beperkings betrekking het op die geboue, hul plasing en dies meer. In die geval waar daar nie beperkende titelvoorwaardes van toepassing is nie, kan die perseel vir sowel residensiële as nywerheidsdoeleindes gebruik word.

(a) Beperkende titelvoorwaardes ("restrictive covenants")

Alle grond in Houston wat vir enkelwoondoeleindes ontwikkel word, is onderhewig aan beperkings in die titel van die grond. Sodanige beperkings reguleer enersyds die gebruik van die grond en andersyds mag dit voorwaardes bevat met betrekking tot argitektoniese vereistes, koste van strukture, estetiese voorskrifte en dies meer. Op sigself stem hierdie beperkings ooreen met dié wat normaalweg teen die titel van grond in Suid-Afrika geregistreer is.

'n Belangrike kenmerk van die beperkende voorwaardes is dat hulle op 'n groep persele wat gesamentlik of gedeeltelik, die oorspronklike onderverdeling ("plat") verteenwoordig (bv. Houston Extension 10) betrekking het en dat hulle na 'n spesifieke tydperk verval. Hierdie looptyd wissel normaalweg tussen "... 25 to 30 years, and are renewed automatically at 10 year intervals ad infinitum, unless 51 per cent of the owners of lots (or frontage) decide to cancel or amend them prior to the end of the original or any subsequent 10 year period" (Siegan 1972 : 81). Wanneer hierdie beperkings verval of opgehef is, verval feitlik alle beheer oor die gebruik van die betrokke grond.

Die inwoners van 'n gebied wat onderhewig is aan beperkende titelvoorwaardes, kan die beperkings op drie wyses opgehef kry, "... (1) by permitting breaches of the covenants to be successful, making them in time unenforceable; (2) by having a majority agree against renewal or extension, where it is so provided, when the original or subsequent terms end; and (3) by unanimously agreeing at any time to rescind them" (Siegan 1972 : 35).

Die belangrikste verskil tussen die opheffing in beperkende titelvoorwaardes en die wysiging van 'n soneringplan, lê in die feit dat die inwoners van 'n groep erwe self kan besluit of hulle die beperkings opgehef wil hê al dan nie. In die geval van sonering moet "veranderde omstandighede" eers bewys word en kan inwoners in die omgewing insgelyks beswaar teen sodanige wysiging inbring. Aangesien wetlike besluitneming ten grondslag van sonering lê, is dit ook nie noodwendig dat die wil van die meerderheid voldoende is om die wysiging goedgekeur te kry nie (Siegan 1972 : 83).

Sodra die beperkende voorwaardes in 'n enkelwoongebied nie meer van toepassing is nie, word die gebruike van die persele suiwer deur ekonomiese oorwegings bepaal.

(b) Sekondêre beheermaatreëls

Alle onderverdelings ("plats") in Houston moet deur die City Planning Commission goedgekeur word (Siegan 1972 : 76). Sonder hierdie goedkeuring word geen boupermitte uitgereik nie.

Die regulasies wat op die onderverdelings van toepassing is, het betrekking op perseelgrootte, straatfront, boulyne, binnehowe en interne straatreserwes (Siegan 1972 : 76).

Soos by implikasie gemeld, word sekondêre beheer ook deur middel van bouregulasies ("building code") uitgeoefen. Hierdie regulasies het tipies te make met geboustandaarde, leef funksies en dies meer.

Dit kan weliswaar geredeneer word dat sommige van hierdie beperkings tipiese voorskrifte is wat gewoonlik in 'n soneringsplan opgeneem is.

Terwyl dit nie ontken kan word nie, wil dit tog lyk asof dit slegs 'n baie klein gedeelte van die beperkings in 'n tipiese soneringsplan uitmaak.

(2) Grondgebruikstruktuur

Alle inligting dui daarop dat daar weinig verskil is tussen die grondgebruikstruktuur van Houston en enige vergelykbare stad wat ingevolge 'n soneringsplan ontwikkel het (Siegan 1972 : 128 en Block 1983 : 10).

(a) Lesse te leer uit die ondervinding van Houston

Die gevolgtrekking waartoe Siegman kom na aanleiding van sy ondersoek in Houston, asmede die vergelyking daarvan met, en sy gevolgtrekkings aangaande sonering, word deur hom in 10 punte saamgevat.

- "1. Economic forces tend to make for a separation of uses even without zoning. Business uses will tend to locate in certain areas, residential in others, and industrial in still others. Apartments, however, may be built in almost any area except within an industrial one.
2. When these economic forces do not guarantee that there will be a separation, and separation is vital to maximize profits (or promote one's tastes and desires), property owners will enter into agreements to provide such protection. The restrictive covenants covering home and industrial subdivisions are the most prominent example of this.
3. Because many of the early restrictive covenants in Houston were (a) limited in duration, or (b) legally insufficient, or (c) not enforced by owners, zoning would have kept more areas as strictly single-family.
4. When covenants expire, land and properties will be used as economic pressures dictate.

5. A non-zoned city is a cosmopolitan collection of property uses. The standard is supply and demand, and if there is economic justification for the use, it is likely to be forth-coming.
6. Zoning is a legislative function. As such, political, economic and social pressures of many, or even a relatively few, often influence or control zoning decisions. These pressures may even be more important than the provisions of the zoning ordinance. Such forces play no part in a non-zoned city.
7. The most measurable influence of zoning is its effect on multiple-family dwellings. If Houston had adopted zoning in 1962, this would probably have resulted in higher rents and a lesser number and variety of apartments and, in consequence, some tenants would have been priced out of the new apartment market. Most adversely affected would be tenants of average incomes.
8. The experience of the FHA (Federal Housing Association) suggests that the appreciation over the years in values of new and existing single-family homes has not differed in Houston from those of zoned cities.
9. The role of planning under zoning is a curious one. The original zoning ordinance will largely freeze the existing pattern of land use. All subsequent decisions on the ordinance will be made through the legislative process, which would seem inherently more responsive to political and economic opinion and pressures than the recommendations of the planners. As one result, changes in zoning in the major cities seem to follow a more chaotic than orderly pattern.
10. In Houston, the level of control over land use and development has not increased appreciably over the years. The most significant policy adopted in recent years has been the city's enforcement since 1965 of the restrictive covenants in residential subdivisions. By contrast, zoning has tended to give the municipality greater and more minute control. One reason is that the failure of

existing controls has usually led to more severe controls, not lesser ones" (Siegman 1972 : 142-143).

(b) Veranderende omstandighede

Siegman (1972 : 75) wys daarop dat in die afwesigheid van sonering owerhede neig om maatreëls aan te neem ten einde spesifieke grondgebruikprobleme die hoof te bied.

In 1985 het Houston heelwat probleme ondervind met verkeersopeenhoping, oorontwikkeling en 'n ekonomiese afswaai wat deur verlaagde oliepryse teweeggebring is (Peters 1985 : 5). Met die oog op die probleme wat hieruit voortvloei, het Houston drie jaar gelede 'n ontwikkelingsordonnansie ("development ordinance") aangeneem, ingevolge waarvan blok-lengtes, straatwydtes, boulyne buite die SSG beheer word (Peters 1985 : 7). Volgens die amptenare van die stad beteken dit nie dat Houston in die rigting van sonering beweeg nie. Hulle beweer intendeel, dat "... Houston is not totally abandoning its laissez-faire view toward land-use controls ... We're not telling people what to put where, as zoning does. What we're doing is letting the free market go where it wants but helping to guide it" (Peters 1985 : 7).

Uit die voorgaande beskrywing van Houston se ontwikkeling wil dit voorkom of nie-sonering goed werk in die praktyk. Dit lyk egter tog asof 'n minimum van maatreëls nietemin nodig is om ontwikkeling in 'n mate te rig en dat ontwikkeling nie geheel en al aan die kragte van die vrye mark oorgelaat kan word nie.

In paragraaf 3.5 is sonering as 'n grondgebruikbeheermaatreël bespreek en in paragraaf 3.6 is die nie-soneringsituasie ondersoek met spesiale verwysing na die geval van Houston in die VSA. In die volgende afdeling word die huidige stand van grondgebruik en -beheer in swart dorpe en swart woongebiede in die RSA en die nasionale state in oënskou geneem.

3.7 HUIDIGE GRONDGEBRUIK EN -BEHEER IN SWART WOONGEBIEDE

Dit is belangrik om daarop te let dat die snelle politieke en staatkundige hervorming wat tans in die RSA plaasvind na alle waarskynlikheid sal deurwerk om ook die bestaande grondgebruik en -beheerstrukture te beïnvloed.

Hierdie beskrywing weerspieël egter slegs die situasie ten tyde van die ondersoek en maak nie voorsiening vir moontlike veranderinge wat uit die hervormingsaksies kan voortspruit nie.

3.7.1 Grondbesit

In die verlede was alle grond in swart woongebiede as staatsgrond geregistreer en die ontwikkelingsrade het dit bestuur as agente van die sentrale Regering. Sekere areas, naamlik buffergebiede, paaie, parke en gemeenskaplike publieke ruimtes is tans in verskillende stadiums van oordrag van die staat na die swart plaaslike besture. Die res van die grond bly in besit van die staat, en daarom is die huurpagstelsel ingestel om gebruiksreg in individue te vestig.

Om vir 'n huurpagooreenkoms in aanmerking te kom, moet 'n swart persoon aan 'n artikel 10(1)(a)- of (b)-kwalifikasie voldoen. 'n Artikel 10(1)(a)-kwalifikasie vereis dat die persoon in die woongebied gebore is en daar grootgeword het terwyl artikel 10(1)(b) vereis dat hy tien jaar ononderbroke by een werkgewer of vyftien jaar lank vir verskillende werkgewers in die gebied gewerk het. Die toepassing van instromingsbeheer, wat vroeër 'n funksie van die ontwikkelingsrade was, berus nou by swart plaaslike besture. Hiervolgens kan daar nou vir 'n persoon artikel 10(1)(b)-regte gegee word en die kwalifikasie wat nou vereis word, is dat hy bewys van werk- en blyplek moet kan lewer. Indien grond beskikbaar is, 'n persoon kapitaalkragtig genoeg is en hy in terme van artikel 10(1)(a) of (b) kwalifiseer, kan hy dan onder die 99-jaar-huurpagstelsel eiendom koop.

Die paaielemente vir 'n huis onder die 99-jaar-huurpag word gebaseer op 'n formule wat deur die Nasionale Behuisingskommissie bepaal is. Hier-

die formule is op die oorspronklike kosprys van die huis geskoei. Daar word nie 'n wins op die verkoop van huise gerealiseer nie. Van die inkomste wat gegenereer word, word 50 % aan die stadsraad en die res aan die Nasionale Behuisingskommissie toegewys. Van die gedeelte wat die stadsraad kry, moet 60 % weer vir behuising aangewend word.

Eiendomsverkryging is een van die grootste probleme in swart woongebiede. Indien 'n persoon kwalifiseer en 'n perseel wat voorsien is van die nodige infrastruktuur is beskikbaar, word die gebruik van die perseel aan hom toegeken. Dit geskied gratis en die koste vir die infrastruktuur word deur 'n heffing, wat perseeluur (erfbelasting) genoem word, van hom verhaal.

Die vraag na gedienste residensiële persele oorskry die aanbod egter by verre met die gevolg dat nuwe intrekkers hulle toenemend na plakkersgebiede wend.

Probleme ontstaan ook by die toekenning van besigheidpersele. Enige persoon kan om beskikbare grond aansoek doen. Die swartes (stadsgebiede) Konsolidasie Wet 25 van 1945 en die dorpsregulasies wat daarmee saamgaan, bepaal egter dat 'n perseel nie op grond van 'n aansoek toegeken mag word nie en die plaaslike owerheid word verplig om die perseel eers te adverteer. Die vraag is egter watter rol persoonlike en politieke oorwegings in hierdie verband speel. Dit gebeur boonop dikwels dat die persoon aan wie die perseel toegeken word, nie die finansiële vermoëns het om die grond te ontwikkel nie. Dit kan meebring dat die grond vir lang termyne onontwikkeld lê. Die aktualiteit van hierdie probleem word onderstreep deur die feit dat dit tydens die ondersoek telkens na vore gekom het in gesprekke met verteenwoordigers van die plaaslike handel en nywerheid, munisipale en ander owerhede en individuele ondernemers. 'n Moontlike oorsaak vir die probleem is dat die regulasies geen tydsbepaling bevat oor die aanvang of voltooiing van boubedrywighede nie maar slegs ten opsigte van die indien van 'n bouplan. Op 'n stadium wanneer die eienaar besluit om die grond te ontwikkel, word gewoonlik 'n gesamentlike onderneming aangegaan met iemand wat die ontwikkeling kan finansier.

Dit lyk dus asof die verkryging van nie-residensiële persele 'n groter probleem in swart woongebiede is, veral omdat die proses nie markgeoriënteerd is nie.

3.7.2 Grondgebruik en -beheer

By nadere ondersoek blyk dit dat die huidige grondgebruik en -beheerstelsels in swart woongebiede in Suid-Afrika nie veel verskil van sodanige stelsels wat in blanke gebiede van toepassing is nie.

Alhoewel die swart bevolking 'n stelsel van huurpag het, is die registrasievereistes van die huurpag presies dieselfde as dié van vrypag. Die volgende reëlings met betrekking tot grondgebruik en -beheer kom vry algemeen in swart woongebiede voor.

(1) Grondgebruiksreg

In swart woongebiede word grondgebruiksregte deur middel van uitlegplanne voorgeskryf. In hierdie planne word bepaalde gebruiksregte aan grond toegeken, byvoorbeeld residensiële of besigheidsregte. Die planne word in noue oorleg met die raadslede van 'n swart woongebied opgestel. Hierdie plan word dan in terme van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet 'n statutêre dokument.

Die bepaalde gebruiksreg word aan die grond gekoppel en indien 'n persoon huurpag sou bekom, word daardie reg aan hom oorgedra.

In die geval van 'n besigheidsgebied word daar nadat die gebied geïdentifiseer is 'n detailplan opgestel. Die nadeel van so 'n plan is dat daar, indien die grense van 'n perseel verander moet word, om 'n konsolidasie of 'n her-onderverdeling, of moontlik 'n hersonering aansoek gedoen moet word. In 'n poging om te verseker dat die proses van grondgebruikstoekenning nie deur hersoneringaansoeke vertraag word nie, kan 'n besigheidsgebied egter tentatief onderverdeel word, sonder pertinente 'harde' lyne. Voorstelle oor toepaslike gebruik word dus gemaak sonder dat grense of gebruike vasgepen is.

(2) Hersonerling

Enige persoon kan om hersonerling van 'n eiendom/perseel aansoek doen. So 'n aansoek moet by die stadsraad ingedien word wat die aansoek na die ontwikkelingsraad verwys vir 'n aanbeveling hieromtrent. Op grond van die aanbeveling sal die stadsraad die aansoek goedkeur of afkeur en na die Direkteur van Plaaslike Bestuur deurstuur vir bekragtiging.

Die dokumentasie wat met 'n hersoneringsaansoek gepaard gaan, is 'n motiveringsverslag, 'n liggings- en detailplan.

(3) Vergunningsgebruik

In 'n swart woongebied kan ook om vergunningsgebruik aansoek gedoen word indien daar nie vir 'n bepaalde gebruik in 'n skema voorsiening gemaak word nie. Daar is nie wetlik vir hierdie prosedure voorsiening gemaak nie en as sodanig word dit aangewend om hierdie leemte te oorbrug. Indien die gebruik volgens die beplanner se oordeel nie 'n ongewenste invloed op die omgewing gaan hê nie, word dit deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur goedgekeur. Vergunningsgebruik word hoofsaaklik toegestaan in gevalle waar 'n bestaande gebruik nie elders geplaas kan word nie.

Indien 'n persoon 'n onwettige praktyk op 'n perseel beoefen, word dit soms oogluikend deur die stadsraad toegelaat. Die ondernemer word egter aangeraai om aansoek om vergunningsgebruik te doen. Hiervolgens word die bepaalde gebruik byvoorbeeld vyf jaar lank toegelaat en daarna kan dit na 'n ander perseel verplaas word. Hierdie gebruiksvrugning maak dit vir die betrokke owerhede moontlik om die kleinsakeman te ontmoet te kom. Die Direkteur van Plaaslike Bestuur kan alleenlik 'n gebruik waarvoor daar geen sonering bestaan nie, verplaas indien 'n alternatiewe perseel beskikbaar is. Geskikte persele is egter baie skaars en hierdie reëling bied 'n tydelike oplossing vir die probleem.

Die verskil tussen 'n vergunningsgebruik en hersonerling is dat eersgenoemde aan 'n persoon gekoppel word, terwyl sonering aan die grond ge-

koppel word. 'n Vergunningsgebruik is nie oordraagbaar nie, terwyl die reg op die grond wel oordraagbaar is. Verder is 'n vergunningsgebruik meer behoeftegeoriënteerd, dit wil sê 'n persoon het 'n behoefte aan 'n handelsperseel en dit word dan by wyse van 'n vergunningsgebruik vir 'n bepaalde periode aan hom toegestaan.

(4) Eksklusiewe distrikte

Die reëling ten opsigte van eksklusiewe distrikte, dit is distrikte wat eksklusief vir bepaalde gebruike gereserveer word, bestaan slegs teoreties in swart woongebiede. In die praktyk kom 'n groot mate van vermenging van gebruike voor. Hierdie toestand hou verband met die informele sektor waar inwoners direk uit hul huise 'n besigheid bedryf. Die swart stadsrade is nie in hierdie stadium in 'n posisie om die gebruike te verbied nie aangesien die stadsraad in sulke gevalle alternatiewe persele moet kan aanbied, en dit word in die praktyk deur 'n tekort aan fondse beperk.

(5) Eenheidsontwikkeling

Eenheidsontwikkeling, dit wil sê die ontwikkeling van 'n groot stuk grond as 'n eenheid, word in swart woongebiede toegelaat. Die ontwikkelelaar sal byvoorbeeld toegelaat word om 'n plaaslike sentrum op te rig mits dit binne die breë raamwerk van die dorps ontwikkeling geskied.

Hierdie soort ontwikkeling vereis egter baie kapitaal en word derhalwe dikwels deur 'n tekort aan kapitaal beperk.

(6) Buurmanskap

Buurmanskap vereis dat 'n persoon nie in die uitoefening van sy eiendomsreg sy buurman mag hinder nie en word baie sterk onder die swart bevolking in hulle woongebiede aangetref.

Indien 'n persoon verontreg voel, kan hy 'n klag by die ontwikkelingsraad teen sy buurman gaan lê. Indien hy van mening is dat sy buurman byvoorbeeld sy grond oorskry, moet 'n landmeter die grense kom uitwys.

As die landmeter bevind dat die buurman wel die grond oorskry, is dit die dorpsbestuurder se funksie om die geskilpunte uit die weg te ruim. Die buurman sal verplig word om sy onwettige besetting van die grond te staak.

Die toepassing van grondgebruik en -beheerstelsels in swart woongebiede is egter nog in sy kinderskoene. Namate die gebiede ontwikkel en vestig, sal die probleme hopelik uitfaseer en sal die gebiede op 'n ordelike wyse verder kan ontwikkel en funksioneer.

HOOFSTUK 4

DIE HOUDING EN PERSEPSIE VAN INWONERS VAN SWART WOONGEBIEDE TEN OPSIGTE VAN DIE PLASING VAN DIENS- EN HANDELSFASILITEITE IN WOONGEBIEDE

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk behels hoofsaaklik 'n bespreking van die resultate van die opname wat gedurende Oktober 1985 gedoen is onder inwoners van vier swart woongebiede naby Pretoria, Bloemfontein, Kroonstad en Pietersburg onderskeidelik. As gevolg van wydverspreide onluste dwarsdeur die land ten tyde van die ondersoek, was die keuse van woongebiede waar die opname enigszins sinvol gedoen kon word baie beperk. Naas koste-oorewegings was die enigste ander oorewegings wat gegeld het by die seleksie van die opnamegebiede die ligging van die woongebiede en die fisiese toeganklikheid met die oog op veldwerk. Die ondersoek was aanvanklik beplan om uitgevoer te word in die PWV-gebied en die rasionaal daarvoor was die feit dat dit binne stedelike gebied val, relatief maklik toeganklik is en die veldwerk teen minimale koste uitgevoer sou kon word. Die verskuiwing van die opnamegebiede het in der waarheid die rasionaal wat gegeld het toe oorspronklik besluit is om die ondersoek slegs in die PWV-gebied te doen, effens verruim sodat ook landelike gebiede in die proses betrek is.

4.2 REALISERING VAN DIE STEEKPROEF

Die beplanning van die ondersoek het voorsiening gemaak vir 'n gestratifiseerde waarskynlikheidsteekproef (gestratifiseer volgens streek) van ongeveer 1 500 respondente wat verteenwoordigend van die vier streke sou wees. Die streke is gedefinieer as die geproklameerde woongebiede van die swart dorpe Phahameng en Rocklands naby Bloemfontein, Botshabelo naby Thaba Nchu, Constantia, Marabastad en Seisoville by Kroonstad, Atteridgeville en Mamelodi by Pretoria en Seshego naby Pietersburg. Laasgenoemde is die enigste gebied wat binne die grense van 'n nasionale staat val.

'n Totaal van 1 454 bruikbare vraelyste is uit die opname verkry en wel soos volg uit die onderskeie woongebiede:

Botshabelo			269
Phahameng			122
Rocklands			166
Subtotaal (Bloemfontein)	552	38,0 %	
Atteridgeville			184
Mamelodi			155
Subtotaal (Pretoria)	339	23,3 %	
Marabastad			111
Seisoville			112
Constantia			120
Subtotaal (Kroonstad)	343	23,6 %	
Seshego (Pietersburg)	<u>220</u>	<u>15,1 %</u>	
TOTAAL	<u>1454</u>	<u>100, %</u>	

Voordat enige analises van die data uitgevoer is, is daar vir moontlike sydigheid of skeefheid in die gerealiseerde steekproef gekontroleer. Dit is gedoen deur data uit die 1980-sensus te vergelyk met die data van die ondergroep. Die vergelyking is gedoen deur middel van 'n CHAID-analise met woongebied, huistaal, geslag, onderwyspeil en ouderdom as onafhanklike veranderlikes (figuur 4.1).

Die analise wat grafies in figuur 4.1 voorgestel word, toon die aanwesigheid van sekere sydigheide. Die grootste sydigheid kom voor ten opsigte van 'streek' wat beteken dat die verskillende streke nie in dieselfde verhouding in die ondergroep verteenwoordig is nie. Pretoria-streek is in verhouding tot die ander streke "onderverteengewordig", terwyl Bloemfontein en in 'n mate ook die ander twee gebiede weer "oorverteengewordig" was.

Benewens streek het huistaal en onderwyspeilsamestelling ook 'n mate van sydigheid bevat.

Die sydigheid ten opsigte van huistaal het veral in die Pretoria- en Bloemfontein-omgewing voorgekom, terwyl Kroonstad en Pietersburg weer sydig was ten opsigte van onderwyspeilsamestelling en in 'n geringer mate ook ten opsigte van geslagsamestelling.

Dit is opvallend dat die sydigheid wat ten opsigte van die verskillende streke getoon word, nie konsekwent dieselfde is vir al die streke nie. Huistaal toon byvoorbeeld ten opsigte van die Pretoria- en Bloemfonteinstreek reeds op die tweede orde van die CHAID-analise 'n bepaalde sydigheid, terwyl dit slegs in beperkte mate op die derde orde by die ander twee streke voorkom.

In die verdere analyses van die data is daar sover moontlik met die sydigheidsfaktor rekening gehou deur onder meer gebruik te maak van 'n proses van weging. In effek het die weging geblyk weinig verskil te maak en word die geweegde data dus ook nie geapporteer nie. Geweegde data is ook nie gebruik in CHAID- en ooreenstemmingsanalises nie omdat voorlopige vergelykings ten opsigte van die effek van geweegde data op die wisselwerking tussen veranderlikes wat deur die CHAID-analises na vore gebring word daarop gedui het dat oor die algemeen dieselfde interaksies verkry word as met die oorspronklike data, en dat die resultaat slegs ten opsigte van die sterkte van die interaksies verskil.


4.3 ONTLEDING VAN DATA

Daar is hoofsaaklik van beskrywende statistiese tegnieke sowel as CHAID- en ooreenstemmingsanalises gebruik gemaak om die data te ont- leed. Sommige van die ooreenstemmingsanalises sowel as al die CHAID- voorstellings is in bylaes A en B onderskeidelik in die verslag opge- neem. 'n Verduideliking van die statistiese tegnieke word in bylae C gegee.

4.4 BIOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DIE ONDERSOEGROEP

Vervolgens word 'n kort oorsig gegee oor die belangrikste biografiese eienskappe van die ondersoekgroep. Omdat daar so 'n opvallende sydig- heid in die samestelling van die ondersoekgroep ten opsigte van streek voorkom, word die besonderhede per woongebied en streek verskaf soos uiteengesit in tabel 4.1.

FIGUUR 4.1
 'N VERGELYKING VAN DIE DATA VAN DIE GEREALISEERDE STEEKPROEF MET DATA UIT DIE 1980-SENSUSOPNAME



TABEL 4.1
(a) GESLAGSAMESTELLING VOLGENS WOONGEBIED

Woongebied		Geslag					
		Manlik		Vroulik		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
Bloemfontein- streek	Botshabelo	113	42.0	156	58.0	269	100.0
	Phahameng*	59	48.4	63	51.6	122	100.0
	Rocklands	59	36.6	102	63.4	161	100.0
	Subtotaal	231	41.8	321	58.2	552	100.0
Pretoriastreek	Atteridgeville**	85	46.2	99	53.8	184	100.0
	Mamelodi	61	39.4	94	60.6	155	100.0
	Subtotaal	146	43.1	193	56.9	339	100.0
Kroonstadstreek	Marabastad***	36	32.7	74	67.3	110	100.0
	Seisoville	35	31.3	77	68.8	112	100.0
	Constantia	43	35.8	77	64.2	120	100.0
	Subtotaal	114	33.3	228	66.7	342	100.0
Pietersburg- streek (Lebowa)	Seshego	81	36.8	139	63.2	220	100.0
	Subtotaal	81	36.8	139	63.2	220	100.0
TOTAAL		572	39.4	881	60.6	1453	100.0

(b) HUISTAAL VOLGENS WOONGEBIED

Woongebied		Huis taal								Totaal	
		Sotho		Nguni		Tsonga		Venda			
		N	%	N	%	N	%	N	%		
Bloemfontein- streek	Botshabelo	233	86.9	35	13.1	268	100.0
	Phahameng*	100	82.0	22	18.0	122	100.0
	Rocklands	132	82.0	29	18.0	161	100.0
	Subtotaal	465	84.4	86	15.6	551	100.0
Pretoriastreek	Atteridgeville**	101	54.9	29	15.8	38	20.7	16	8.7	184	100.0
	Mamelodi	62	40.3	53	34.4	32	20.8	7	4.5	154	100.0
	Subtotaal	163	48.2	82	24.3	70	20.7	23	6.8	338	100.0
Kroonstadstreek	Marabastad***	105	94.6	6	5.4	111	100.0
	Seisoville	99	88.4	13	11.6	112	100.0
	Constantia	113	94.2	7	5.8	120	100.0
	Subtotaal	317	92.4	26	7.6	343	100.0
5 Primêre skool	1 Ligging: primêre skool 2 Huistaal/streek 3 Streek/onderwyspeil	C.5(a)	1 Streek 2 Huistaal 3 Ouderdom	C.5(b)	1 Streek 2 Huiseienaar 3 Straatligte/onderwyspeil/ouderdom/streek	C.5(c)
6 Sekondêre skool	1 Ligging: sekondêre skool 2 Streek 3 Huistaal/huiseienaar/onderwyspeil	C.6(a)	1 Streek 2 Huiseienaar/huistaal/onderwyspeil 3 Ouderdom/onderwyspeil/huiseienaar	C.6(b)	1 Streek 2 Huiseienaar 3 Streek/straatligte	C.6(c)
7 Sportstadion	1 Ligging: sportstadion 2 Straatligte/streek/ouderdom 3 Streek/straatligte	C.7(a)	1 Streek 2 Straatligte/onderwyspeil 3 Ouderdom/huistaal		1 Streek 2 Onderwyspeil/huiseienaar/huistaal 3 Huistaal/straatligte	
8 Mediese Fasiliteite	1 Ligging: mediese fasiliteite 2 Streek 3 Huiseienaar/onderwyspeil/ouderdom	C.8(a)	1 Streek 2 Straatligte 3 Ouderdom	C.8(b)	1 Streek 2 Straatligte 3 Streek	C.8(c)
9 Kerk	1 Ligging: kerk 2 Straatligte 3 Huistaal/huiseienaar	C.9(a)	1 Huistaal 2 Streek 3 Huiseienaar/straatligte	C.9(b)	1 Streek 2 Huiseienaar 3 Huistaal	C.9(c)
10 Hostel	1 Ligging: hostel 2 Huistaal/streek 3 Streek/huiseienaar/straatligte	C.10(a)	1 Streek 2 Geslag/ouderdom/huiseienaar/huistaal 3 Straatligte/onderwyspeil	C.10(b)	1 Streek 2 Onderwyspeil 3 Straatligte	C.10(c)
11 Busdepot	1 Ligging: busdepot 2 Streek 3 Huiseienaar/ouderdom/huistaal	C.11(a)	1 Streek 2 Straatligte/huiseienaar 3 Huistaal		1 Streek 2 Straatligte 3 Onderwyspeil/streek	
12 Bushalte	1 Ligging: bushalte 2 Straatligte/streek 3 Huistaal/huiseienaar/onderwyspeil	C.12(a)	1 Streek		1 Streek 2 Huiseienaar 3 Streek	
13 Paneelklopper	1 Ligging: paneelklopper 2 Streek 3 Geslag/straatligte/huiseienaar	C.13(a)	1 Geslag 2 Streek 3 Huistaal		1 Streek 2 Onderwyspeil/huiseienaar/geslag 3 Geslag/streek	
14 Sjebeen/biersaal	1 Ligging: sjebeen 2 Streek 3 Ligging: sjebeen/geslag	C.14(a)	1 Streek 2 Ouderdom/straatligte/geslag 3 Straatligte	C.14(b)	1 Streek 2 Onderwyspeil 3 Straatligte	
15 Kontrakteur	1 Ligging: kontrakteur 2 Straatligte/streek 3 Straatligte/geslag/streek	C.15(a)	1 Streek 2 Geslag/straatligte		1 Streek 2 Straatligte/huiseienaar/huistaal 3 Onderwyspeil/huistaal/geslag	
16 Fabriek (skoon)	1 Ligging: fabriek (skoon) 2 Streek 3 Huiseienaar/onderwyspeil	C.16(a)	1 Streek 2 Straatligte		1 Straatligte 2 Huistaal 3 Streek/ouderdom	
17 Fabriek (rook)	1 Streek 2 Straatligte/geslag/ligging: fabriek (rook) 3 Huiseienaar/straatligte/ouderdom	C.17(a)	1 Streek 2 Huiseienaar 3 Geslag/huistaal/ouderdom		1 Streek 2 Huistaal	
18 Skrootverf	1 Streek 2 Ligging: skrootverf 3 Ouderdom/huiseienaar	C.18(a)	1 Streek 2 Huiseienaar/huistaal 3 Geslag/straatligte		1 Huiseienaar 2 Streek/huistaal 3 Straatligte/onderwyspeil	
19 Perdevedrenkantore	1 Ligging: perdevedrenkantore 2 Streek 3 Straatligte/huiseienaar/onderwyspeil	C.19(a)	1 Streek 2 Ouderdom 3 Straatligte		1 Streek 2 Straatligte/huiseienaar/onderwyspeil 3 Huistaal	
20 Bioskoop	1 Ligging: bioskoop 2 Streek/ouderdom 3 Ouderdom/straatligte/onderwyspeil	C.20(a)	1 Ouderdom 2 Streek 3 Huiseienaar/onderwyspeil	C.20(b)	1 Streek 2 Ouderdom 3 Huistaal	C.20(c)

Dit blyk verder dat huistaal en huiseienaarskap die enigste twee biografiese veranderlikes is wat by minstens 30 % van die onderskeie fasiliteite 'n interaksie toon met die aanvaarbaarheid van die ligging van woonplek. Die interaksies word egter nie as besonder ingrypend beskou nie, omdat dit hoofsaaklik eers op die derde orde van die CHAID-analise voorkom. Hierteenoor het streek in 95 % van die gevalle 'n interaksie op die eerste of tweede orde getoon met die afhanklike veranderlike "aanvaarbaarheid van huidige ligging" en in 100 % van die gevalle met die afhanklike veranderlike "voorwaardelike aanvaarbaarheid".

Die huidige ligging van woonplek is slegs ten opsigte van die eerste vraag as onafhanklike veranderlike ingevoer. Dit blyk dat hoewel dit saam met streek in die analise ingevoer is, dit met die uitsondering van drie gevalle (ligte en swaar nywerhede en kontrakteurspersele) konsekwent as die sterkste voorspeller van aanvaarbaarheid van ligging na vore tree. Dit ly verder geen twyfel nie dat daar tussen woonplek en streek ook 'n sterk interaksie bestaan.


As daar samevattend na die CHAID-analises soos opgesom in tabel 4.10 gekyk word, blyk dit dus dat streek of alternatiewelik huidige ligging van woonplek die sterkste voorspellers is van die twee afhanklike veranderlikes, naamlik aanvaarbaarheid van huidige ligging en voorwaardelike aanvaarbaarheid daarvan. Hierbenewens blyk dat huistaal, huiseienaarskap en die aanwesigheid van straatligte in die omgewing ook bepaalde interaksies toon, hoewel in 'n opvallend geringer mate as streek of ligging. Wat die aard van die onderskeie interaksies betref, verskil dit van fasiliteit tot fasiliteit en dit sal daarom individueel onder die betrokke paragrawe verder toegelig word.

4.6.3 Huidige ligging in terme van spesifieke diens- en handelsfasiliteite

Vervolgens word 'n bespreking gegee van die persepsie van die respondente ten opsigte van die ligging van 'n aantal diens- en handelsfasiliteite in hulle woongebiede. Dit word gedoen na aanleiding van 'n reeks gebeurlikheidstabelle (tabelle 4.5 - 4.8) en gepaardgaande ooreenstemmingsanalises (figure 4.2 - 4.5). Ter verduideliking word daarop gewys dat die onderskeie ooreenstemmingsanalises wat in die vorm van figure voorgestel word, soos volg saam met die bepaalde tabelle gelees moet word:

FIGUUR 4.2

LIGGING VAN HUIDIGE WOONPLEK TEN OPSIGTE VAN NAASTE DIENS- EN HANDELSFASILITEITE




DIENSTE- EN HANDELSFASILITEITE

POSITIONERING

ALGH=ALGEMENE HANDELAAR	KOOP=WINKELSENTRUM/SUPERMARK	BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
BIER=BIERSAAL/SJEBEEN	MEDS=SPREEKKAMERS/APTEEK/MEDISYNE DEPOT	NABY=LANSAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
BUSD=BUSDEPOT	NYWR=NYWERHEID(GERAAS/ROOK)	LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
BUSH=BUSHALTE	NYWS=NYWERHEID(STIL/SKON)	GENOEG OM TE LOOP
CINE=BIOSKOOP/TEATER	PRIM=PRIM.SKOOL	VER =TE VER OM TE LOOP
HOST=HOSTEL/WOONSTEL	SEK =SEK.SKOOL	
KAF =KAFEE	SPOR=SPORTSTADION/TERREIN	
KERK=KERK	TATT=TATTERSALLS	
KLOP=PANEELKLOPWERKE/INGENIEURSWERKE	VUL =VULSTASIE	
KONT=KONTRAKTEURSPERSEEL	WRAK=MOTORSLOOPWERF	

FIGUUR 4.3

AANVAARBAARHEID VAN LIGGING VAN HUIDIGE WOONPLEK TEN OPSIGTE VAN NAASTE DIENS- EN HANDELSFASILITEITE



-103-

DIENTE- EN HANDELSFASILITEITE

ALGH=ALGEMENE HANDELAAR
 BIER=BIERSAAL/SJEBEEN
 BUSD=BUSDEPOT
 BUSH=BUSHALTE
 CINE=BIOSKOOP/TEATER
 HOST=HOSTEL/WOONSTEL
 KAF =KAFFEE
 KERK=KERK
 KLOP=PANEELKLOPWERKE /INGENIEURSWERKE
 KONT=KONTRAKTEURSPERSEEL


KOOP=WINKELSENTRUM/SUPERMARK
 MEDS=SPREEKKAMERS/APTEEK/MEDISYNE DEPOT
 NYWR=NYWERHEID(GERAAS/ROOK)
 NYWS=NYWERHEID(STIL/SKOON)
 PRIM=PRIM. SKOOL
 SEK =SEK. SKOOL
 SPOR=SPORTSTADION/TERREIN
 TATT=TATTERSALLS
 VUL =VULSTASIE
 WRAK=MOTORSLOOPWERF

POSITIONERING(*) EN AANVAARBAARHEID(**)

*BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 *NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 *LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK, MAAR NABY GENOEG OM TE LOOP
 *VER =TE VER OM TE LOOP
 **NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 **VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 **GOED=GOED GEPLAAS

FIGUUR 4.4

HOUDING TEN OPSIGTE VAN PLASING VAN DIENS- EN HANDELSFASILITEITE INDIEN BAIE NABY AAN HUIDIGE
WOONPLEK GEPLAAS WORD




DIENSTE- EN HANDELSFASILITEITE

MOONTLIKE OPTREDE

ALGH=ALGEMENE HANDELAAR	KOOP=WINKELSENTRUM/SUPERMARK
BIER=BIERSAAL/SJEBEEN	MEDS=SPREEKKAMERS/APTEEK/MEDISYNE DEPOT
BUSD=BUSDEPOT	NYWR=NYWERHEID(GERAAS/ROOK)
BUSH=BUSHALTE	NYWS=NYWERHEID(STIL/SKOON)
CINE=BIOSKOOP/TEATER	PRIM=PRIM. SKOOL
HOST=HOSTEL/WOONSTEL	SEK =SEK. SKOOL
KAF =KAFEE	SPOR=SPORTSTADION/TERREIN
KERK=KERK	TATT=TATTERSALLS
KLOP=PANEELKLOPWERKE/INGENIEURSWERKE	VUL =VULSTASIE
KONT=KONTRAKTEURSPERSEEL	WRAK=MOTORSLOOPWERF

A=SAL DIT VERWELKOM
B=DIT SAL GEEN VERSKIL MAAK NIE EN SAL DIT AANVAAR
C=SAL ONGELUKKIG VOEL DAAROO, MAAR DIT TOG AANVAAR
D=SAL DIT TEENSTAAN, MAAR ONDER SEKERE OMSTANDIGHEDE ONDERSTEUN
E=SAL DIT TEENSTAAN EN GLADNIE ONDERSTEUN NIE
F=WEET NIE WAT MY OPTREDE SAL WEES NIE

FIGUUR 4.5
 VOORKEURE VIR BESTE PLASING VAN DIENSTE- EN HANDELSFASILITEITE



-105-

DIENSTE- EN HANDELSFASILITEITE

PLASING

- | | | |
|--------------------------------------|---|---|
| ALGH=ALGEMENE HANDELAAR | KOOP=WINKELSENTRUM/SUPERMARK | A=BY 'N WINKELSENTRUM |
| BIER=BIERSAAL/SJEBEEN | MEDS=SPREEKKAMERS/APTEEK/MEDISYNE DEPOT | B=ENIGE PLEK IN 'N WOONGEBIED |
| BUSD=BUSDEPOT | NYWR=NYWERHEID(GERAAS/ROOK) | C=NABY, MAAR NIE IN 'N WOONGEBIED NIE |
| BUSH=BUSHALTE | NYWS=NYWERHEID(STIL/SKOON) | D=NABY 'N SPOORWEGSTASIE OF BUSROETE |
| CINE=BIOSKOOP/TEATER | PRIM=PRIM.SKOOL | E=IN 'N NYWERHEIDSGEBIED |
| HOST=HOSTEL/WOONSTEL | SEK =SEK.SKOOL | F=EIE PLEK |
| KAF =KAFEE | SPOR=SPORTSTADION/TERREIN | G=EIE PLEK, MAAR NIE NABY MY WOONPLEK NIE |
| KERK=KERK | TATT=TATTERSALLS | H=WEET NIE |
| KLOP=PANEELKLOPWERKE/INGENIEURSWERKE | VUL =VULSTASIE | |
| KONT=KONTRAKTEURSPERSEEL | WRAP=MOTORSLOOPWERF | |

Figuur 4.2 lees saam met tabel 4.5.

Figuur 4.3 lees saam met tabelle 4.5 en 4.6.

Figuur 4.4 lees saam met tabel 4.7.

Figuur 4.5 lees saam met tabel 4.8.

In bylae B is 'n aantal ooreenstemmingsanalises (B.1 tot B.20) en in bylae C 'n aantal CHAID-figure (C.1 - C.20) opgeneem wat aanvullend tot tabel 4.5 tot 4.7 gelees kan word. Waar toepaslik is in die teks na die betrokke figure in die bylaes verwys.

(1) Algemene handelaar, supermark, kafee

In hoofstuk 3 is reeds daarna verwys dat die evolusie van kleinhandelstrukture in stedelike ontwikkeling 'n neiging toon waarvolgens hoekwinkels wat geriefsgoedere verkoop eerste in woongebiede vestig, waarna buurtsentra en later ook voorstedelike sentra en uiteindelik streek-sentra ontwikkel. Gesien in die lig daarvan dat swart woongebiede eintlik in die proses is om die strukture te ontwikkel, verklaar dit gedeeltelik waarom sulke fasiliteite op die oomblik baie beperk in die betrokke gebiede aanwesig is. Die algemene handelaar bied normaalweg 'n betreklik wye verskeidenheid van artikels aan wat varieer van geriefsgoedere tot voedsel en klere. Hoewel hulle in terme van vloeroppervlakte en fisiese voorkoms nie vergelykbaar is met groot kettingwinkels in blanke stedelike gebiede nie, lewer hulle ongetwyfeld 'n belangrike diens in swart woongebiede.

Die opname het getoon dat 'n besonder groot persentasie (73,5 %) respondente minstens binne loopafstand van die naaste algemene handelaar af woon. Dit blyk egter dat dit oor die algemeen nogtans verder van die respondente se woonplekke geleë is as byvoorbeeld die naaste kafee, bushalte of selfs primêre skool (vergelyk die voorstelling van die verskillende punte in figuur 4.2). Van belang is verder om daarop te let dat die ooreenstemmingsanalise soos voorgestel in figuur 4.3 toon dat die algemene handelaar (ALGH) te midde van al die ander fasiliteite uitgesonder word as die een fasiliteit wat respondente die graagste nader (NADE) wil hê aan hulle woonplekke as wat dit tans geleë is. Dieselfde analise toon ook dat hoewel respondente die algemene

handelaar graag so na as moontlik aan hulle woonplek wil hê, dit darem tog 'n "gedistansieerde plasing" moet hê. Hulle wil dus nie direk langs 'n algemene handelaar woon nie. Die indruk word hierdeur geskep dat die algemene handelaar 'n baie aanvaarbare tuiste as deel van 'n buurt- of streeksentrum sal vind.

Die supermark is vir die doel van hierdie ondersoek as 'n eiesoortige fasiliteit beskou hoewel dit met die opname aan die respondent oorge- laat is om sy eie interpretasie daaraan te gee. Dit het ook inderdaad in die praktyk gebeur, met die gevolg dat die respondente se persepsie van die huidige ligging van supermark opvallend verskil van dié van byvoorbeeld die algemene handelaar. Volgens tabel 4.5 woon die meeste respondente oor die algemeen verder van die naaste supermark af as byvoorbeeld van die naaste algemene handelaar of kafee af. Die ooreenstemmingsanalise (figuur 4.3) toon dat die persepsie van die respondente met betrekking tot die voorwaardelike aanvaarbaarheid van 'n supermark basies identies is aan dié van die algemene handelaar.

Wat die lokaliteit van kafees in swart woongebiede betref, blyk dit die fasiliteit te wees wat die gunstigste vir die meeste respondente geleë is. Byna negentig persent van die respondente woon minstens binne loopafstand van een af. Dit geld min of meer in dieselfde mate vir bushaltes. Die ooreenstemmingsanalise (figuur 4.3) toon dat die huidige plasing van kafees vir die oorgrote meerderheid van die respon- dente ook baie aanvaarbaar is. Daar is selfs 'n groter mate van voor- waardelike aanvaarbaarheid vir kafees as byvoorbeeld vir die algemene handelaar of die supermark indien dit direk langs respondente se woonplek opgerig sou word. Trouens, in die geheel gesien is daar in die geval van kafees minder aanduidings van voorkeur vir gedistan- sieerde plasing as vir die ander twee fasiliteite.

(2) Skole, kerke

In hoofstuk 3 is daarna verwys dat die voorsiening van die getal skole in swart woongebiede volgens bepaalde norme geskied. In die praktyk kom dit daarop neer dat daar normaalweg minder sekondêre skole in 'n bepaalde gebied as primêre skole opgerig word. Die skoolbywoningsyfers

van swart leerlinge oor die afgelope aantal jare toon 'n buitengewoon hoë deelname aan primêre onderwys in teenstelling met sekondêre onderwys. In hierdie ondersoek is bevind dat die huidige ligging van primêre skole in die betrokke gebiede oor die algemeen as gunstig aanvaar word in teenstelling met dié van sekondêre skole, wat verklaar kan word in terme van die relatief yl verspreiding van laasgenoemde. Net meer as 'n kwart van die respondente het aangedui dat hulle verder as loopafstand van die naaste sekondêre skool af woon, terwyl die ooreenstemmende persentasie vir primêre skole maar 11,9 was. Volgens die ooreenstemmingsanalise (figuur 4.3) hou die meeste respondente tog nie daarvan dat skole, ongeag of dit 'n primêre of 'n sekondêre skool is, reg oorkant die straat of direk langs hulle moet wees nie. Die belangrikste bevinding wat ten opsigte van die ligging van skole gemaak kan word, is stellig die aanwesigheid van 'n besonder sterk voorkeur vir groter fisiese toeganklikheid as tans tot sekondêre skole in die omgewing.

Wat die persepsie van die respondente oor die huidige plasing van kerke in die betrokke gebiede betref, stem dit in 'n verbasende mate ooreen met dié van sekondêre skole, naamlik dat dit "ondervoorsien" is in die omgewing. Uit gesprekke wat na afloop van die opname met sommige van die veldwerkers gevoer is, het geblyk dat baie van die respondente se persepsie van "kerk" nie noodwendig 'n verwysing na 'n kerkgebou as sodanig impliseer nie, maar eerder na 'n plek van samekoms. In 'n ondersoek van Smit en Herbst (1983) is soortgelyke waarnemings gemaak. Die konsep kerk verteenwoordig nietemin een van die aanvaarbaarste fasiliteite vir die respondente. Die ooreenstemmingsanalise (figuur 4.3) toon in watter mate dit selfs voorwaardelik aanvaarbaar is, dit wil sê direk langsaan die woonplek. Die aktiewe betrokkenheid van swart vroue by kerklike aktiwiteite en die "oorverteenvoording" van vroue in die betrokke ondersoek moet nie in die verband heeltemal vergeet word nie.

(3) Sport- en ander ontspanningsfasiliteite

Oop terreine waar sport beoefen kan word, bioskoop- en ander teaters, perdewedrenkantore en sjebeens is vir die doel van die ondersoek

geïdentifiseer as moontlike ontspanningsplekke vir die inwoners van swart woongebiede. Wat die sportterrein en bioskoopteaters betref, het net meer as die helfte van die respondente (52,1 %) aangedui dat hulle verder as loopafstand daarvandaan geleë is, terwyl perdewedrenkantore vir alle praktiese doeleindes eintlik nie in die betrokke omgewings aanwesig is nie. Sjebeens of biersale daarenteen het 'n aansienlik "nader" profiel in die sin dat daar maar sowat net 'n derde van die respondente was wat nie minstens binne loopafstand van die naaste een af woon nie. Dit sluit nie noodwendig net gelisensieerde plekke in nie, want omdat dit nie gekontroleer kon word nie, kon sommige van die respondente moontlik ook na sogenaamde ongelisensieerde drinkplekke verwys het.

Die ooreenstemmingsanalise (figure 4.3, B.7 en B.20) toon dat beide sport- en teaterfasiliteite aanvaarbaarder is indien dit binne loopafstand is, as wanneer dit byvoorbeeld nader aan respondente se woonplekke geleë is. In 'n mate geld presies dieselfde ten opsigte van sjebeens. Volgens die CHAID-analises (kyk bylae C figure 1 tot 4) is daar 'n baie duidelike verband tussen die aanvaarbaarheid van sjebeens vir respondente en die besondere woongebied waarin hulle bly, terwyl die voorwaardelike aanvaarding ook interaksie toon met die respondente se ouderdom, geslag en of daar straatligte in die omgewing is waar hulle woon. Verder het ouderdom, soos verwag kan word, ten opsigte van al die ander ontspanningsfasiliteite telkens op een van die eerste drie vertakkings van die CHAID-figure na vore gekom as voorspeller vir hoe respondente die huidige lokaliteit daarvan aanvaar en ook hoe hulle dit voorwaardelik aanvaar. Hoe jonger die respondente hoe aanvaarbaarder was die nader geleë posisies van die ontspanningsfasiliteite vir hulle.

(4) Hostelle

Hoëdigtheidsbehuising vir swartes het vanweë die onsekerheid oor hulle permanensie in blanke stedelike gebiede nooit voorheen werklik enige prioriteit geniet nie. Boonop het opnames in dié verband (Swart 1979) getoon dat woonstelle vir alle praktiese doeleindes nie sonder meer vir die inwoners van swart woongebiede as alternatief aanvaarbaar sou wees nie. Gevolglik is hostelle of kampongs wat hoofsaaklik vir enkellopen-

de mans wat op die myne werk opgerig is, basies die enigste vorm van hoëdigtheidsbehuising wat vandag in swart woongebiede aangetref word.

Volgens die respondente wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, geniet hostelle nie baie aanvaarding deur die inwoners nie. Nagenoeg sestig persent van diegene wat tans verder as loopafstand van die naaste hostel af woon, verkies dit so of sou dit nog verder wou hê. Hoewel die ooreenstemmingsanalises (figure 4.3 en B.10) geen besondere sterk assosiasies toon tussen die huidige ligging en hoe dit aanvaar word of voorwaardelik aanvaar sal word nie, toon die CHAID-figure (kyk bylae C figure 1 - 20) dat benewens streek die geslag van die respondente asook hulle ouderdom, onderwyspeil en die aanwesigheid van straatligte in die omgewing verband hou met hulle houding jeens die ligging van hostelle.

(5) Ander kleinsake-ondernemings en nywerhede

Ander kleinsake-ondernemings waarna in die ondersoek verwys word, sluit in motordiensstasies, paneelklopondernemings, sloopwerwe en persele wat deur bou- en ander kontrakteurs gebruik word vir die berging van voorrade. Behalwe motordiensstasies wat volgens 52,0 % van die respondente minstens binne loopafstand van hulle af geleë is, is die ander betrokke ondernemings klaarblyklik baie minder toeganklik.

Daar is in elke geval baie duidelike verskille in hoe hierdie betrokke fasiliteite aanvaar word en hoe algemene handelaars en supermarkte deur die respondente aanvaar word. Die ooreenstemmingsanalises dui op 'n oënskynlike onbetrokkenheid van die respondente by eersgenoemde terwyl daar by laasgenoemde duidelike voorkeure (assosiasies) onderskei kon word.

Wat die nywerhede as sodanig betref, maak respondente in wese nie onderskeid tussen ligte en swaar nywerhede sover die aanvaarbaarheid daarvan nie. Hoewel ligte nywerhede (sogenaamde skoon en rookvrye fabriek) 'n aanvaarbaarder voorkoms kan hê en daar inderdaad ook 'n groter persentasie respondente gewillig is om dit nader aan hulle woonplekke te aanvaar, toon die ooreenstemmingsanalises dat hulle beide tipes nywerhede verder verwyder wil hê.

(6) "Beste" plasing van dienste- en handelsfasiliteite

Om die respondente se persepsie van die sogenaamde ideale of aanvaarbaarste posisionering van 'n reeks geriewe, dienspunte en sakeondernemings te ondersoek, is hulle gevra om uit 'n reeks van sewe alternatiewe plasings een aan te wys wat die geskikste vir hulle sou wees om die geïdentifiseerde plekke te plaas. Die response hierop het die volgende voorkeurplasings aan die lig gebring (tabel 4.8):

- (i) By of baie naby aan 'n winkelsentrum: Kafee, algemene handelaar, en mediese dienspunte.
- (ii) Enige plek in 'n residensiële gebied: Supermark, teater, bushalte, skole (primêr en sekondêr), motordiensstasie en kerk.
- (iii) Enige plek maar nie naby hulle woonplekke nie, naby maar nie in 'n residensiële gebied nie, naby 'n spoorweg- of bushalte: Busdepot, hostelle en sjebeen.
- (iv) In 'n gebied wat spesiaal daarvoor toegewys word: Fabrieke (rook en skoon), sloopwerf, paneelkloonderneming en kontrakteurspersele.
- (v) Enige plek: sportstadion en perdewedrenkantore.

Die klassifisering van plekke soos sjebeens en hostelle in dieselfde kategorie, spruit waarskynlik uit die negatiewe assosiasie wat die respondente met die twee plekke in die verlede gehad het. Dit beteken dus nie noodwendig 'n funksionele plasing in terme van die respondente se eie benutting daarvan nie.

4.6.4 Samevatting

(1) Die persepsie van swartes ten opsigte van die plasing en benutting van diens- en handelsfasiliteite in dorpsgebiede is tipies Westers maar grondliggend lae-inkomste van aard. Nogtans kan die lewenskwaliteit van al die inwoners nie noodwendig gesien word in direkte verhouding tot die kwaliteit van die fisiese omgewing waarin hulle tans woon nie.

Die groter mate van selektiwiteit ten opsigte van fasiliteite wat by die hoë-inkomstegroepe verwag kan word, het in die ondersoek egter nie duidelik na vore gekom nie. Die rede daarvoor hou verband met die relatief ongedifferensieerde fisiese voorkoms van swart woongebiede en die feit dat die hoë-inkomstegroep in swart stedelike gemeenskappe baie klein is en dus nie sterk in die ondersoekgroep verteenwoordig was nie.

(2) Oor die algemeen kan die persepsies van die inwoners oor hulle woongebiede en veral hulle voorkeure ten opsigte van die geskikste plasing van diens- en handelsfasiliteite as baie rasioneel bestempel word. Fasiliteite wat gereeld benut word, is geredeliker aanvaarbaar in residensiële gebiede as die wat 'n steuringsfaktor inhou soos sjebeens en sekere ander kleinsake-ondernemings. Een van die sterkste oorwegings by die voorkeur vir die plasing van diens- en handelsfasiliteite hou verband met die lae mobiliteitsvlak van die meeste inwoners en die koste wat hulle moet aangaan met betrekking tot vervoer. As daar opsommend na die reeks assosiasies tussen huidige ligging, die aanvaarbaarheid daarvan al dan nie en respondente se voorkeure in die verband gekyk word, is daar beslis sekere tendense wat skerp na vore kom. Die opvallendste hiervan is die volgende:

(a) Kafees, primêre skole, bushaltes, teaters en sportstadions is so geleë dat daar nie 'n sterk behoefte is om die bestaande posisionering sodanig te verander dat dit verder of nader geplaas moet word as wat dit reeds is nie. Dit beteken egter nie dat die respondente hulle ligging oorweldigend as 'goed geplaas' beskou nie.

(b) Algemene handelaars, sekondêre skole en kerkgeboue geniet voorkeur om hulle nader aan die respondente se wonings te kry as wat dit tans die geval is. Almal is aanvaarbaar in residensiële gebiede.

(c) Hostelle en sjebeens is nie juis aanvaarbaar binne residensiële gebiede nie. Respondente het nie spesifieke idees oor die ideale plasing van dié plekke nie, maar wil dit gewis nie naby hulle eie woonplekke hê nie.

(d) Sake-ondernemings soos paneelkloppers, sloopwerwe en kontrakteurspersele word nie noodwendig in woongebiede afgewys nie, maar daar is beslis steun daarvoor dat dit opgerig behoort te word in gebiede wat spesiaal daarvoor ingerig moet word. Fabrieke wat geassosieer word met geraas en rook is nie welkom in woongebiede nie, en ofskoon sogenaamde skoon of rookvrye nywerhede aanvaarbaarder in residensiële gebiede is, moet ook hulle verkieslik in spesiale gebiede geakkommodeer word.

HOOFSTUK 5

KLEINSAKE-ONTWIKKELING IN SWART WOONGEBIEDE

5.1 INLEIDING

Ontwikkelende lande ondervind in die algemeen probleme met 'n tekort aan kapitaal aan die een kant en 'n snelgroeïende arbeidsmag aan die ander kant. Dit word ook in hierdie lande algemeen aanvaar dat die landbousektor slegs 'n beperkte aantal nuwe werksoekers kan akkommodeer teen 'n vergoeding wat 'n aanvaarbare lewenstandaard verseker. Derhalwe word die ontwikkeling van nywerhede en die handel- en dienste-sektore deur meeste ontwikkelingsinstellings as prioriteitsgebiede vir die bekamping van die werkloosheidsprobleem beskou.

In die lig van die kapitaaltekorte spreek dit vanself dat 'n ontwikkelingsbeleid, vir soverre dit ekonomies regverdigbaar is, meer afgestem sal wees op die gebruik van arbeid as van kapitaal.

Studies in ontwikkelende lande toon dat kleinsake-ondernemings inderdaad 'n indrukwekkende indiensnemingsrekord het. Alhoewel die indiensneming in die baie klein onderneming in sommige lande op tussen 50 en 90 % van die totale indiensneming in vervaardigingsondernemings geraam word, produseer hierdie ondernemings egter slegs 20 tot 45 % van die totale opbrengs van daardie ondernemings (ILO 1984 : 23). Die klein ondernemings het dus 'n laer gemiddelde kapitaal tot arbeid verhouding as hul groter eweknie maar ongelukkig ook laer produktiwiteitspeile. Tog word klein nywerhede (informeel ingesluit) in ontwikkelende lande met 'n markgeoriënteerde stelsel as sleutelelemente van die ontwikkelingsbeleid beskou. Klassieke argumente wat ten gunste van die klein onderneming voorgehou word, is onder andere groter buigsaamheid in die produksieproses, laer oorhoofse koste per eenheid opbrengs, die voordeel van persoonlike betrokkenheid by bestuur, die ontwikkeling van entrepreneurs- en bestuursvaardighede en die gebruik van toepaslike tegnologie.

Die klein ondernemer kan in 'n markgeoriënteerde ekonomie ook 'n bydrae lewer tot groter mededinging deur die vlak van konsentrasie te verlaag.

Dit moet nietemin in gedagte gehou word dat alhoewel 'n groter aantal ondernemings in 'n bedryf 'n aanduiding van groter mededinging binne die bedryf kan wees, die klein ondernemer in die praktyk nie noodwendig dieselfde mark as hul groter konkurrente bedien nie. Indien die klein ondernemer werklik met die groter ondernemings om dieselfde mark sou meeding sal die groter onderneming beslis in die gunstiger mededingingsposisie wees.

5.2 KENMERKE VAN DIE KLEIN ONDERNEMING IN ONTWIKKELENDE LANDE

'n Voorvereiste vir die doeltreffende ontleding van die kleinsake-sektor en die invloed wat dit in die gemeenskap en breëre ekonomie kan hê, is 'n dataprofiel van die sektor self. By die ontleding van die kleinsakesektor moet antwoorde verstrekkend kan word op vrae soos die volgende:

- . Hoe groot is die sektor?
- . Hoe is die sektor saamgestel?
- . Wie is in hierdie sektor bedrywig?
- . Hoe groot is die ondernemings?
- . Waar is hulle geleë?
- . Watter probleme word ondervind?
- . Wat is die relatiewe belangrikheid van die probleme?
- . Wat is die toekomsvooruitsigte?

Data in hierdie verband is nie net belangrik in die ontleding van die sektor nie, maar is ook essensieel vir die formulering van 'n beleid vir die ontwikkeling van hierdie sektor.

In hierdie hoofstuk word die resultate van studies oor kleinsake uit verskeie lande, insluitende die RSA, ontleed. Die formele en/of informele sektore word deur die betrokke studies gedek. Die definisies van kleinsake-ondernemings wat in die studies aangetref word, is meestal pragmaties, dit wil sê soos deur die betrokke navorser geformuleer en verskil van een studie na die volgende. Alhoewel dit lastig kan wees dat daar nie 'n algemeen aanvaarbare definisie met duidelike skeidslyne tussen die formele en informele sektore gevind kan word nie, sou dit

eweneens misleidend wees om te wil voorgee dat hierdie sektore baie duidelik gekompartementeerd is. Die eienskappe van die kleinsakesektor word bespreek ten opsigte van

- . sekere demografiese eienskappe van die eienaars en werknemers;
- . die winsgewendheid van die sektor;
- . die werkskeppingsvermoë;
- . die hoeveelheid kapitaal wat investeer is;
- . die waarskynlikheid van sukses van die onderneming;
- . die fisiese en ekonomiese omgewing waarin die onderneming optree.

Die bevindinge van studies in ander lande word eerste ontleed en daarna word die situasie soos in die RSA in oënskou geneem.

5.3 SEKERE DEMOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DIE KLEIN ONDERNEMING

Die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) het in 'n verslag (ILO 1982) oor die informele sektor (wat so gedefinieer is dat dit ook die klein formele onderneming insluit) die volgende bevindinge met betrekking tot sekere demografiese eienskappe van kleinsake-ondernemings gemaak:

- (a) Die grootste gedeelte van die werksmag is mans.
- (b) Sekere aktiwiteite soos byvoorbeeld die maak van klere, verwerking van voedsel, handel en huishoudelike dienste, word deur vroue oorheers.
- (c) Die eienaars van hierdie onderneming is gewoonlik tussen 30 en 40 jaar oud, terwyl die werknemers jonger is.
- (d) Persone in hierdie sektore het minder as ses jaar formele opleiding gehad.

Dit blyk egter uit verslae van ondersoekes regdeur die spektrum van ontwikkelende lande, dat daar 'n groot mate van variasie rondom hierdie demografiese aspekte voorkom en dat ten opsigte van die beskrywing van die kleinsakesektor nie sonder meer veralgemeen kan word nie.

5.3.1 Geslag

Daar kon nie duidelike bewys gevind word dat die bestuurskorps van die klein onderneming deur 'n bepaalde geslag oorheers word nie. Sommige studies het bevind dat oorwegend vroue in hierdie sektore aangetref word (Mazumdar 1976; Souza en Tokman 1976) terwyl ander ondersoeke weer bevind het dat die meeste van die deelnemers mans is (Sethuraman 1981). Ander studies bevind weer dat bepaalde aktiwiteite deur vroue en ander deur mans oorheers word. 'n Studie van kleinsake in Cordoba (Sanchez, Palmiero & Ferrero 1981 : 145) het bevind dat mans in bepaalde sektore soos die produksie, konstruksie en die handel, waar heelwat kapitaal benodig word, die grootste deel van die arbeidsmag uitmaak, terwyl vroue aan die ander kant gekonsentreerd is by daardie aktiwiteite waar min kapitaal nodig is en waar die onsekerheid oor die inkomste groot is. Moser (1977 : 472) het in haar studie oor verkopers op die mark van Bogota bevind dat die geslagsverdeling gekoppel is aan die grootte van die besigheid. Die groter handelaars was mans terwyl vroue maar op klein skaal verkoop het.

Ten opsigte van die klein swart ondernemer in die RSA bevind Natrass in 'n ondersoek na kleinsake-ondernemings (hoofsaaklik formeel) wat in fabriekstelle gevestig en deur die KwaZulu-beleggings- en finansieringskorporasie (KFK) gefinansier is, dat 70 % deur mans bestuur word, maar dat vroue die klerebedryf oorheers (Natrass N.J., 1984).

In teenstelling hiermee bevind Jacobs (1982) in 'n studie van die informele sektor in Mdantsane naby Oos-Londen dat 78 % van die besighede deur vroue beheer word. Die onduidelikheid oor hierdie aangeleentheid word vererger deur bevindinge van studies van swart ondernemings (hoofsaaklik informeel), in Clermont, Windhoek en Inanda wat geen oorheersing deur 'n bepaalde geslag kan bepaal nie (Maasdorp 1983; Simon 1984; Natrass & Glass 1986). In 'n onlangse studie in die Durban-gebied bevind Natrass & Glass (1986) dat 86 % van die formele kleinsake-ondernemings (alle rasse) aan mans behoort.

Ten opsigte van die beroepsverdeling tussen geslagte is bevindinge van die swart kleinsake-ondernemings meer in lyn met dié van die ILO.

Vroue is gekonsentreerd in die klere- en smoussektore terwyl mans die handwerk en bou-ambagte oorheers (Simon 1984; Nattrass, N.J. 1985; Rogerson and Beavon 1982; Nattrass and Glass 1986).

5.3.2 Die ouderdomsprofiel van ondernemers en werknemers in die kleinsakesektor

Dit blyk uit studies van die kleinsakesektor in ontwikkelende lande dat daar 'n opvallende variasie in die ouderdomsverspreiding van die ondernemers is. Sommige studies toon 'n groot mate van deelname deur jeugdige (selfs kinders). Volgens Bromley (1978a) is 10 % van die straathandelaars in Cali jonger as die minimum werksouderdom van 14 jaar terwyl Sethuraman (1977) bevind het dat 72 % van die informele ondernemers in Kumasi jonger as 35 jaar is en in Freetown was 66 % jonger as 39 jaar. Die Marga-instituut (1981 : 103) bevind egter in Colombo, dat slegs 25 % van die betrokkenes in die informele sektor onder 24 jaar oud is, ten spyte daarvan dat 75 % van die werkloos in die munisipale gebied van Colombo in daardie ouderdomsgroep val. Hierdie bevinding is dus in teenstelling met dié van ander studies aangesien dit daarop dui dat relatief min jong werkers in die informele aktiwiteite geabsorbeer word.

In studies in hierdie verband in die RSA bevind Nattrass (N.J. 1984) 'n gemiddelde ouderdom van 38,5 jaar by die kleinsake-ondernemers in die fabriekstelle van die KwaZulu-beleggings- en finansieringskorporasie in terwyl Jacobs (1982) 'n gemiddelde ouderdom van 41 jaar by die informele ondernemers in Mdantsane aantref. In die Katlehong-studie was die gemiddelde ouderdom van persone wat in eie diens gestaan het 32 jaar (Nattrass & Glass 1984) terwyl 50 % van die sakelui in die Inanda-gebied (Durban) jonger as 38 jaar was (Nattrass & Glass 1986).

In 'n onlangse studie van die formele klein besighede in die groter Durban-gebied was helfte van die eienaars onder 44 jaar oud en dit verskil nie betekenisvol van dié van die informele ondernemers nie (Nattrass & Glass 1986).

Net soos in die Colombo-studie het Nattrass & Glass (1986) in die Inanda-studie bevind dat jonger persone dit moeilik vind om tot die informele sektor toe te tree. Ten spyte van hoë werkloosheid onder jong swartes was slegs 7 % van die werkers in die Inanda-studie 25 jaar en jonger.

In die RSA waar die werkloosheid onder jong swartes toeneem, kan hierdie bevindinge belangrike beleidsimplikasies hê. Die onderverteenwoording van die jong groep impliseer een van twee dinge, naamlik

- . dat die jong swarte geen of slegs beperkte toegang het tot die kapitaal wat nodig is om toe te tree, of
- . dat die informele sektor nie vir die jong swarte as werkverskaffer aanvaarbaar is nie en hy eerder verkies om werkloos te bly terwyl daar na werkgeleenthede in die loonsektore gesoek word.

Verdere navorsing om te bepaal waarom daar relatief min jong swartes aan kleinsake-aktiwiteite deelneem, lyk noodsaaklik in die lig van die politieke en sosiale onbestendigheid van die jong werkloses.

Die werknemers in die kleinsakesektor is oor die algemeen jonger as die bestuur. Dit is veral waar ten opsigte van die informele sektor waar Zarenda (1980) byvoorbeeld in Soweto bevind het dat daar van 'n aansienlike hoeveelheid kinderarbeid gebruik gemaak word. Nattrass & Glass (1986) vind in die Inanda-gebied dat die helfte van die werknemers jonger as 24 jaar is terwyl slegs 8 % van die eienaars in daardie ouderdomskategorie val.

5.3.3 Opleiding

Die opleidingspeil van eienaars van kleinsake-ondernemings in ontwikkelende lande is laag in vergelyking met dié van eienaars van kleinsake-ondernemings in die meer ontwikkelde lande.

Onder die enkele studies wat opleidingsvlakke in die kleinsakesektor met dié in ander sektore vergelyk, is daar in Colombo (Sri Lanka) deur die Marga-instituut (1981) bevind dat die mediaan-onderwyspeil van kleinsake-ondernemers slegs vier jaar is vergeleke met die gemiddelde onderwyspeil van tien jaar van die werkloses.

Dit is egter nie slegs formele onderwys wat by die kleinsake-ondernemings ter sake is nie. Ghana het byvoorbeeld 'n goedgeorganiseerde vakleerlingstelsel in die kleinsakesektor wat vakleerlinge in staat stel om vaardighede aan te leer teen 'n baie laer koste as dié in die formele onderwysstelsel (Sethuraman 1977). Aryee (1978) het bevind dat, vir sover dit Afrika aangaan, die "... most important source of training for potential very small and informal sector manufacturers is the apprenticeship system in the formal sector". Richardson (1984) gaan so ver om te beweer dat daar baie min bewyse bestaan wat aandui dat formele onderwys (soos geletterdheid en rekenvaardigheid) 'n voorvereiste is vir sukses in die informele sektor.

'n Studie wat oor kleinsake-ondernemings (informeel) in Mdantsane, gedoen is, bevind dat die gemiddelde onderwyspeil baie laag is en dat 48 persent van diegene wat ondervra is, hoegenaamd geen formele onderwys geniet het nie (Jacobs 1982). 'n Ondersoek in Windhoek toon effens hoër onderwysvlakke met 32 % wat geen onderwys gehad het nie en 28 % wat die volle primêre skoolopleiding geniet het (Simon 1984). Daar is egter aanduidings dat die eienaars van formele ondernemings meer opleiding gehad het as die eienaars van informele ondernemings. Die gemiddelde onderwyspeil van die ondernemers in die fabriekstelle in KwaZulu (hoofsaaklik formeel) was heelwat hoër as dié van die informele ondernemers in Inanda. Slegs vier persent van die ondernemers in die fabriekstelle het 'n onderwyskwalifikasie van laer as standerd 6 gehad terwyl meer as driekwart oor 'n onderwyskwalifikasie van standerd 9 of hoër beskik het (Nattrass, N.J. 1984). Net so het 'n studie van formele kleinsake-ondernemings in die Durban-gebied (blanke, swart en Asiër-eienaars) 'n gemiddelde onderwys-vlak van standerd 8 getoon (10 skooljare) terwyl 48 % van diegene wat in die opname ondervra is, 'n volle skoolopleiding gehad het (Nattrass & Glass 1986).

In die Inanda-ondersoek het Nattrass en Glass (1986 : 100) bevind dat 55 % van die 245 eienaars van kleinsake-ondernemings minder as vier weke opleiding vir hul werk gehad het. Vyf en sewentig persent van die ondernemers in die vermaaklikheid-, smous-, handwerk- en klein winkel sektore, het minder as vier weke opleiding gehad, terwyl 42 % van van die bousektor en 32 % van die ambagektor meer as twee maande opleiding gehad het. Die bevinding dat daardie ondernemers wat meer as R200 per maand verdien ses jaar opleiding gehad het teenoor die vier jaar opleiding van dié wat minder as R200 per maand verdien, kan daarop dui dat die lae vlak van opleiding 'n rol speel by die groot aantal mislukings in die kleinsake-sektor (Nattrass & Glass 1986 : 112). Hierdie feite is van belang en moet in ag geneem word by die formulering van maaatreëls om die ontwikkeling van die kleinsakesektor te stimuleer.

5.4 DIE WINGEWENDHEID VAN DIE KLEINSAKESEKTOR

By die beraming van die inkomstes van die informele sektor ontstaan die probleem dat ondersoek oor die algemeen slegs rekening hou met "visible 'socially acceptable' activities and exclude 'socially undesirable' activities which are often the most lucrative. They will underestimate income inequality as well as the overall level of wealth generated by the informal sector" (Nattrass and Glass, in Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 58). Nog 'n faktor wat die meting van die inkome van hierdie besondere groep ondernemers bemoeilik, is die feit dat hulle vanweë die "onwettige" aard van hul besigheidsaktiwiteite agterdogtig is en dikwels weier om die verlangde inligting te verstrek.

Ondersoek in ontwikkelende lande in Suid-Amerika, Afrika en Asië toon dat daar in die informele sektor nie 'n uniforme lae inkomstepeil is nie. Inkomste wissel tussen verskillende subsektore en gevolglik is dit foutief om die informele sektor te hanteer "as a homogenous whole or basing conclusions on the assumption that any specific subsector is representative" (Richardson 1984). 'n Ondersoek in Nairobi het 'n wye verspreiding van inkomstes getoon met vervaardiging die lonendste en dienste (motorherstelwerk uitgesluit) die mins lonende. Daar was egter 'n groot variasie binne sowel as tussen die lonende sektore. Wanneer na die sektor as 'n geheel gekyk word, het slegs 42 % 'n inkomste gehad wat minder as die minimumloon van die formele sektor is (House 1984).

Schmitz (1982) het eweneens na 'n studie in Brasilië tot die gevolgtrekking gekom dat "... the image of the small scale sector as that of the poor, and the large scale sector as that of the privileged, is questionable. To some extent this characteristic has emerged because of the way the sectors were defined or because of a lack of disaggregation" (in Natrass, Natrass & Krige 1986 : 144).

Alhoewel daar baie faktore is wat in aanmerking geneem moet word by die beoordeling van die inkomstevlakke en die inkomsteverdeling binne die kleinsakesektor, is dit duidelik dat alhoewel daar aansienlike armoede in hierdie sektor voorkom, inkomstes nie altyd laer is as dié in die meer formele of groter sakesektore nie. Hiermee word nie ontken dat inkomstes dikwels minimaal is nie.

Alhoewel daar ten opsigte van die situasie in die RSA min inligting omtrent die inkomste van swart besighede bestaan, dui die resultate van opnames daarop dat:

- . inkomstevlakke oor die algemeen laag is
- . inkomstes varieer tussen verskillende beroepe
- . inkomstes ongelyk verdeel is
- . dit nie duidelik is of die inkomstes van kleinsake-ondernemings oor die algemeen hoër of laer is as dié wat deur loonarbeid aangebied word nie.

'n Opname wat gedurende 1983/84 van huishoudings in Katlehong gemaak is, toon dat 40 % van die voltydse kleinsakemanne meer as R150 per week verdien terwyl 25 % minder as R50 per week verdien het. Hierdie bevindinge stem in 'n groot mate ooreen met die resultate van 'n opname wat die RGN (1985b) onder swart informele ondernemers in Bloemfontein, Pretoria, Kroonstad en Seshego gedoen het. In hierdie opname is bevind dat 25 % minder as R200 per maand en 24 % meer as R500 per maand uit informele aktiwiteite verdien het. Dit kan vergelyk word met die verdienstes van geskoolde arbeiders, waarvan 81 % meer as R150 per week verdien, ongeskoolde arbeiders waarvan 66 % minder as R50 per week verdien en deeltydse sakevroue waarvan 85 % minder as R50 per week verdien (Natrass en Glass 1984).

Min navorsing is gedoen oor die faktore wat die winsvlak van die swart kleinsake-onderneming bepaal.

In die Inanda-onderzoek bevind Nattrass en Glass (1986) 'n positiewe korrelasie tussen die winsgewendheid van die kleinsake-onderneming en die

- . hoeveelheid aanvangskapitaal
- . verdere kapitaal aangewend
- . kapitaal : arbeid-verhouding
- . opbrengskoers
- . opleiding van die ondernemer
- . ouderdom van die besigheid.

'n Negatiewe korrelasie is gevind tussen die winsgewendheid en die aantal werknemers asook die aantal direkte mededingers. Hulle kom tot die slotsom dat "... it is evident that the more successful operators face the same constraints as are faced by small business everywhere, namely, a shortage of capital and management expertise (in this case, very low level of literacy and numeracy skills). Policy packages aimed at filling these gaps should, providing they are developed in such a way as to be accessible ..., be a major factor in the sector's development" (1986 : 119-120).

5.5 KLEINSAKE EN WERKSKEPPING

Die kleinsakesektor word redelik algemeen deur beplanners en beleidmakers as 'n belangrike skepper van werkgeleenthede aanvaar. In die Witskrif oor die Skepping van Werkgeleenthede in die RSA (Suid-Afrika 1984 : 7) word die kleinsakesektor uitgelig as 'n faktor wat 'n belangrike bydrae kan lewer om die werkskeppingspotensiaal van die ekonomie in geheel te verhoog.

In die kleinsakesektor word drie vorme van indiensneming onderskei, naamlik,

- (i) eie indiensneming,
- (ii) indiensneming van familie,
- (iii) loonwerkers.

Alhoewel werkskepping en die vermindering van werkloosheid aspekte is wat voorgehou word as voordele verbonde aan die ontwikkeling van die kleinsake- en informele sektore, toon empiriese navorsing dat die getal werknemers (loonwerkers) in die kleinsake- en veral in die informele sektor, baie klein is. Meer as 80 % van die straatverkopers in Cali, Colombia, het sonder assistente gewerk (Bromley 1978a) en slegs 2 % van die werknemers in die informele sektor in Nairobi is vir hul dienste betaal (Burja 1978). Van die ondernemings in die informele sektor in Colombia was 85 % eenmanondernemings en van die oorblywende 15 % het die meerderheid, benewens die eienaar, slegs aan een of twee persone werk verskaf (Marga-instituut 1981). Studies oor swart kleinsake in die RSA toon soortgelyke resultate. Navorsing oor die informele sektor in Kaapstad toon dat 66 % van die ondernemings eenmanondernemings is en dat slegs 4 % aan meer as drie persone werk verskaf (Dewar en Watson 1981). Eweneens is daar in Windhoek gevind dat 68 persent eenmanondernemings is en dat 4 persent aan 3 of meer persone werk verskaf (Simon 1984). Soortgelyke resultate is verkry uit navorsing wat in gebiede rondom Durban gedoen is. In die Clermont-studie is die persentasie eenmanondernemings 69 en in die Inanda-studie 63 (Maasdorp 1983, Natrass en Glass 1986).

Die RGN het in 'n ondersoek bevind dat bykans 76 % van die informele ondernemers geen betaalde arbeider in diens het nie, terwyl 'n verdere 8 % slegs een betaalde arbeider in diens geneem het (RGN 1985b). Twintig persent van die ondernemings het egter van onbetaalde familie-arbeid gebruik gemaak.

Die waarde van die verskaffing van werkgeleentheid aan familie moet nie onderskat word nie. Baie lede van 'n gesin kan dikwels nie werk nie omdat hulle siek, te oud of te jonk is, baie huishoudelike verpligtinge het of omdat hulle nog studeer. Hulle kan egter 'n betekenisvolle bydrae maak om die gesinsinkomste te verhoog deur hulle arbeid in die gesinsonderneming, selfs op 'n informele manier, aan te wend. Gevallestudies in die Brasiliaanse tekstielnywerheid toon dat: "... it is not rare for the small firm owner to accept a lower real wage (per hour), in exchange for a (risky) opportunity to earn a greater amount by working longer hours and incorporating the labour of his family" (Schmitz in Natrass, Natrass & Krige 1986 : 64).

Anders as by loonarbeid, het gesinsarbeid die bykomende voordeel dat die klein produsent soepel kan reageer en aanpas by fluktuasies in die sake-klimaat. Tydperke van verlaagde omset kan oorleef word omdat vaste arbeidskoste laag is.

Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat baie persone wat in die informele sektor betrokke is ook 'n voltydse betrekking in die formele sektor beklee. Derhalwe verskaf die informele sektor nie noodwendig slegs aan werklose persone werk nie. Tog kan dit nie ontken word nie dat "die inkomste wat in die informele sektor verdien word, uiteraard die algemene welvaart van die deelnemers verhoog" (Reynders 1984 : 5).

In die RSA bestaan daar ook verskille in indiensneming na gelang van die aktiwiteit wat beoefen word. Sodanige verskille soos in Inanda gevind, word in tabel 5.1 aangetoon.

TABEL 5.1
INDIENSNEMING VOLGENS VERSKILLENDE INFORMELE AKTIWITEITE IN INANDA

	Werkers in diens in die verskillende kategorieë						
	Getal firmas	Slegs eienaar	2	3	4	5	Meer as 5
	N	%	%	%	%	%	%
Klein winkels	64	44	19	20	9	3	5
Smous	35	65	14	6	3	9	3
Naaldwerk	32	88	9		3		
Breiwerk	29	86	14				
Ander handwerk	19	63	16	11	5		5
Ambagte	28	64	11	11	14		
Bouers	12	42	8	8	25	17	
Vermaak	11	64		27		9	
Ander	19	68	11	16		5	
TOTAAL	249	64	13	11	6	4	2

Bron: Natrass, Natrass & Krige 1986 : 65.

In die algemeen is lone wat in die informele sektor betaal word, laag. In die Inanda-ondersoek het daar uit 'n arbeidsmag van 199 mense (eienaars uitgesluit) slegs 36 % (72 mense) vir lone gewerk. Van hierdie betaalde werkers het 47 % R10 per week of minder verdien en 80 % R25 per week of minder (Nattrass en Glass 1986 : 46). In die RGN-opname (1985b) is bevind dat betaalde lone gewissel het van R50 tot R99 per maand.

Dit blyk dat hoe formeler die kleinsake-onderneming is, hoe groter die vermoë om ander mense behalwe die eienaar en sy/haar onmiddellike gesinslede in diens te neem. 'n Studie van vervaardigingsondernemings in die fabriekstelle in die KwaZulu/Natal-gebied toon dat hierdie besighede in die algemeen oor 'n groter werkskeppingvermoë as informele ondernemings beskik. Slegs 14 % van hierdie firmas (formeel maar nog steeds baie klein) was eenmanondernemings, terwyl 36 % drie tot vier werkers en 16 % vyf of meer werkers in diens gehad het. Dit lyk of die formele ondernemings ook hoër lone as die informele ondernemings betaal.

In die geheel gesien behoort die beperkte formele werkskepping van die informele sektor egter nie afbreuk te doen nie aan die feit dat die informele sektor werk verskaf aan 'n beduidende deel van die ekonomiese be-drywige bevolking en daardeur voldoen aan die basiese lewensbehoef-tes van groot getalle mense wat nie andersins 'n heenkome sou kon vind nie.

5.6 FAKTORE WAT DIE KLEINSAKESEKTOR BEÏNVLOED

5.6.1 Die owerheid en die kleinsakesektor

Die oprigting, ontwikkeling en bedryf van sake-ondernemings in die RSA word gereguleer deur 'n verskeidenheid van wette en regulasies. Die groei en ontwikkeling van die kleinsakesektor sal dus ook in 'n groot mate afhang van die prioriteit wat die owerheid aan die ontwikkeling van hierdie sektor in die ekonomie as geheel, toeken. Nattrass stel dit dat, "... the size of the niche occupied by this sector in the overall economic hierarchy must be seen as a function of the extent to

which the State itself wishes to see small business prosper" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 21).

Die staat beskou die kleinsakesektor dikwels as 'n bondgenoot in die stryd teen die probleem van groeiende werkloosheid en gepaardgaande armoede. In hierdie verband is dit interessant om daarvan kennis te neem dat Berger (1981 : 84) ten opsigte van die informele sektor in Italië verklaar:

"It is difficult not to conclude that the survival of the traditional (informal) sector has been willed by the Italian Political elite ... The traditional sector absorbs and digests problems that might otherwise tear apart what the political elites of all parties regard as a fragile, social fabric. Of these pretentially radicalising problems, none is more critical than employment ... The elasticity of (these) firms makes them the shock absorbers of the economy ...".

In Brittanje het die staat die ontwikkeling van kleinsake aangemoedig in 'n poging om die mag van die vakbonde te verminder. Hoewel die vlak van vakbondaktiwiteit in die RSA in hierdie stadium nog sodanig is dat dit nie die hoofrede vir die staat se belangstelling in die ontwikkeling van die kleinsakesektor in Suid-Afrika is nie, word die groeiende vakbondbeweging tog in 'n mate as 'n toekomstige bedreiging gesien.

Daar is vir die staat ook 'n kostevoordeel geleë in 'n goedontwikkelde kleinsake- en informele sektor. 'n Studie in Nigerië het byvoorbeeld bevind dat "Industrial skill training is a two tier system. First industrial skills can be acquired in a formal institutional setting ... second, industrial skills can be acquired through the indigenous apprenticeship system in the informal sector ... this apprenticeship system has contributed immensely to industrial skill training and the development of small scale industry in Nigeria" (Oyeneyo 1984 : 61 en 67). Die opleidingskoste is dus laag in hierdie sektore en word in 'n gevestigde, hoewel nie-erkende, vakleerlingstelsel, deur die leerling self gedra of eenvoudig in die werkplek self aangeleer. Dit verminder die druk op die staat om sodanige opleiding te verskaf.

Kleinsake, veral dié in die informele sektor, bied ook werkgeleenthede aan diegene wat andersins werkloos sou wees of wat te oud of swak is om in die formele sektor te werk. Op hierdie indirekte wyse word die staat se verpligtinge ten opsigte van die versorging van hierdie mense verminder. So 'n besparing het die voordeel dat minder fondse aan welsyn bestee hoef te word, en daar is dus meer geld beskikbaar vir produktiewe beleggings (McGee 1979).

Ten spyte van genoemde redes waarom die staat die ontwikkeling van die kleinsakesektor behoort aan te moedig, gebeur dit dikwels dat wetgewing deur die staat, in plaas daarvan om hierdie sektor te ondersteun, net die teenoorgestelde uitwerking het. Daar word selfs aangevoer dat gedurende die sewentigerjare die algemene houding van die owerhede in Suid-Afrika vyandig teenoor kleinsake-ontwikkeling (veral ten opsigte van stedelike swartes) was (Wellings & Sutcliffe 1984 : 518). De Loor sê egter in hierdie verband, "I do not think that Government has been consciously prejudiced against small firms in the past, be they of any population group. It is perhaps rather a case of relative neglect, of little positively having been done to look in particular to the interest of small business" (Nasionale Mannekragkommissie 1984 : 29). Sedert die Carltonberaad in 1979 en die gevolglike stigting van die KSOK in 1981 het dit duidelik geword dat die regering met die bystand van groot besighede gaan poog om kleinsake-ontwikkeling te stimuleer ten einde as 'n hoeksteen te dien vir sy totale ontwikkelingsbeleid.

In die Witskrif (Suid-Afrika 1984 : 9) oor 'n Strategie vir die Skepping van Werkgeleenthede in die RSA word dit gestel dat "... klein ondernemings en die sogenaamde informele sektor 'n beduidende deel van die totale werkgeleentheid verteenwoordig, en so aan die basiese lewensbehoefte voldoen van groot getalle mense wat nie as loon- of salaristrekker in groot, betreklik kapitaal- en bestuursintensiewe ondernemings 'n heenkome kan vind nie".

Afgesien van die ekonomiese doelwit van werkskepping wat in verskillende regeringsverklarings in verband met die kleinsakesektor verduidelik is, bestaan daar ook 'n sterk politiek-ekonomiese element in die stra-

tegie om hierdie sektor te ontwikkel. Die voorsitter van die KSOK stel dit so: "The main key to the deteriorating employment problem is the creation of more small business ventures by Blacks ... and ... South Africa could expect second and third generation Black urban residents to become a destabilising factor in society if they were denied new business and job opportunities in the future" (Vosloo 1985).

In die lig van die oplewing in belangstelling vir die ontwikkeling van kleinsake, veral ten opsigte van swart kleinsake, is dit wenslik om na die faktore te kyk wat die ontwikkeling van swart sake-ondernemings in Suid-Afrika strem.

5.6.2 Wetlike beperkings en kleinsake-ontwikkeling

In die RSA bestaan daar 'n verskeidenheid van wette wat in 'n mindere of meerdere mate en op 'n direkte of indirekte wyse die oprigting, ontwikkeling en bedryf van sakeondernemings kan beïnvloed.

Hierdie onderwerp het in die laaste tyd besondere aandag geniet en verskeie ondersoeke met betrekking tot die wetlike aspekte wat beperkend inwerk op kleinsake-ondernemings is uitgevoer en verslae in die verband gepubliseer, byvoorbeeld die verslag van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria aan die Nasionale Mannekragskommissie (NMK) in 1981, die verslag van die NMK in 1984 en die verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidentsraad in 1985. Dit is ook bekend dat die Vryemarkstigting, die Stedelike Stigting en die Regshersieningskommissie heelwat navorsing gedoen het oor deregulering in die algemeen wat die kleinsakesektor waarskynlik op 'n indirekte wyse kan beïnvloed.

Uit hierdie verslae het onder andere die volgende geblyk:

(i) Wetgewing plaas soms sodanige las op die ondernemer of kleinsakeman dat dit die toetrede tot die bedryf beperk of die ontwikkeling van die onderneming inhibeer (PR 4/1985).

- (ii) Wetgewing onderskei nie tussen klein en groot ondernemings nie en sodoende word die klein onderneming dikwels nadelig getref deur maatreëls wat met die oog op groter ondernemings opgestel is (Nasionale Mannekragskommissie 1984 : 28).
- (iii) Daar bestaan 'n behoefte aan selektiewe wetsverslapping en/of afskaffing ten einde die formele sakesektor toegankliker te maak vir veral swart kleinsakemanne (U.P. Bestuurskool 1981 : 115).
- (iv) Die klem moet verskuif word tot beheer nà toetrede tot sakebedrywigheede eerder as op beheer vòòr toetrede (PR 4/1985 : 115).

Die individuele wette en regulasies word nie hier in besonderhede bespreek nie vanweë die feit dat die bespreking van individuele bepalinge baie tegnies van aard en omvattend sal wees en duidelik buite die veld van hierdie ondersoek val.

In bylae E verskyn ook 'n verslag van 'n ondersoek wat die RGN gedoen het met betrekking tot die regulasies van 'n aantal landboubeheerrade (kragtens die Bemerkingswet nr. 59 van 1968) wat die kleinsake-ondernemer in swart woongebiede raak.

Aangesien die verslae van die genoemde instansies en ook die bylae redelik omvattend verslag doen oor die betrokke wetgewing wat kleinsake-ontwikkeling as sodanig kan raak, word hier volstaan met enkele opmerkings oor wetgewing wat die klein swart ondernemer in die besonder raak.

Swartes is sedert 1922, ingevolge die bevindinge van die Stallard-kommissie as tydelike inwoners van die blanke gebiede van Suid-Afrika beskou. Hierdie "tydelikheid" van hul teenwoordigheid in die ontwikkelde handelsgebiede het uit die aard van die saak nadelig ingewerk op die ontwikkeling van swart besighede.

Die Groepsgebiedewet het ook die ontwikkeling van die swart sakesektor beïnvloed. Hierdie wet bepaal dat swart besighede slegs in swart residentiële gebiede geleë mag wees. Dit verbied swartes om 'n besigheid

in blanke, Indiër- of kleurlinggebiede te bedryf en sodoende word swart besighede beperk tot gebiede met 'n betreklik lae inkomstepotensiaal en 'n beperkte markkapasiteit.

Hierdie bepaling van die Groepgebiedewet is gedurende 1985 gewysig (Wet 101 van 1984) en op 21 Februarie 1986 is gedeeltes van die sentrale sakegebiede van Johannesburg en Durban oopgestel vir besighede van enige bevolkingsgroep. Tot Augustus 1986 is die besighheidsgebiede van 'n verdere 14 dorpe kragtens hierdie reëling as oop besighheidsgebiede verklaar. Die oopstelling van die sakegebiede van verskeie ander dorpe word tans op versoek van plaaslike owerhede of ander belanghebbende instansies (bv. sakekamer) oorweeg. Dit lyk dus of hierdie wetlike beperking op die ontwikkeling van swart besighede besig is om te verdwyn en dit behoort 'n positiewe invloed te hê op die ontwikkeling van swart sake-ondernemings.

Aan die ander kant moet dit nie uit die oog verloor word nie dat sekere regulasies die swart ondernemer teen mededinging vanuit die ander sektore beskerm het.

So byvoorbeeld bepaal 'n regulasie (R1036 van 1968) ingevolge die swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (No. 25 van 1945) dat 'n handelsperseel slegs aan 'n swarte (of 'n vennootskap waarin alle vennote swart is of 'n maatskappy waarvan alle aandeelhouers swart is) toegeken mag word. Die toepassing van hierdie regulasie is in 1979 verslap toe 'n beleidsbesluit geneem is waarvolgens ander bevolkingsgroepe belang in 'n vennootskap of maatskappy in die swart gebiede kon verkry. Die doel hiervan was onder andere om kapitaal en ook kundigheid van buite die swart gebiede daarheen te lok. Die swarte is egter steeds beskerm deur 'n bepaling dat sy belang in die onderneming nie minder as 51 % mag wees nie.

Alhoewel die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet in 1986 in geheel opgeskort is, word die betrokke regulasie egter steeds toegepas en geniet die swart ondernemer steeds beskerming teen mededinging van buite.

Uit die oogpunt van die swart kleinsakeman sal daar dus baie versigtig te werk gegaan moet word met die afskaffing van wetgewing en 'n verslapping in die regulasies. So 'n verandering kan enersyds sake-toestande vir die swart kleinsakeman vergemaklik, maar andersyds ook die toetrede tot dieselfde praktyke vir vernuftige, meer ervare en kapitaalkragtiger sakelui moontlik maak. So iets sou die mededingingsposisie van die swart sakeman verswak en hom moontlik selfs van die toneel laat verdwyn. Om hierdie rede "gebeur dit dat kleinsakemanne soms beswaar aanteken teen die opheffing of afskaffing van beperkende wetgewing" (U.P. Bestuurskool 1981 : 80). In 'n opname in die informele sektor bevind die RGN (1985b) dat bykans 12 % van die respondente dit as voorwaarde gestel het dat indien besighede in die woongebiede toegelaat sou word, daardie besighede slegs aan swart ondernemers mag behoort.

Afgesien van die maatreëls wat in wetgewing vasgelê is, is daar verdere beheermaatreëls wat byvoorbeeld betrekking het op stadsbeplanning en boustandaarde, die toekenning van persele, lisensiëring, gesondheidsbywette en regulasies van die landbouproduktebeheerrade, wat die ontwikkeling van die swart kleinsake-ondernemings beïnvloed.

5.6.3 Toepassing van wette en regulasies

Die wyse waarop wette toegepas word, bepaal grootliks in watter mate wette en regulasies deur kleinsake-ondernemings as knelpunte al dan nie ervaar word. Inkonsekwentheid met betrekking tot die vertolking en toepassing van regulasies skep onsekerheid en strem die ontwikkeling van veral die informele sektor (Nasionale Mannekragkommissie 1984 : 30; Dewar & Watson 1981 : 76). Dit wil egter voorkom of daar in die jongste tyd 'n dramatiese verandering in die houding van die betrokke owerhede teenoor die informele en kleinsakeman ingetree het.

As deel van hierdie studie is onderhoude gevoer met verteenwoordigers van plaaslike owerhede, ontwikkelingsrade, bestuurskomitees, ensovoorts en die houding van hierdie instansies teenoor die swart ondernemer was deurgaans positief.

Daar is onder andere bevind

(1) dat die regulasies van plaaslike owerhede so plooibaar as moontlik toegepas en inderdaad "gerek" word om waar enigsins moontlik, die swart ondernemer tegemoet te kom;

(2) dat ondersoek na ongelisensieerde bedrywighede slegs ingestel word nadat daar klagtes in hierdie verband by die owerhede ingedien is;

(3) dat lisensiëringsprosedures heroorweeg en aangepas word met die oog op vereenvoudiging en bespoediging van die proses van registrasie;

(4) dat die wette en regulasies in die eerste plek daargestel is om die gesondheid, welsyn en ander belange van die breë publiek te beskerm en nie sonder meer oorboord gegooi kan word nie.

Die Riekertkommissie (Riekertverslag 1979) het bevind dat administrasie by die toekenning van 'n perseel, onder andere oorweging skenk aan aspekte soos

- (i) die behoefte aan die betrokke aktiwiteit,
- (ii) die beskikbaarheid van 'n geskikte perseel, en
- (iii) of die applikant oor die nodige kennis en kapitaal beskik.

Hierdie ongedefinieerde en subjektiewe norme leen hulle egter tot arbitrêre besluite ten opsigte van die toekenning van persele in Swart woongebiede. Die besluit kan ook verskil van die een gemeenskapraad na die volgende terwyl daar ook ruim geleentheid was vir korrupsie en die bevoordeling van een applikant bo 'n ander (Nattrass, Nattrass & Krige 1986).

Dieselfde probleme word egter steeds ondervind waar hierdie magte aan swart plaaslike besture oorgedra word. Hierdie probleem is dus inherent aan die stelsel en nie soseer aan wie vir die toepassing daarvan verantwoordelik is nie.

5.6.4 Sonering

Volgens die meeste stedelike ontwikkelings- en beplanningspraktyke in die Westerse wêreld word sekere gebiede gesoneer vir bepaalde gebruike, byvoorbeeld residensiële, handels- en nywerheidsgebruike. Ook in die swart dorpe en stede in die RSA het dorpsontwikkeling plaasgevind met sonering as dominante benadering.

Die huidige tempo van swart verstedeliking, en veral die versnelling in die tempo wat verwag word na die afskaffing van die instromingsbeheermaatreëls, stel bykans onhanteerbare eise aan die owerhede met betrekking tot die voorsiening van basiese en infrastrukturele dienste.

Een van die kernvraagstukke in hierdie verband is die beskikbaarheid van persele vir woon- en ander doeleindes.

Die punt is reeds bereik waar die voorheen aanvaarde beplanningstandaarde en dorputlegkonsepte en meer spesifiek sonering, bevraagteken word deur voorstanders van 'n stelsel van 'n meer geïntegreerde grondgebruik.

Voorts blyk dit uit verslae van ondersoeke na kleinsake-ontwikkeling dat sonering die sake-ontwikkeling en vrye deelname aan ekonomiese aktiwiteite in die algemeen inhibeer en verstedeliking- en werkloosheidvraagstukke vererger.

Jacobs (1983 : 30) stel dit dat "Die verbod op die beoefening van sakebedrywighede in residensiële gebiede maak dit onmoontlik vir baie individue om 'n sake-onderneming op klein skaal te begin" en hy pleit vir die algehele afskaffing van sonering.

Page (1979 : 37) wys op 'n ander nadeel van sonering, naamlik dat "Zoning regulations tend to impact particularly severely on small enterprises because of the limited geographic nature of their markets".

Waar vervoerfasiliteite ontoereikend is, soos wat dit dikwels in swart woongebiede aangetref word, word die probleme wat normaalweg met 'n

skeiding van grondgebruik (sonering) ondervind word, ge-aksentueer. Dit is veral moeilik vir die verbruiker om in hierdie gebiede die handelaar te bereik om daaglikse benodigdhede aan te koop. In 'n RGN-onderzoek (RGN 1985a) is bevind dat meer as 26 % van die respondente hul daaglikse benodigdhede aankoop op pad na of terug van die werk. Dieselfde ondersoek het verder getoon dat 48 % van die respondente 'n spesiale rit moet onderneem om bederfbare produkte soos melk en vleis te koop. Die koste- en ongeriefsimplikasie hiervan is voor-die-hand-liggend.

5.6.5 Groot ondernemings en die ontwikkeling van kleinsake

Dit is nie net die staat wat bewus is van die voordele van of wat belang het by die ontwikkeling van 'n gesonde kleinsakesektor nie. Groot ondernemings het om verskeie redes ook belang by die ontwikkeling van kleinsake byvoorbeeld: "From a general wish to see a market economy with lots of small competing units; from a wish to see risk taking and innovation in the hands of little enterprises rather than their own; from a desire to reduce the power of trade unions and from the knowledge that strike rates and union activity are generally much lower in small concerns" (Bechoffer and Elliott 1981 : 189).

Kleinsake-ontwikkeling hou vir groot ondernemings onder andere ook die voordeel in dat dit die risiko vir groot ondernemings verminder. Dit gebeur dikwels dat die klein ondernemings 'n bepaalde mark identifiseer en binnedring en nadat dit suksesvol ontwikkel en gevestig is, word die besigheid eenvoudig deur die groot onderneming oorgeneem (McEwan Scott 1979). Die groot onderneming dra dus geen vestigingsrisiko nie maar bekom 'n besigheid wat reeds bewys het dat dit suksesvol in die mark kan opereer. Net so verminder die groot onderneming sy risiko deur sekere besigheid op sub-kontrak aan 'n klein onderneming toe te ken (Burger 1981).

Groot ondernemings baat ook indirek deur die invloed wat kleinsake-ondernemings op loonpeile het. Sommige navorsers beweer dat die informele sektor, deur die verskaffing van goedkoper goedere help om die lewenskoste laag te hou en daardeur die druk om hoër lone vir die groot

onderneming verminder (Bieneveld & Godfrey 1975; Davies 1979; Beavon & Rogerson 1982, Wellings & Sutcliffe 1984). "However, it is extremely difficult to show this empirically and the arguments advanced tend to be based on the fact that small business by its very existence lessens both the need for and the means by which workers can press for wage increases" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 28).

Alhoewel daar soos gesien verskeie oorwegings is wat 'n groot onderneming sal noop om die ontwikkeling van kleinsake aan te moedig, is die teendeel ook waar. Mededinging is die hoeksteen van 'n markgeoriënteerde stelsel en groot ondernemings is daarop gesteld om hul regmatige aandeel van 'n mark te bekom en te behou. Dit sal dus nie in die groot onderneming se belang wees as die kleinsakesektor te groot word nie. Die groot onderneming sal die kleinsakesektor dus slegs "verdra" solank as en in die mate dat dit geen bedreiging vir die groot onderneming inhou nie.

Die "optimumgrootte" wat vir die groot onderneming aanvaarbaar is, is egter in 'n ontwikkelingsituasie nie staties nie. Faktore soos die werkloosheidspeil, die groeikoers in die arbeidsmag, die groeikoers van die groot besigheidsektor, omvang van sosiale onrus en die algemene ekonomiese klimaat sal 'n invloed hê op die groot onderneming se persepsie van wat die aanvaarbare grootte van die klein- en baie kleinsakesektor behoort te wees. Dit is voor-die-hand-liggend dat die staat en die groot ondernemings se siening in hierdie verband nie noodwendig dieselfde sal wees nie. So byvoorbeeld sal die staat veral belang hê by die ontwikkeling van die kleinsakesektor in tye van sosiale en politieke onrus, terwyl groot ondernemings belang sal stel in die uitbreiding van kleinsake in tye van ekonomiese voorspoed eerder as tydens 'n slapte in die ekonomie. Aangesien sosiale onrus dikwels hand aan hand loop met 'n slapte in die ekonomie, is dit duidelik dat sulke toestande spanning kan bring tussen die staat en die groot-sakesektor - veral ten opsigte van hul houding teenoor die kleinsakesektor (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 30).

5.6.6 Mededinging

"Die bevordering van kleinsake-ontwikkeling is streng gesproke nie deel van die owerheid se beleid om effektiewe mededinging in die ekonomie te bevorder nie, maar dit het, indien suksesvol, baie spesifiek hierdie uitwerking" (PR 1/1984 : 92). Verskerpte mededinging kan dus beskou word as 'n belangrike neweproduk van die pogings om kleinsake-ontwikkeling te stimuleer.

Wanneer daar na die posisie van die klein swart sakeman en die informele swart ondernemer gekyk word, is dit inderdaad so dat daar wetgewing bestaan of bestaan het wat hulle toegang tot die groter blanke stedelike markte ontsê en dus ook van moontlike ontwikkelingsgeleenthede weerhou het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dieselfde muur (wette) wat hulle weerhou het van toetrede tot die blanke markte hulle ook terselfdertyd beskerm het teen mededinging vanuit daardie markte. Voorstelle vir die afskaffing van wetgewing moet derhalwe baie versigtig oorweeg word met inagneming van die invloed wat so 'n stap op die mededingingsposisie sal hê, alvorens dit gewysig word.

5.6.7 Finansiering van kleinsake-ondernemings

Kleinsake-ondernemings is in die algemeen relatief arbeidsintensief en het 'n kleiner vraag na kapitaal as groot ondernemings. Tog bly 'n gebrek aan kapitaal een van die belangrikste faktore wat kleinsake-ontwikkeling strem.

Die meeste van die kapitaal van kleinsake-ondernemings word verkry uit eie bronne of is van ouers of vriende geleen. 'n Oorsig van 'n aantal studies bevind dat "... informal sector enterprises rely heavily on internal resources (owners, family and friends) for capital; ... the lack of credit is a major barrier to expansion and ... they are unable to obtain capital from either the banks or the government in the quantities they need at reasonable cost" (Richardson 1984 in Natrass, Natrass & Krige 1986; sien ook Jurado 1981 vir Manila). Dit dui daarop dat hierdie ondernemers òf nie toegang tot eksterne bronne van finansiering het nie òf onkundig is met betrekking tot die bronne en beskikbaarheid van kapitaal òf 'n kombinasie van albei moontlikhede.

Dit is vir die kleinsakeman ook moeilik om handelskrediet te bekom vanweë onvoldoende sekuriteit en die relatief hoë koste wat die administrasie van klein lenings vir finansiële instellings het. Banke gee ook voorkeur aan lenings vir kapitaalinvesterings (vaste kapitaal) eerder as vir die bedryfskapitaal wat klein ondernemings so nodig het (Richardson 1984). In 'n studie in Lagos is bevind dat 82 % van die informele sektor nooit 'n poging aangewend het om bankkrediet te kry nie, maar van dié wat wel probeer het, was 88 % onsuksesvol gewees (Fapohunda 1981).

Alhoewel daar in Suid-Afrika verskeie instellings is wat spesiaal ingestel is op die finansiering van klein ondernemings (KSOK, KFK, kleinsake-afdelings van handelsbanke) beweer Krige (1985) dat hierdie instansies nie vir die swart ondernemer geredelik toeganklik is nie. Daar is inderdaad bewys dat in die Natal/KwaZulu-gebied nóg die KSOK nóg die KFK die informele sektor genoegsaam bereik. In 'n opname van kleinondernemings in Inanda het 53 % van die ondernemers van òf die KSOK òf die KFK gehoor, maar slegs 25 % het te kenne gegee dat hulle weet wat hierdie instellings doen (Nattrass & Glass 1986).

Aangesien hierdie instansies belangrike owerheidsinstrumente is wat spesifiek in hierdie sektor se finansieringsbehoefte moet voorsien, moet dringende stappe gedoen word om te verseker dat die beskikbare fondse die regte mense bereik en inderdaad aangewend word vir die doeleindes waarvoor dit bedoel was. Die drastiese verhoging in die bedrag wat die staat gedurende die 86/87-begroting aan die KSOK beskikbaar gestel is, hou veel belofte in maar dan is dit noodsaaklik dat die knelpunte soos hierbo genoem uitgeskakel word.

5.6.8 Die fisiese en ekonomiese omgewing

Alhoewel dit algemeen bekend is dat die eksterne omgewing 'n besigheid positief of negatief kan beïnvloed, is daar min empiriese werk in hierdie verband in die RSA gedoen. Nattrass & Glass (1986) het egter in studies bevind dat die fisiese omgewing in Inanda ongunstig is vir kleinsake-ontwikkeling aldaar. Die gebied gaan byvoorbeeld mank aan paaie, spoorwegfasiliteite, telefone, elektrisiteit en in sommige

gevalle aan skoon water. Die vervoerfasiliteite tussen Inanda en Durban is betreklik goed maar binne die gebied is dit power. Dit het tot gevolg dat dit vir inwoners van Inanda geriefliker is om in Durban inkopies te gaan doen as in Inanda self. Hierdie situasie werk stremmend in op kleinsake-ontwikkeling in Inanda aangesien hierdie ondernemings in der waarheid met die groot ondernemings in Durban meeding.

Die besigheidsomgewing in Inanda is ook primitief. Meer as die helfte van die besighede is meer as 20 minute se stap van 'n poskantoor af, 93 % verder as 20 minute se stap van 'n bank of bouvereniging af en 92 % verder as 20 minute van 'n ander fabriek af (Nattrass & Glass 1986). "Inadequate environmental facilities are of more than passing interest since they increase the cost of a firm's operations and inevitably also increase the change of its failure. Consequently this area too is one that should receive the attention of policy formulators" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 75).

5.6.9 Ander faktore

Die Nasionale Mannekragskommissie (1984 : 46) identifiseer in 'n verslag oor 'n ondersoek na die kleinsakesektor die volgende ander probleme waarmee swart ondernemers te kampe het:

(i) Interne probleme

- . gebrekkige onderwys, opleiding, ervaring, besigheidskennis en bestuurskundigheid en -vernuf;
- . onoordeelkundige aankoop- en bemarkingspraktyke;
- . ondoeltreffende personeelbeleid en menseverhoudinge;
- . beperkte kennis en insig ten opsigte van allerlei belangrike aangeleenthede (soos wette/regulasies en die optrede van mededingers).

(ii) Eksterne probleme

- . ontoereikende of ontoepaslike persele en geboue wat spesifiek vir kleinsake-ondernemings bedoel is, en
- . gebrekkige infrastruktuur soos elektrisiteit, water, vervoer en veral kommunikasiegeriewe.

Aanvullend tot die genoemde faktore is daar nog die aspek van die toenemende konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie, waar dit vir groot maatskappye moontlik is om omstandighede in sowel die aanbod- as die vraagkant van die mark te manipuleer. Ten spyte daarvan dat daar in die RSA die nodige wetgewing vir die beheer van monopolieë en monopolistiese praktyke bestaan het, is dit in die verlede nie doeltreffend toegepas nie. Ekonomiese konsentrasie het oor die laaste drie dekades toegeneem en doen dit steeds. "The real key to the development of Black business may lie in the use of the anti-monopoly legislation rather than in measures to facilitate the development of small business alongside the growing large scale monopolies" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 40).

Die beperkende faktore wat die NMK uitgelig het, sluit nie beperkinge in nie wat wette/regulasies op die kleinsakesektor plaas. Die wetlike beperkings behels 'n verskeidenheid van wette en regulasies van sentrale, provinsiale, plaaslike en ander owerhede. Dit het betrekking op aspekte soos behuising, winkelure, vervoer, lisensiëring, ensovoorts. Die invloed daarvan word weerspieël in voorwaardes/vereistes waaraan voldoen moet word, en voorskrifte wat gevolg moet word (papierwerk ingesluit) asook in die houding van amptenare wat betrokke is. Sommige van die wette raak alle sektore in die volkshuishouding maar ander is slegs van toepassing op swart ondernemers en ondernemings in swart woongebiede.

Ander faktore wat die ontwikkeling van die kleinsakesektor benadeel en waaroor veral die swart ondernemer geen invloed kan uitoefen nie, is byvoorbeeld 'n tekort aan geskikte persele en geboue, swak infrastruktuur, beperkte koopkrag van kliënte, sekuriteit- (veiligheids-) probleme, ensovoorts.

Van owerheidskant het daar in die jongste tyd verskeie inisiatiewe uitgegaan om die posisie vir kleinsake en veral die swart kleinsakeman te verbeter. Die oopstelling van blanke besigheidsgebiede vir swart ondernemers en groot bedrae wat beskikbaar gestel is vir lenings en opleiding, is voorbeelde hiervan.

Alhoewel die privaatsektor 'n belangrike rol het om te speel het daar tot dusver van hulle kant, behalwe vir deelname aan die KSOK en Stedelike Stigting, min daadwerklike bydrae gekom. Reynders (1984 : 10) stel voor "... that business put its action where its mouth is, and live up to its confessions as proponents of private enterprise and small business development".

5.7 DIE WAARSKYNLIKHEID OP SUKSES/MISLUKKING VAN ONDERNEMINGS IN DIE KLEINSAKESEKTOR

Navorsingsresultate dui daarop dat faktore soos groter risiko, hoër koste van finansiering en bestuursprobleme aanleiding gee tot 'n hoër mortaliteit onder kleinsake-ondernemings as by groter besigheids (Mansfield 1962; George 1964; Nattrass 1970). Dit is egter moeilik om hierdie verband empiries te bewys aangesien onsuksesvolle ondernemings normaalweg van die toneel verdwyn en nie in ondersoek ingesluit word nie.

Die ouderdomsprofiel van sake-ondernemings word soms gebruik as 'n indirekte maatstaf om die moontlikheid op sukses in 'n bepaalde sektor te illustreer. Indien aanvaar sou word dat onsuksesvolle ondernemings deur nuwes vervang word, sal 'n lae gemiddelde ouderdom van ondernemings in die sektor dui op 'n hoër risiko van mislukking aldaar.

Resultate van studies toon dat die meeste van die ondernemings in die kleinsakesektor minder as vyf jaar oud is en bevestig die vermoede dat baie klein besigheids misluk. Sethuraman (1981 : 103 en 115) rapporteer dat slegs 39 % van kleinsake-ondernemings in Jakarta meer as vyf jaar bestaan, terwyl die syfers vir Lagos 34 %, Kumasi 48 %, Freetown 31 % en Colombo 6 % was.

Aan die ander kant toon hierdie studies ook dat meer as een derde van die besighede langer as vyf jaar aan die gang is, wat beteken dat daar heelwat korrels oorbly nadat die kaf uitgewan is. In 'n opname onder swart informele ondernemers bevind die RGN (1985b) dat 64 % van die besighede vyf jaar en jonger is terwyl 16 % minstens 10 jaar sake doen.

Simon (1984) bevind in Windhoek dat 75 % van die besighede minder as vyf jaar oud is terwyl 16 % langer as 20 jaar in die bedryf is. In die Clermont- studie was 73 % van die ondernemings minder as vier jaar oud (Nattrass & Glass 1986).

Dit wil voorkom asof ondernemings in sektore wat min kapitaal nodig het en dus maklik begin kan word, byvoorbeeld in die handel- en dienste-sektore, oor die algemeen jonger is as dié in die konstruksie- en vervaardigingsektore (Fapohunda 1981; Moir 1981). Bevindinge van die RGN-opname (1985b) onder swart informele ondernemers ondersteun hierdie vermoede. Daar is onder andere bevind dat 58 % van die respondente uit die handel- en dienstesektore minder as twee jaar sake doen terwyl 60 % van die informele bouers minstens sewe jaar daarmee besig is.

Alhoewel daar 'n skakel kan wees tussen die ouderdom van 'n besigheid en sy vermoë om te oorleef, is 'n hoë ouderdom nog nie 'n bewys dat die besigheid uit 'n ekonomiese oogpunt suksesvol is nie. Die RGN (1985b) het byvoorbeeld bevind dat 30 % van die informele besighede wat minder as R100 per maand wins oplewer reeds sewe jaar of langer daarmee besig is. Hierteenoor was 40 % van die ondernemers wat meer as R500 per maand verdien het slegs twee jaar of minder in die bedryf. Nattrass & Glass (1986) bevind in die Inanda-studie dat daar bykans geen verband bestaan tussen die kapitaal-groei en die verwagte lewensduur van die onderneming nie. By daardie besighede wat wel gegroei het, was daar egter 'n positiewe verband tussen die groeikoers en die ouderdom. 'n Moontlike verklaring vir hierdie oënskynlike teenstrydigheid is dat groei as sulks nie so 'n belangrike doelwit by informele ondernemers is nie. "Those operators who have persisted despite the fact that their enterprises had not expanded, could well comprise those marginalised individuals who effectively have been 'forced' into the informal sector by their inability to obtain alternative employment. However,

some people may have chosen to remain small notwithstanding opportunities for expansion. It is interesting that of those operators whose enterprises had not grown at all 65 per cent said that they 'would remain in the business forever'" (Nattrass & Glass 1986 : 37-38).

Nattrass (N.J., 1984) bevind dat formele ondernemings 'n groter kans op sukses het as hul informele eweknie. Vyf en vyftig persent van die ondernemings in die KFK-fabriekstelle (almal formeel) was tussen vier en agt jaar oud terwyl nog 26 % ouer as agt jaar was. Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat die formele ondernemings meer geredelik toegang het tot hulpbronne soos finansiering, bestuurskundigheid, ensovoorts. Verdere navorsing is egter nodig om met groter sekerheid te kan bepaal watter faktore 'n rol speel by die sukses/mislukking van kleinsakeondernemings.

5.8 DIE INFORMELE SEKTOR

5.8.1 Inleiding

In die literatuur word daar soms duidelik onderskeid getref tussen die kleinsake- en informele sektore terwyl dit ook dikwels gebeur dat geen onderskeid gemaak word nie en dat die informele sektor beskou word as deel van kleinsake-ontwikkeling in die algemeen.

Waar dit in hierdie studie veral gegaan het om die bevordering van kleinsake-ontwikkeling in swart woongebiede en aangesien daar veral in hierdie gebiede slegs 'n marginale verskil tussen formele en informele aktiwiteite bestaan (dikwels slegs 'n handelslisensie), is daar in hierdie studie nie veel klem gelê op die onderskeid tussen die kleinsake- en informele sektore nie.

Die RGN het nogtans, as deel van die ondersoek na kleinsake-ontwikkeling in swart woongebiede 'n beperkte opname onder deelnemers aan sekere informele aktiwiteite in hierdie gebiede gedoen (RGN 1985b). Die resultate van hierdie opname word vervolgens gerapporteer.

5.8.2 Ondersteuning van smouse

Die smous van kos en ander handelware is 'n bekende handelsaktiwiteit in alle lande. In die RSA is dit 'n praktyk wat sowel formeel as informeel bedryf word.

Die onderhawige ondersoek het onder andere ten doel gehad om die mate van ondersteuning wat smouse onder inwoners van die swart woongebiede geniet te bepaal. 'n Betekenisvolle ondersteuning van die informele sektor (in terme van aankope) sou as 'n aanduiding kon dien van 'n positiewe houding en 'n aanvaarbaarheid van die informele aktiwiteite vir die inwoners van die gebiede wat deur hulle bedien word. Respondente is gevra om aan te dui of hulle in die week wat die opname voorafgegaan het enige kos- of ander aankope by smouse gedoen het. Die response word in tabel 5.2 en figuur 5.1 weerspieël.

TABEL 5.2

AANKOPE BY SMOUSE (N = 1454)

Soort smous	Voedsel		Ander items		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Straatsmous in eie woongebied	506	34,8*	95	6,5	601	41,3
Straatsmous in ander gebiede	121	8,3	46	3,2	167	11,5
Smous by busterminus	201	13,8	30	2,1	231	15,9
Stalletjie by busterminus	126	8,7	13	0,9	139	9,6
Privaatpersoon in eie woongebied	93	6,4	48	3,3	141	9,7
Privaatpersoon in ander woongebied	20	1,4	29	2,0	49	3,4

*Persentasies is gegee ten opsigte van die totale groep respondente vir hierdie vraag.

Uit tabel 5.2 blyk dit dat bykans 35 % van die inwoners van swart woongebiede gedurende die voorafgaande week voedsel/voedselprodukte van straatmouse in hul eie woongebiede aangekoop het. Aankope van ander goedere van hierdie handelaars was egter heelwat minder.

Aankope van vars groente en vrugte beloop 81,4 % en maak die oorweldigende meerderheid van aankope van smouse uit (fig. 5.1a). Gaar voedsel

(8,0 %) en vleis (4,5 %) is die ander items wat redelike aanvraag geniet. Hierdie produkte verteenwoordig grootliks daardie items wat redelik bederfbaar is, en met die beperkte verkoelingsgeriewe van die inwoners, in relatief klein hoeveelhede en op 'n daaglikse/weeklikse basis aangekoop word.

Verder is dit opvallend dat veral die straatmous in die respondent se eie woongebied ondersteun word. Smouse in ander woongebiede as waar die respondent woonagtig is, word min ondersteun. Die enigste ander smouse wat noemenswaardige steun geniet, is dié wat hulle ware by busdepots van die hand sit. Bykans 14 % van die respondente het voedselware by hulle gekoop. Aankope van privaatpersone is klaarblyklik nie 'n belangrike aktiwiteit nie, want slegs 6,4 % van die respondente het die betrokke week enige voedselware by dié persone gekoop.

As belangrikste rede vir hul ondersteuning van die smouse noem die respondente die prys van die produk (42-49 %), terwyl die beskikbaarheid van goedere op 'n gerieflike plek (bv. in straat by huis, langs vervoerroetes ens.) deur 16-27 % van die respondente as rede voorgehou word. Die goeie kwaliteit van die produk (varsheid), word deur 26 % van die respondente as rede aangegee waarom hulle die smouse en informele handelaars ondersteun (fig. 5.1 a-f). Hieruit kan gesien word dat hierdie deel van die informele sektor 'n belangrike diens aan die gemeenskap lewer in die sin dat bepaalde bemarkingsfunksies deur die ondernemers uitgevoer word.

5.8.3 Benutting van herstel- en verwante dienste

Die instandhouding van die woning, byvoorbeeld verf van die huis en herstelwerk aan huishoudelike artikels soos elektriese toerusting is aktiwiteite wat noodwendig verrig moet word en normaalweg aanleiding gee tot 'n vraag na sodanige dienste. In tabel 5.3 word 'n opsomming gegee van die getal respondente uit die ondergroep wat die afgelope ses maande instandhouding aan hulle huise asook herstelwerk aan huishoudelike artikels moes doen. Wat in dié verband van belang is, is nie soseer die omvang daarvan nie as deur wie dit gedoen is. Besonderhede in dié verband word ook in tabel 5.3 verstrekk. Daaruit blyk dat

huishoudelike instandhouding soos TV-herstelwerk, werk aan die motor en huisverbeterings in die meeste gevalle deur 'n vakman, dit wil sê 'n gelisensieerde persoon of onderneming, gedoen word. Verfwerk, die herstel van vensters, deure, kaste en meubels daarenteen word gewoonlik deur die eienaar self gedoen. Daar word nietemin in sekere opsigte ook baie van privaatpersone (nie-gelisensieerde persone) se dienste gebruik gemaak, veral met aanbouings.

TABEL 5.3

BESONDERHEDE VAN HERSTELWERK AAN BEPAALDE ITEMS EN DEUR WIE DIE WERK UITGEVOER IS (N = 1449)

Item	N	%	Herstelwerk verrig deur		
			Self	Handelaar	Privaat
			%	%	%
Huishoudelike toestelle	121	8,4*	31,7	51,7	16,7
Meubels	197	13,6	45,0	38,7	16,2
Verfwerk	135	9,3	76,0	9,0	14,0
TV-herstel	132	9,1	11,0	82,7	6,3
Motorherstel	96	6,6	28,4	58,9	12,6
Aanbouing	91	6,3	30,0	46,6	23,4
Omheining	59	4,1	50,8	24,6	24,6
Vensters, deure ens.	164	11,3	58,6	9,9	31,5

*Persentasies word gegee ten opsigte van die totale groep respondente vir hierdie vraag.


5.8.4 Deelnemers aan nie-formele handelsaktiwiteite

Die insameling van inligting in die informele sektor word bemoeilik deur die feit dat die besigheidsaktiwiteite van die informele ondernemer "onwettig" is en dat hy/sy bewus is daarvan dat regulasies oortree word. Soos dit onder hierdie omstandighede vermag kan word, was sommige respondente agterdogtig en het selfs geweier om op sekere vrae in die vraelys antwoorde te verstrek. Gevolglik is sommige opgawes nie volledig nie. Nietemin is daar uit die 70 onderhoude wat met informele ondernemers gevoer is 59 bruikbare rekords verkry.


Die deelnemers is afkomstig uit al vier die streke waarin die inwonersopname gedoen is, naamlik Bloemfontein (39,0 %), Kroonstad (11,9 %),

FIGUUR 5.1
 SOORT ITEMS AANGEKOOP EN REDES WAAROM DIT VAN SMOUSE AANGEKOOP IS


(a) Straatsmous in eie woongebied (N=516)



(b) Straatsmous in ander gebiede (N=132)





(c) Smous by busterminus (N=203)





FIGUUR 5.1 (VERVOLG)



(d) Stalletjie by busteterminus (N=133)



(e) Privaatpersoon in eie woongebied (N=110)



(f) Privaatpersoon in ander gebiede (N=38)



Seshego (6,8 %) en Pretoria (42,4 %). 'n Verdeling van die ondersoek-groep volgens aard van aktiwiteite/bedrywe waarby hulle ten tyde van die opname betrokke was, toon die volgende:

Smouse	20,4 %
Sjebbeen/drankhandelaar	14,8 %
Voedsel/koeldrank	9,3 %
Paneelklop/ingenieurswerke	22,2 %
Bou/verwante ambagte	9,3 %
Diverse	24,1 %

5.8.5 Tydperk in die bedryf

Bykans 40 % van die respondente is slegs twee jaar of minder in die bedryf. Dit dui daarop dat baie van die ondernemings misluk en dat 'n groot meerderheid van die deelnemers in die informele sektor 'n onsekere en marginale bestaan daarin voer. Aan die ander kant getuig die 15 % wat reeds langer as 10 jaar in die informele sektor is, van die vindingryke pogings van ondernemers wat onder moeilike omstandighede 'n onafhanklike saak suksesvol bedryf (tabel 5.4).

Die groot persentasie "jong" ondernemings hou waarskynlik ook verband met die lae konjunktuur wat die Suid-Afrikaanse ekonomie die afgelope paar jaar ondervind en persone wat werkloos geraak het eenvoudig dwing om 'n ander heenkome te vind.

TABEL 5.4

DIE OUDERDOM VAN INFORMELE BESIGHEDE

Tydperk in bedryf	N	%
1 jaar	13	22,4
2 jaar	10	17,2
3-5 jaar	14	24,1
6-10 jaar	12	20,7
> 10 jaar	9	15,5
TOTAAL	58	100

5.8.6 Aanvanklike investering, winsgewendheid en bron van kapitaal

Relatief min kapitaal is nodig om met 'n besigheid in die informele sektor te begin. Ses-en-sestig persent van die respondente het aangedui dat die besigheid begin is met 'n aanvanklike investering van R200 of minder.

Ten spyte van die relatief lae kapitale uitleg het 75 % van die respondente te kenne gegee dat die besigheid 'n wins van meer as R200 per maand oplewer, terwyl bykans 'n kwart van die ondernemers meer as R500 per maand verdien. Indien die klein kapitaaluitleg in gedagte gehou word, verteenwoordig die winste 'n besonder hoë rendement op die aangewende kapitaal.

Die probleme rondom die beskikbaarheid van eksterne finansiering vir die informele ondernemer word deur die resultate van hierdie opname onderstreep. Bykans driekwart van die respondente het die aanvangskapitaal, wat bestaan het uit salaris, pensioen en/of spaargeld, self voorsien. 'n Verdere 20 % het die aanvangskapitaal as geskenk of erf-porsie van familie ontvang. Slegs 3,7 % het geld geleen om die besigheid mee te begin. Hierdie lenings was egter privaatlenings (familie, werkgever) en geneen van die respondente het 'n lening van die KSOK of 'n ander finansiële instelling ontvang nie.

5.8.7 Werkverskaffing

Uit die opname is dit duidelik dat die informele sektor nie 'n groot werkverskaffer aan eksterne persone is nie. Slegs 15,3 % van die informele ondernemers maak van ander arbeid gebruik terwyl 47 % familie arbeid gebruik en 37 % van geen hulp gebruik maak nie. Minder as 'n kwart van die respondente betaal arbeiders vir hul werk in die besigheid.

5.8.8 Posisie in die gemeenskap

Ongeveer 97 % van die respondente het bevestigend geantwoord op die vraag of hulle 'n diens aan die gemeenskap lewer. Ten opsigte van die

aard van die diens wat gelewer word, het 26 % te kenne gegee dat die diens pleknut verskaf deurdat hulle produkte op 'n bepaalde plek aanbied of aflewer.

Drie-en-twintig persent van die respondente het bevestig dat die aard van die sake-aktiwiteite sodanig is dat dit vir die bure en/of die gemeenskap steurend kan wees. Met betrekking tot die aard van die steurnis het bykans 80 % van hierdie groep aangedui dat hul aktiwiteite lawaai veroorsaak en 7 % dat hul besigheid rommelstrooi tot gevolg het. Bykans 60 % was van mening dat die probleme rondom die steurnis nie van 'n ernstige aard is nie. Twintig persent het wel klagtes in dié verband ontvang maar 80 % van dié wat klagtes ontvang het, het die klagtes geïgnoreer.

Ten spyte daarvan dat die informele ondernemer die wet oortree, beweer 86 % van die respondente dat die inwoners in hul woongebied weet van hul aktiwiteite. Sestig persent beweer dat hul formele konkurrente en 25 % dat die owerhede ook bewus is van hul besigheidsaktiwiteite. Die ondernemers maak ook daarop aanspraak dat hul aktiwiteite die goedkeuring wegdra van 90 % van die inwoners, 60 % van die konkurrente en 60 persent van die owerhede, wat daarvan kennis dra.

Op 'n vraag of hulle bewus is van die feit dat hulle inderdaad wetgewing/regulasies oortree as gevolg van die bedryf wat beoefen word, het 12 persent gesê dat hulle onseker is terwyl die helfte van die res "ja" en die ander helfte "nee" geantwoord het.

Hoofsaaklik op aandrang van kliënte oorweeg 45 % van die informele ondernemers om hul aktiwiteite in die komende jaar uit te brei terwyl minder as 7 % dit oorweeg om hul aktiwiteite vanweë die swak ekonomie in te kort. Die res van die respondente beplan om hul besigheid teen die huidige peil voort te sit.

Daar is ook aan die informele ondernemers gevra wat hul reaksie sal wees indien nywerhede en besighede in die woongebiede toegelaat sou word. Hierop het 31 % geantwoord dat hulle dit sal verwelkom terwyl 12 % dit sou aanvaar. Tien persent was van mening dat dit hul besigheid sal benadeel.

In antwoord op 'n vraag onder watter voorwaardes nywerhede/besighede in woongebiede aanvaarbaar sou wees, het bykans 10 % geantwoord "onder geen omstandighede nie". Vyf-en-twintig persent het gesê dit behoort in aparte gebiede buite die woongebied gevestig te word, terwyl 12 % dit as voorwaarde gestel het dat die besigheid aan 'n swart ondernemer moet behoort.

Die moontlike voordele wat respondente in so 'n geïntegreerde grondgebruikstelsel sien, is

- . die skepping van werkgeleenthede,
- . die uitkakeling van vervoerprobleme en laer vervoerkoste.

Laer winste as gevolg van die verskerpte mededinging en moontlike besoedeling, is as moontlike nadeel uitgewys.

Indien die informele sektor sou moet verdwyn, sal dit 'n leemte laat in die bemarkingsketting en ook die peil van behoeftebevrediging in die gemeenskap verlaag, tensy hierdie funksies deur 'n ander instansie verrig sou word. Die ondersteuning wat hierdie deel van die informele sektor geniet, dui daarop dat dit deur die inwoners as 'n belangrike komponent van die handelsnetwerk aanvaar word.

Die dienste wat die informele sektor by skole lewer, is ook van groot belang en geniet die ondersteuning van die leerlinge, personeel en ouers. Uit onderhoude met skoolhoofde (RGN 1985c) het dit geblyk dat verkopers van vars vrugte en ander voedsel (vetkoek ens.) se teenwoordigheid by die skole verwelkom word. By drie uit die ses skole wat deur die hoofde verteenwoordig was, word hierdie informele aktiwiteite op die skoolterrein toegelaat, terwyl dit in die ander gevalle net buite die terrein toegelaat word.

Volgens die skoolhoofde is die belangrikste voordeel van teenwoordigheid van die handelaar dat leerlinge nie nodig het om die skoolterrein te verlaat om kos te gaan koop nie en derhalwe

- . betyds in die klas is na pouse,
- . nie blootgestel is aan intimideerders buite die skoolterrein nie,
- . die risiko van verkeersongelukke verlaag, en
- . goed is vir algemene dissipline van die skool.

In die gevalle waar hierdie verkopers op die skoolterrein toegelaat is, het die skoolhoof persoonlik kontrole uitgeoefen oor die gehalte en higiëne van die voedsel wat aangebied word asook oor die pryse daarvan.

Die predikante wat in dieselfde ondersoek ingesluit is, het hierdie praktyke egter nie onvoorwaardelik gesteun nie. Hulle was veral skepties oor die higiëniese en gesondheidsaspekte van die voedsel wat aan leerlinge voorsien word. Hulle besef egter dat hierdie diens in 'n besondere behoefte van die leerlinge voorsien en vra dat die praktyke gekontroleer en slegs aan minimum-standaarde sal voldoen, maar nie gestaak moet word nie.

5.9 SAMEVATTEND

Die belang van kleinsake-ondernemings in die skeep van werkgeleenthede en die algemene stimulering van die Suid-Afrikaanse ekonomie word vandag sterk beklemtoon. Dit is veral die sogenaamde nie-formele of ongelisensieerde besigheidsaktiwiteite waarvan daar hoë verwagtings gekoester word en waarin groot potensiaal gesien word om 'n bydrae te lewer tot die skeep van werkgeleenthede vir die groeiende stedelike bevolking van die land. Die vermoede bestaan egter dat standaarde, regulasies, voorskrifte en ontwikkelingskonsepte wat tans gestel word ten opsigte van kleinsake-ontwikkeling, stremmend daarop inwerk en dat sekere bepalinge met betrekking tot dorpsontwikkeling, soos dié ten opsigte van sonering, hieraan meewerk.

By die skraping (aanpassing) van wette en regulasies moet daar egter uiters selektief te werk gegaan word sodat die baba nie saam met die badwater uitgegooi word nie. Sekere van die maatreëls wat kleinsake-ontwikkeling kon strem het ook die swart ondernemers tot dusver beskerm teen mededinging uit die ander sektore waarteen die onervare swart ondernemer nie opgewasse sou wees nie.

Uit die makro-oogpunt moet dit nie uit die oog verloor word nie dat 'n groeiende ekonomie in die algemeen bevorderlik is vir en die baie noodsaaklike ruimte skeep waarbinne kleinsake-ontwikkeling en ook die ontwikkeling van die informele sektor kan plaasvind.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTENDE BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Die vraag na die geldigheid van huidige standarde en ontwikkelingskonsepte met betrekking tot fisiese dorpsuitleg en beplanning vir swartes is in hierdie ondersoek belig in terme van die wetlik-administratiewe raamwerk wat daaraan ten grondslag lê en die houding en persepsie wat die inwoners het ten opsigte van die fisiese ordening van 'n aantal diens- en handelsfasiliteite in dorpsgebiede as sodanig. Saam hiermee is die soeklig laat val op kleinsake-ontwikkeling in swart dorpsgebiede met die oog op die stimulering daarvan. Dit is gedoen deur 'n oorsig te gee oor die navorsing wat reeds in die verband gedoen is, en die bevindinge wat gemaak is te konsolideer. Samevattende bevindinge en aanbevelings ten opsigte van die twee aspekte word onder afsonderlike paragrawe in die hoofstuk aangebied.

6.2 RUIMTELIKE ORDENING

6.2.1 Samevattende bevindinge

(1) Die huidige toedrag van sake met betrekking tot die ruimtelike ordening en fisiese gesteldheid ten opsigte van swart dorpsgebiede hou makro-analities gesien baie sterk verband met die besondere politiek-ideologiese doelwitte wat die Regering se staatkundige ontwikkeling ten grondslag gelê het en met die ooreenstemmende wetlik-administratiewe raamwerk waarbinne dorpstigting en -ontwikkeling plaasgevind het.

(2) Vyf prominente werkswyses kan onderskei word aan die hand waarvan die sosio-ruimtelike generering van swart dorpsgebiede beslag gekry het, naamlik ontkenning van die permanensie van swartes in blanke stedelike gebiede, uitsluiting van swartes op ekonomiese en politieke terrein, isolasie van rassegroepe deur die skep van geïnstitusioneerde

konsentrasie van groepe in bepaalde woongebiede, dominasie van groepe en desentralisasie van nywerheidsontwikkeling veral na grensgebiede toe.

(3) Die staat was tot onlangs feitlik alleen verantwoordelik vir die verskaffing van behuising aan die inwoners van swart woongebiede. Omdat staatsfondse daarvoor aangewend is, het dit gepaard gegaan met die beheer oor die ontwerp- en boustandaarde van die wonings ingevolge die Nasionale Behuisingskommissie.

(4) Dit is baie moeilik om die gevolge van die staat se benadering ten opsigte van Swart behuising te kwantifiseer aangesien dit aan die een kant gelei het tot die opruiming van slumtoestande en die daarstelling van relatief hoë behuisingstandaarde in vergelyking met Derdewêreldtoestande elders; aan die ander kant het dit ook gelei tot nypende behuisingstekorte en oorbewoning.

(5) Die belangrikste klagte wat huisbewoners het teen die huise waarin hulle tans woon, is dat dit te klein is vir die huishouding. Huishoudings varieer baie en in sommige gevalle is tot sewentien persone per huishouding gerapporteer. Die gemiddelde grootte van die huishoudings in die opnamegebiede was 5,7 persone.

(6) Die struktuur van swart woongebiede toon bepaalde onderskeidende kenmerke:

(i) Eerstens is daar die lang afstande wat die inwoners daagliks na hulle werkplekke moet aflê. Die toedrag van sake weerspieël basies die teenoorgestelde situasie as in Westerse stede waar hierdie groepe neig om so naby as moontlik aan hul werkplek te vestig.

(ii) Tweedens is daar 'n opvallende gebrek aan integrasie tussen die swart woongebiede en die res van die stedelike opset met die gevolg dat die inwoners fisies, sosiaal en ekonomies geïsoleerd is van die res van die inwoners.

- (iii) Vanweë die onsekerheid oor die permanensie van swartes in blanke stedelike gebiede, is daar in die verlede weinig voorsiening gemaak vir die uitbreiding van die stedelike gebiede. Die gebrek aan ruimte word ook weerspieël in die relatief klein woonerwe in die gebiede. Die ondersoek het die afwesigheid van ruimte vir aanbouings en meer woonruimte vir die inwoners bevestig.
- (iv) Voordat die permanensie van swartes erken is, is hulle eerder aangemoedig om hulle ondernemerskap en kapitaal in die ontwikkeling van die nasionale state aan te wend. Dit het gedeeltelik bygedra tot die huidige tekort aan veral kleinhandelsgewere en gevolglik ook aan werkseleenthede in swart dorpsgebiede.
- (v) Die grondwaardestruktuur in swart woongebiede is grootliks onontwikkel en in elk geval heeltemal ongedifferensieerd en tot onlangs was daar baie min aanmoediging om persele vir spesifieke doeleindes te ontwikkel. Saam hiermee het die besondere behuisingstrategie wat vir baie jare in swart woongebiede gevolg is, daartoe gelei dat huise eweneens ongedifferensieerd is in terme van tipe, prys, voorkoms en grootte. In teenstelling met die hoër grondwaardes in die blanke kern is digthede in die swart woongebiede nie net uniform nie, maar ook aansienlik hoër.
- (vi) Die eiendomsmark is as gevolg van voorgaande ook grootliks onontwikkel en daar is op die oomblik nie baie inwoners wat reeds daartoe oorgegaan het om hulle huise te koop nie. Huiseienaarskap hou in sekere opsigte verband met die houding van die inwoner oor die plasing van diens- en handelsfasiliteite in sy omgewing en wel in die sin dat hulle 'n groter mate van betrokkenheid openbaar.
- (vii) Residensiële mobiliteit in swart woongebiede is uiters beperk as gevolg van die feit dat behuising in die verlede gekoppel was aan die reg om in die stad te mag woon en te werk, daar 'n voortdurende tekort aan behuising bestaan en die toekenning van behuising aan die hand van waglyste geskied. Dit het tot gevolg dat keuses met betrekking tot woonomgewing, bure en gemeenskapsfasiliteite vir alle praktiese doeleindes nie bestaan nie. Daar is min twyfel dat die voorkeure vir die beste plasing van sekere diens- en handelsfasiliteite verband hou

met die relatief lae mobiliteitsvlakke van die inwoners. Sekere fasiliteite soos skole, algemene handelaars en selfs kerke word nader verkies, nie omdat hulle huidige ligging nie aanvaarbaar is nie, maar vanweë die lang afstande wat afgelê moet word om daar te kom en gebrek aan eie vervoer.

(viii) Die lewenskwaliteit van die inwoners staan nie noodwendig in direkte verhouding tot die kwaliteit van die fisiese omgewing nie. Dit is deur die persepsie en houding van inwoners ten opsigte van ruimtelike ordening in die woongebiede bevestig. So byvoorbeeld kon daar slegs in uitsonderlike gevalle voorbeelde gevind word van enige sosio-ekonomiese differensiasie in die gemeenskap. Omgewingsfaktore wat verband hou met die fisiese gesteldheid van die woonomgewing het wel 'n baie sterk verband met die persepsie en houding van inwoners in die verband getoon. Ontspanningsgeriewe en gemeenskapsfasiliteite soos skole, klinieke, teaters, ensovoorts is oorbenut terwyl armoede, werkloosheid met gepaardgaande misdaad en ander sosiaal-patologiese verskynsels baie voorkom. Die afwysing van sekere fasiliteite naby woonplekke soos sjebeens het die selektiewe ingesteldheid van die inwoners ten opsigte van ruimtelike ordening bevestig, maar ook getoon dat die huidige fisiese gesteldheid van die woongebiede nie noodwendig die lewenskwaliteit van die inwoners weerspieël nie. Trouens, die inwoners se persepsie van die hinderlikheid van sekere fasiliteite soos nywerhede, sjebeens, ensovoorts kan as tipies Westers bestempel word.

(7) Daar is baie duidelik 'n bewustheid by die inwoners van swart woongebiede van die noodsaaklikheid van skeiding van grondgebruike. Nie alle handelsaktiwiteite is byvoorbeeld aanvaarbaar in woongebiede nie. Ter illustrasie word die voorkeur van die respondente wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het in dié verband kortliks hier herhaal.

(i) By of baie naby aan 'n winkelsentrum: Kafee, algemene handelaar, en mediese dienspunte.

(ii) Enige plek in 'n residensiële gebied: Supermark, teater, bushalte, skole (primêr en sekondêr), motordiensstasie en kerk.

(iii) Enige plek maar nie naby hulle woonplekke nie, naby maar nie in 'n residensiële gebied nie, naby 'n spoorweg- of bushalte: Busdepot, woonstelle en sjebeen.

(iv) In 'n gebied wat spesiaal daarvoor toegewys word: Fabrieke (rook en skoon), sloopwerf, paneelkloponderneming en kontrakteurspersele.

(v) Enige plek: sportstadion en perdewedrenkantore.

As daar opsommend na die reeks van assosiasies tussen respondente se huidige posisionerings, die aanvaarbaarheid daarvan vir hulle al dan nie en hulle voorkeure in die verband gekyk word, is daar beslis sekere waarneembare tendense wat duidelik na vore kom. Die opvallendste hiervan is die volgende:

(a) Kafees, primêre skole, bushaltes, teaters en sportstadions is so geleë dat daar nie 'n sterk behoefte is om die bestaande posisionering sodanig te verander dat dit verder of nader geplaas moet word as wat dit reeds is nie. Dit beteken egter nie dat die respondente hulle ligging oorweldigend as 'goed geplaas' beskou nie.

(b) Algemene handelaars, sekondêre skole en kerkgeboue geniet voorkeur om hulle nader aan die respondente se wonings te kry as wat tans die geval is. Almal is aanvaarbaar in residensiële gebiede.

(c) Hostelle en sjebeens is nie juis aanvaarbaar binne residensiële gebiede nie. Respondente het nie spesifieke idees oor die ideale plasing van dié plekke nie, maar wil dit gewis nie naby hulle eie woonplekke hê nie.

(d) Sake-ondernemings soos paneelkloppers, sloopwerwe en kontrakteurspersele word nie noodwendig in woongebiede afgewys nie, maar daar is beslis steun daarvoor dat dit opgerig behoort te word in gebiede wat spesiaal daarvoor ingerig moet word. Fabrieke wat geassosieer word met geraas en rook is nie welkom in woongebiede nie, en ofskoon sogenaamde skoon of rookvrye nywerhede meer aanvaarbaar in residensiële gebiede is, moet ook hulle verkieslik in spesiale gebiede geakkommodeer word.

(8) Die samevattende afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die persepsie van die swartes ten opsigte van hierdie aangeleenthede tipies Westers maar grondliggend lae-inkomste van aard is. Die aanwesigheid van gedifferensieerde voorkeure in die verband verskil nie van die van ontwikkelende gemeenskappe nie.

Sedert hierdie ondersoek begin het, is baie van die maatreëls opgehef wat regstreeks betrekking gehad het op die ontwikkeling van dorpsgebiede vir swartes in blanke beheerde gebiede en sal die effek daarvan op toekomstige ontwikkeling stellig eers met die loop van tyd sigbaar word. So byvoorbeeld kan aanvaar word dat die opheffing van instromingsbeheermaatreëls, privaatbesit van grond en huiseienaarskap en die deregulering van die kleinsake-sektor ongetwyfeld sal oorspoel na sekere prosesse van verstedeliking. In dié verband word verwag dat daar 'n verhoging sal wees in die vraag na behuising en dienste, uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite sal plaasvind en dat daar mettertyd ook 'n verandering in die grondwaardestruktuur in swart woongebiede sal intree.

6.2.2 Aanbevelings

(1) Die uitgangspunt met betrekking tot die ontwikkeling van beplanningstandaarde en ontwikkelingskonsepte sover dit in die besonder betrekking het op die fisies-ruimtelike ordening van swart dorpe moet wees om die lewensgehalte van die inwoners te verbeter. Die ondersoek het baie duidelik getoon dat die fisiese gesteldheid van die plek waarin die inwoners bly en selfs ook die onmiddellike omgewing een is van oorbewoning, onvoldoende woonruimte en moeilike toeganklikheid ten opsigte van baie dienste en handelsfasiliteite. Desnieteenstaande het hulle houding jeens die ligging van die fasiliteite en hulle voorkeure vir die beste plasings nie die indruk geskep dat sosio-ekonomiese status in hierdie stadium werklik 'n betekenisvolle verskil maak aan hulle persepsies in dié verband nie. Die feitlik algehele afwesigheid van residensiële mobiliteit van die inwoners wat daartoe lei dat hulle vir alle praktiese doeleindes eintlik nie 'n keuse het ten opsigte van die bure of hoe ver of naby hulle aan sekere fasiliteite wil woon nie, bevorder nie die ontwikkeling van 'n eiendomsmark of die differensiasie

van grondwaarde in swart woongebiede nie. Deur oordeelkundige fisies-ruimtelike beplanning kan hierdie toedrag van sake verbeter word.

(2) Dit is nodig dat in die beplanning van dorpsgebiede vir swartes daar voorsiening gemaak word vir natuurlike en markgebaseerde differensiasie. Inwoners moet die geleentheid hê om op grond van sosio-ekonomiese of ander redes hulself te differensieer in terme van die plek waar hulle graag wil woon of kan bekostig om te woon. Die behoefte aan 'n eie identiteit met betrekking tot hulle woonplek en die kwaliteit van die fisiese omgewing waarin hulle woon, is deur die ondersoek bevestig en behoort deeglik in ag geneem te word by sowel nuwe dorpsuitleg as by die opgradering van bestaande woongebiede.

(2) Beperkte sonering volgens grondgebruik moet toegepas word. Baie van die wetlik-administratiewe beperkings met betrekking tot die vestiging van veral kleinhandelsaktiwiteite in swart dorpsgebiede is reeds opgehef en maatreëls om dit te stimuleer ingevoer. Die ondersoek het egter duidelik getoon dat die inwoners self nie sonder meer ten gunste sal wees van algehele opheffing van sonering in die sin dat daar algehele integrasie van grondgebruik in woongebiede moet wees nie. Dit geld selfs ten opsigte van sekere ligte nywerhede soos byvoorbeeld paneelklop-ondernemers en motordiensstasies. Verder is daar baie duidelik bepaalde voorkeure vir die beste plasing van sekere diens- en handelsfasiliteite wat moontlik as riglyne gebruik kan word by die toekenning van bepaalde gebruike aan persele.

(3) Die sonering van grond wat vir sakesentrums en dies meer opsygesit word, dit wil sê vir fasiliteite wat eers heelwat later ontwikkel gaan word, maar waarvan die persele intussen onbenut lê, moet meervoudig wees. Vergunningsgebruike moet oor die korter termyn toegelaat word, sê vir 10 jaar waarna die vergunning elke twee jaar vir 'n verdere periode verleng word, tot tyd en wyl die ontwikkeling 'n aanvang neem. Sodoende kan "dooie" kolle wat afbrekend inwerk op die aantreklikheid van die buurt, voorkom word en kan die gebrek aan 'n "dorpsgevoel" insgelyks teengewerk word.

(4) Daar moet beplan word vir die ruimtelike akkommodasie van informele aktiwiteite in al die gedeeltes van die swart dorpsgebiede. So-danige beplanning sal uiteraard moet geskied met inagneming van

(a) die omliggende grondgebruike ten einde steurnis te vermy en 'n daling in eiendomswaardes te voorkom; en

(b) die openbare vervoernetwerk omdat vervoeronderbrekingspunte soos bushaltes en taxi-staanplekke 'n fundamentele rol speel in die funksionering van hierdie sektor van die ekonomie.

(5) Die informele aktiwiteite waarvoor voorsiening gemaak moet word, sluit nie net smousery met voedsel in nie. Voorsiening moet ook vir informele dienstelewering soos herstelwerk aan huishoudelike toerusting, en vir informele vervaardiging soos blikslaerswerk gemaak word. Die aard van laasgenoemde twee groepe aktiwiteite sal die bedryf van 'n groot gedeelte daarvan in woongebiede onwenslik maak. Gevolglik sal sekere gebiede naby of in die sentrale sakegebied, daarvoor opsy gesit moet word. Dit is hoofsaaklik die informele handel in voedsel wat op woonbuurtvlak toegelaat kan word.

(6) Die informele sektor moet nie gesien word as 'n plaasvervanger vir die formele sektor nie. Ten einde die skaal van individuele smouse se bedrywighede te beperk, moet die omvang daarvan beperk word tot 'n voorraad wat aan die einde van die dag verwyder kan word en in die oggend weer teruggebring en uitgestal kan word.

(7) Gedagtig aan die wetlik-administratiewe raamwerk waarbinne die swart dorpsgebiede tot stand gekom het, moet toekomstige struktuurveranderings vroegtydig geantisipeer word. Sodanige verandering moet in 'n bepaalde rigting gestuur word deur onder meer vooraf sekere gebiede te hersoneer en sodoende die beste oplossing oor die lang termyn te verseker.

6.3 KLEINSAKE-ONTWIKKELING

6.3.1 Inleiding

Die besondere belangstelling wat daar tans in die ontwikkeling van die kleinsakesektor in die RSA heers, hou in 'n groot mate verband met die werkgeleentheid- en inkomsteskeppende vermoë van hierdie sektor in die volkshuishouding, en die bydrae wat dit moontlik kan lewer tot die verligting van die knellende werkloosheidsprobleem wat ondervind word.

Dit is egter belangrik om realisties te wees in die verwagtinge wat daar in hierdie verband van die kleinsakesektor gekoester word aangesien die blote stimulering en ontwikkeling van kleinsake nie 'n towerformule is wat alle probleme van werkloosheid en armoede oornag sal laat verdwyn nie.

In 'n vryemarkgeoriënteerde ekonomie is daar normaalweg sekere faktore teenwoordig wat natuurlikerwys die risiko van mislukking vir die kleinsake-onderneming verhoog en sodoende 'n beperking plaas op die groeipotensiaal in hierdie sektor. Enkele voorbeelde van sodanige faktore is die volgende (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 81-82):

(1) Die beskikbaarheid van massa-geproduseerde, aantreklik verpakte en wyd geadverteerde produkte bevorder noodwendig die groei van groot ondernemings en lei onvermydelik tot 'n kleiner mark vir die produkte van veral die informele sektor.

(2) Die grootte van die mark wat deur die kleinsakesektor (en veral die informele sektor) bedien word, is afhanklik van die lone en peil van indiensneming in die res van die ekonomie.

(3) Die kleinsakesektor het beperkte toegang tot die gewone finansieringsbronne, en hoe kleiner en informeler die besigheid, hoe moeiliker en meer beperk die toegang.

(4) Tegnologiese ontwikkeling plaas voortdurend nuwe produkte op die mark wat met die ondersteuning van moderne bemarkingstegnieke aanleiding kan gee tot 'n betekenisvolle swaai weg van tradisionele goedere.

Beleidsopsies met die oog op die verbetering van die vooruitsigte van oorlewing en groei van kleinsake-ondernemings kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik:

- . 'n verbetering in die toegang tot hulpbronne,
- . verbetering in die produktiwiteit van die entrepreneur, en
- . uitskakeling van faktore wat beperkend inwerk en die natuurlike groei van die klein onderneming inhibeer.

6.3.2 Faktore wat die toeganklikheid van hulpbronne vir die kleinsake-onderneming kan verbeter

Dit is bekend dat die baie klein onderneming moeiliker toegang verkry en meer beperkte toegang tot hulpbronne het as 'n klein onderneming, net soos wat die klein onderneming se toegang tot hulpbronne meer beperk sal wees as dié van 'n groot onderneming (Nattrass, Nattrass & Krige 1986). Hierdie feite moet in gedagte gehou word by die bespreking van die beleidsopsies want "if one is to have the maximum impact on the development of small business through the removal of factors constraining their access, one probably has to introduce a suite of policies containing separate elements that are designed to deal with the particular problems of the small, the very small and the informal business" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 83).

(1) Toegang tot kapitaal

Die besonder hoë risiko van mislukking by kleinsake-ondernemings tesame met hul onvermoë om voldoende sekuriteit aan te bied maak toegang tot die gewone finansieringskanale vir die kleinsakeman bykans onmoontlik. Die heel klein- en informele ondernemers het om hierdie rede vir alle praktiese doeleindes geen toegang tot eksterne bronne van kapitaal nie. Waar kapitaal wel bekom kan word daar egter 'n hoër rentekoers vereis (Mermelstein 1969; Nattrass 1970).

Daar kan min twyfel bestaan dat in 'n vryemark-georiënteerde bestel, die kleinsakesektor se toegang tot eksterne kapitaal grootliks sal afhang van die vermoë van die owerheid om spesiale meganismes te skep wat hierdie sektor kan bereik.

In 'n poging om die kleinsakesektor tegemoet te kom, is spesialiteits-organisasies soos byvoorbeeld die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie (KSOK), die KwaZulu-finansiering- en investeringskorporasie (KFK) en afdelings van ander ontwikkelingskorporasies in die nasionale state in die lewe geroep om spesiaal aandag te skenk aan die finansieringsprobleme van die kleinsakeman.

Ten spyte van die bestaan van hierdie spesialiteitsinstellings word nog heelwat probleme in hierdie verband ondervind, soos die volgende:

(a) Omdat daar slegs 'n beperkte hoeveelheid kapitaal vir ontwikkelingsdoeleindes beskikbaar is, kan daar nie in die vraag na fondse vir alle klein ondernemings voldoen word nie.

(b) Aangesien beheer oor die aanwending van bedryfskapitaal by hierdie ondernemings uit die aard van die saak moeilik is, ontwikkel daar 'n voorkeur by die instellings om lenings toe te staan vir die aankoop van kapitaaltoerusting (World Bank 1979).

(c) Daar is aanduidings dat selfs hierdie spesiale instellings nie in die behoefte van die heel klein leners kan voorsien nie. In KwaMashu naby Durban is daar in 'n studie bevind dat 80 % van die ondernemers wat kapitaal benodig 'n lening van minder as R500 wou gehad het (Krige 1986).

(d) Dit bly steeds besonder moeilik om te verseker dat die baie klein en informele ondernemer toegang tot die fasiliteite van hierdie instellings sal kry. In 'n studie in Inanda is gevind dat 75 % van die respondente nie geweet het wat die KSOK of die KFK doen nie en dus ook nie in 'n posisie was om van die finansiering gebruik te maak nie (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 85).

Maatreëls wat moontlik oorweeg kan word om die toegang van klein ondernemings tot kapitaalbronne te verbeter, is die volgende:

(a) Indien die owerheid 'n gedeelte van die lening aan 'n klein ondernemer (onder 'n bepaalde grootte) sou waarborg, sal dit die risiko vir

private finansiële instellings verminder en hulle aanmoedig om meer aandag aan die finansiering van kleinsake te gee.

(b) Die owerheid kan spesiale fondse via bestaande finansiële instellings beskikbaar stel vir die klein sakeman.

(c) 'n Nuwe soort krediet, geskoei op die sogenaamde "toonbanklening" wat handelsbanke in Mexikostad vir kleinsake toestaan, kan oorweeg word. Hiervolgens kan gelisensieerde straatverkopers in die stad lenings tot 'n bedrag van \$200 vir 'n periode van een dag teen 'n vaste rente van 1 % bekom. Die bedrag plus die rente word aan die einde van elke dag terugbetaal. Die instelling van so 'n skema via die bestaande finansiële instellings sal deur 'n grootskaalse advertensieveldtog gerugsteun moet word.

In die algemeen lyk dit of "... the creation of specific lending institutions to cater for the needs of small business are far more successful in reaching the larger end of the small business sector than they are in reaching the smaller and informal firms" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 88).

Dit sal waarskynlik ook waar wees vir sowel die eerste as tweede voorstel wat gedoen word. Die derde voorstel het egter die moontlikheid om ook die heel onderste punt van die kleinsakesektor te bereik en verdien beslis die aandag van beleidmakers.

(2) Toegang tot markte

Alhoewel belangrik vir die sukses van 'n besigheid is daar min wat by wyse van beleid gedoen kan word om die klein onderneming in hierdie opsig tegemoet te kom. Mededinging wat inherent is aan 'n markgeoriënteerde stelsel, sal enige voorkeurbehandeling wat 'n konkurrent moontlik kan ontvang met hand en tand beveg.

'n Verdere faktor wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat 'n verbetering in die toegang tot 'n mark gewoonlik gepaard gaan met 'n groter omvang van produksie. Hierdie vergrote produksie plaas egter

dikwels sodanige spanning op die beperkte kapitaal- en ook bestuursbronne van die onderneming dat dit selfs die ondergang daarvan kan bewerkstellig. Dit impliseer dat 'n beleid wat afstuur op 'n uitbreiding van markte gerugsteun sal moet word deur 'n opleidingsprogram vir bestuurders van kleinsake.

Ten spyte van genoemde probleme kan die volgende maatreëls oorweeg word met die oog op die ontwikkeling en uitbreiding van die mark vir kleinsake-ondernemings:

(a) 'n Sentrale bemarkingsorganisasie, wat sterk bedingingsmag sal hê, kan gestig word om die hele bemarkingsfunksie namens 'n aantal klein produsente te behartig. Dit sal geskied op 'n wyse soortgelyk aan dié waarop landbouprodukte van 'n groot aantal individuele en onafhanklike produsente deur 'n landboubeheerraad, soos die Mielieraad, behartig word.

(b) Indien groot ondernemings oorreed kan word om 'n bepaalde gedeelte van hul aankope by klein besighede te doen, kan dit 'n betekenisvolle bydrae tot die vergroting van markte van die kleinsake-ondernemings teweegbring.

In hierdie verband kan die staat deur middel van openbare instellings soos hospitale en skole die voorbeeld stel deur hul aankope gedeeltelik by kleinsake-ondernemers te doen. Die belangrikste probleem wat egter met so 'n reëling ondervind kan word, is dié van kwaliteitsbeheer. Dit is vir die groot instansie belangrik om 'n produk van eenvormige gehalte te ontvang en wanneer aankope by verskeie klein besighede gedoen word, kan kwaliteitsprobleme ondervind word.

(c) Die oopstelling van bepaalde handelsgebiede in sekere blanke dorpe en stede open nuwe markte en skep geleenthede vir die swart ondernemer wat tot dusver deur wetgewing van hierdie markte uitgesluit was. Die opheffing van onnodige beperkings op die beweging van smouse en die skepping van "vlooiemarke" in dorpe bied ook heelwat nuwe geleenthede vir die kleinsake-ondernemer.

(3) Toegang tot besigheidspersoneel

Die oprigting en beskikbaarstelling van fabriekstalle aan kleinsake-ondernemings maak 'n groot deel uit van die owerheid se poging om hierdie sektor te bevorder. Die oorkapitalisasie in vaste verbetering en gepaardgaande hoë huur vir personeel het egter in baie gevalle die koste vir die klein-onderneming sodanig verhoog dat die besigheid misluk het.

Alhoewel daar ook heelwat meriete is in die skemas waarvolgens fabriekstalle aan klein besighede beskikbaar gestel word, word al meer stemme gehoor wat vra "perhaps, we should look at these programmes with a greater degree of critical analysis than has been the case to date. It is quite possible that one might achieve more in respect to the development of small business by switching funding earmarked for the provision of premises, to the provision of additional working capital for very small business or to the finance of the acquisition of skills or management expertise" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 96-97).

6.3.3 Beleid wat die produktiwiteit van die entrepreneur verbeter

Die meeste klein ondernemers (veral swartes) het geen formele besigheidsopleiding gehad nie, en sommige van hulle is selfs heeltemal ongeletterd.

'n Studie van die informele sektor in Inanda toon dat daar 'n positiewe verwantskap bestaan tussen die winsgewendheid van die besigheid en die opleiding wat die ondernemer gehad het.

In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat 'n "... deliberate attempt will have to be made to reach out to informal business operators. Although this may be difficult, it is extremely important, since the informal operators are probably those who are most in need but yet have been virtually excluded from what training programmes are in existence" (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 97).

Die huidige tegniese opleiding wat aan werkloos verskaf word, bied ook die gulde geleentheid om dit aan te vul met 'n elementêre besigheidsopleiding vir kleinsakemanne.

6.3.4 Uitskakeling van faktore wat kleinsake-ontwikkeling belemmer

Die wyse waarop regulasies die kleinsake-ondernemings beïnvloed het, hang daarvan af of dit 'n formele of informele besigheid is.

Aan die formele kant word koste verhoog deurdat die onderneming aan die voorskrifte van die regulasies moet voldoen. Die informele sektor voldoen egter nie aan die vereistes wat deur die regulasies gestel word nie en hul aktiwiteite word as gevolg daarvan as onwettig beskou. Vanweë die "onwettigheid" van hul aktiwiteite het hulle nie toegang tot gewone handelsdienste soos dié wat byvoorbeeld deur finansiële instellings verskaf word nie, en die bedryfskoste word dus op 'n ander manier verhoog.

Heelwat omvattende studies is reeds op die terrein van deregulering in die RSA onderneem. Die verwydering van regulasies is egter nie iets wat in die praktyk maklik gebeur nie. Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat daar goeie redes aangevoer is vir die aanvanklike instelling van 'n bepaalde regulasie en dat die omstandighede nie noodwendig verander het nie.

Die volgende is enkele voorstelle wat met betrekking tot die verligting van regulasies gemaak word:

(a) 'n Praktiese voorstel wat dikwels met betrekking tot die registrasie van handelaars gehoor word, is om handelslisensies by die poskantoor oor die toonbank te verkoop. Dit sal help om die informele handelaars te "wettig" en hul toegang gee tot gewone bronne van finansiering, ensovoorts.

(b) Ander voorstelle wissel van 'n algehele opheffing van wetgewing tot die opheffing van spesifieke wette en regulasies in bepaalde handelsgebiede.

Deregulering is 'n saak wat baie versigtig hanteer moet word en alle gevolge daarvan moet deeglik opgeweeg word alvorens daar aan 'n wet verander word. So byvoorbeeld kan die opheffing van 'n bepaalde wet of

regulasie die kleinsakeman toegang gee tot bepaalde gebiede of bronne maar hom ook terselfdertyd blootstel aan mededinging waarteen die klein onderneming nie bestand sal wees nie.

So 'n stap sal dan net die teenoorgestelde bereik as wat daarmee beoog is.

6.3.5 Die openbare sektor en kleinsake-ontwikkeling

Bo en behalwe die skepping van 'n gunstige sakeklimaat kan die owerheidsektor uit hoofde van sy gewone aktiwiteite 'n bydrae lewer tot kleinsake-ontwikkeling. In hierdie verband kan daar aan die volgende oorweging geskenk word:

(1) Die onderverdeling van tenders vir die verskaffing van goedere en dienste aan die staat met die oog daarop om 'n bepaalde gedeelte daarvan aan klein besighede toe te ken. Alhoewel dit nie in alle gevalle prakties sal wees nie, behoort dit tog by die aankoop van goedere soos hospitaal-oorpakke en skoolmeubels moontlik te wees.

(2) Deur sekere funksies wat die staat self verrig aan private ondernemers toe te ken, byvoorbeeld kontrakte vir die skoonmaak van regeeringsgeboue, kan daar heelwat geleenthede vir klein besighede ontstaan.

6.3.6 Samevattend

Dit is belangrik om te onthou dat alhoewel daar min twyfel kan bestaan oor die vermoë van kleinsake- en informele ondernemings om werkloosheidsprobleme te verlig en die welvaart van die gemeenskap te verhoog, is dit nie maklik om sodanige ontwikkeling te bereik nie. Kleinsake-ontwikkeling is egter ook nie 'n kitsoplossing vir alle ekonomiese probleme nie.

Kleinsake-ondernemings is tradisioneel besonder hoë-risikogebiede en die mortaliteit in hierdie sektor is hoog. Tog is daar heelparty informele ondernemings wat reeds 10 jaar en langer besigheid doen.

Alhoewel die inkomstes wat in die informele sektor verdien word normaalweg klein is, het bepaalde sektore soos die kleinhandel-, vermaaken konstruksiesektore heelwat potensiaal in dié verband (Nattrass, Nattrass & Krige 1986 : 104).

Bogenoemde impliseer dat "... policymakers should well be satisfied with the outcome of policies intended to improve the prospects of the informal sector if they achieve only an increase in the average earning capacities of the operators in the sectors and no real increase in firm size, the number of firms or the level of employment" (loc. cit.).

1 Die eksploratiewe tegniek CHAID

In baie situasies is tegnieke nodig wat die navorser in staat stel om bepaalde patrone in die data te identifiseer en wat gebruik kan word om die strukturele verwantskappe tussen die veranderlikes te formuleer. Die rekenaarprogram CHAID is 'n voorbeeld van die sogenaamde AID-prosedure ("Automatic Interaction Detection") waarvolgens die waarde of kategorie van 'n afhanklike veranderlike (Y) voorspel kan word op grond van die waardes of kategorieë van daardie voorspellers (onafhanklike of verklarende veranderlikes) wat die meeste bydra tot die verklaring van die variasie in Y.

Die rekenaarprogram CHAID is ontwikkel vir die ontleding van kategorie data, wat impliseer dat beide die afhanklike en onafhanklike veranderlikes kategorieë van aard is.

CHAID (kyk Kass 1980) is die naam van 'n rekenaarprogram wat gebaseer is op 'n eksploratiewe tegniek met behulp waarvan groot datastelle verken kan word. Die tegniek word hoofsaaklik gebruik om die dimensies te reduceer van die meerrigtinggebeurlikheidstabel wat gevorm word deur die kruisklassifikasie van die kategorieë van dié afhanklike veranderlike met die kategorieë van die onafhanklike kategorieë veranderlikes. Hierdie reduksie geskied eerstens deur ten opsigte van elk van die onafhanklike veranderlikes te bepaal welke, indien enige, van sy kategorieë saamgevoeg kan word en tweedens, deur daardie versameling van onafhanklike kategorieë veranderlikes te identifiseer wat 'n statisties betekenisvolle bydrae tot die verklaring van die variasie in die afhanklike veranderlike maak. Laasgenoemde impliseer dat die genoemde meerrigtinggebeurlikheidstabel ten opsigte van die ander afhanklike kategorieë veranderlikes ineengedruk kan word deur oor die kategorieë van hierdie veranderlikes te sommeer.

Nadat die versameling van onafhanklike veranderlikes wat 'n statisties betekenisvolle invloed op die afhanklike veranderlike uitoefen, bepaal is, kan voortgegaan word om 'n logistiese tipe regressievergelyking van die afhanklike veranderlike op hierdie versameling van voorspellers (onafhanklike of verklarende veranderlikes) te vind. Hierdie regressievergelyking kan dan gebruik word om die kategoriewaarde van die afhanklike veranderlike vir gegewe kategoriewaardes van die voorspellers te voorspel.

Vir 'n gegewe datastel behels 'n CHAID-analise 'n aantal stappe, elk van die volgende vorm:

(a) Stratifikasie van elke voorspeller ten opsigte van die afhanklike veranderlike Y. Dit geskied deurdat die kategorieë (peile) van 'n bepaalde voorspeller nagegaan en moontlik hergroepeer word in 'n aantal klasse, sê k, wat elk min of meer homogeen ten opsigte van die Y-waardes is. Gestel die ses kategorieë van 'n voorspeller word aangedui deur die simbole A, B, C, D, E en F. Hierdie kategorieë word dan byvoorbeeld gereduseer na die volgende drie klasse, naamlik (A, D), (B) en (C, E, F) en wel op sodanige wyse dat daar betekenisvolle verskille ten opsigte van hul invloed op Y tussen die drie klasse is, maar nie tussen die kategorieë binne elke klas nie.

(b) Nadat elkeen van die voorspellers op bogenoemde wyse ontleed is, word daardie voorspeller wat die meeste variasie in die Y-kategoriewaardes verklaar, gebruik om die datastel in 'n aantal substelle te verdeel.

Vervolgens word elke datasubstel nou ooreenkomstig stappe (a) en (b) ontleed. Die proses word voortgesit totdat daar geen verdere statisties betekenisvolle verdeling van die data in substelle moontlik is nie.

Veronderstel dat die datastel op die eerste vlak deur 'n voorspeller A in substelle verdeel word. Indien elk van hierdie substelle op die tweede vlak deur dieselfde voorspeller B op eenderse wyse in verdere subgroepe verdeel word, dan is die model additief in A en B en bestaan

daar geen interaksie of wisselwerking tussen A en B ten opsigte van hulle invloed op die afhanklike veranderlike nie. Daar bestaan egter wel 'n sodanige AB-interaksie indien die verdeling in subgroepe op die tweede vlak op verskillende wyses geskied. Dit kan egter ook voorkom dat die verskillende eerstevlak-subgroepe deur verskillende voorspelers op die tweede vlak onderverdeel word. Enige sodanige ongebalanseerde struktuur dui op die bestaan van 'n interaksie tussen die betrokke voorspellers onderling en met die afhanklike veranderlike. 'n Skematiese voorstelling van hierdie opsplitsing van 'n datastel staan as 'n dendrogram bekend (kyk fig. 4.1 as voorbeeld).

2 Ooreenstemmingsanalise

'n Gebeurlikheidstabel (kyk tabel hieronder as voorbeeld) bevat gewoonlik soveel inligting dat dit vir die navorser moeilik is, indien nie onmoontlik nie, om enige afleidings daaruit te kan maak. Tendense in of interaksies tussen die rye en kolomme is moeilik bepaalbaar deur blote inspeksie. Indien die inligting vervat in 'n gebeurlikheidstabel egter vereenvoudig kan word na 'n grafiese voorstelling in byvoorbeeld twee dimensies, kan die onderlinge verwantskappe en verskille tussen die veranderlikes maklik raakgesien word. Ooreenstemmingsanalise is 'n afbeelding van die inligting wat vervat is in die gebeurlikheidstabel op die geskikste tweedimensionele grafiese vlak, tesame met 'n aanduiding van die mate waarin die inligting volledig in twee dimensies voorgestel word.

Gestel ter illustrasie dat die afstand van die huidige woonplekke van die respondent (L1, L2 ... L4) van die naaste diens- en handelsfasiliteite (D1, D2 ... D5) vergelyk word.

Die gebeurlikheidstabel sal dan soos volg daar uitsien.

	L1			L2	L3	L4
D1	f11			f12	f13	f14
D2	f21			f22	f23	f24
D3	f31			f32	f33	f34
D4	f41			f42	f43	f44
D5	f51	f52	f53	f54		

Die afstand tussen die woonplek en die diens- en handelsfasiliteit word soos volg aangedui:

- L1 - direk langs woonplek of net oorkant die straat
- L2 - in dieselfde straatblok as die woonplek
- L3 - nie in dieselfde straatblok nie, maar steeds binne loopafstand van die woonplek
- L4 - te ver om daarheen te loop

Die diens- en handelsfasiliteite wat voorgestel word, is die volgende:


- D1 - Algemene handelaar/supermark
- D2 - Vulstasie
- D3 - Mediese dienste
- D4 - Kafee
- D5 - Bushalte

In die tabel dui fij die aantal respondente aan wat in 'n bepaalde sel val bv. f42 dui die getal respondente aan wie se woonplek in dieselfde straatblok as die naaste kafee geleë is. Die grafiese voorstelling van die tabel is soos in figuur A.1. Die interpretasie van die plasing van die verskillende punte op die voorstelling hou verband met die onderlinge afstand wat die punte van mekaar geleë is. Die punte naaste aan mekaar assosieer sterker as die wat verder geleë is.

In die onderhawige voorbeeld is D4 en in 'n effens mindere mate ook D5 baie na aan L1 en L2 geplaas wat beteken dat die twee stelle punte baie nou met mekaar geassosieer is. Toegepas op die resultate van die opname soos weergegee in die betrokke ooreenstemmingstabel beteken dit dat die huidige woonplek van die meeste respondente so geleë is dat dit baie naby of minstens in dieselfde blok is as die naaste kafee en bushalte.

FIGUUR A.1

DIE POSISIONERING VAN DIE HUIDIGE WOONPLEK TEN OPSIGTE VAN DIE NAASTE
DIENS- EN HANDELSFASILITEITE




Die algemene handelaars (D1) alhoewel nie naby die woonplek van die respondent nie is steeds binne loopafstand (L3) van die woonplek van die meeste respondente geleë. Dit is egter beslis verder geleë as die naaste kafee of bushalte.

Ander verbande kan op 'n soortgelyke wyse afgelees word.

Meer teoretiese besonderhede verskyn in Greenacre (1984)

B.1

POSISIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE WINKELSENTRUM/SUPERMARK EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSISIONERING


BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
GENOEG OM TE LOOP
VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
GOED=GOED GEPLAAS

B.2

POSISIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE VULSTASIE EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSISIONERING


BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK, MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

B.3

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE ALGEMENE HANDELAAR EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSITIONERING

BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE KAFEE EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSITIONERING

BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK, MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

B.5

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE PRIMÊRE SKOOL EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSITIONERING


BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
GENOEG OM TE LOOP
VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
GOED=GOED GEPLAAS

B.6

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE SEKONDÊRE SKOOL EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN




POSITIONERING

 BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

 NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE SPORTSTADION EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN




POSITIONERING

 BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

 NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

B.8
 POSISIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE BESOEKpunt VIR MEDIESE DIENSTE (SPREEKKAMERS, APTEKE, MEDISYNE-DEPOT)
 EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSISIONERING


BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK, MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

B.9

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE KERK EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN




POSITIONERING

BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK, MAAR NABY
GENOEG OM TE LOOP
VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
GOED=GOED GEPLAAS

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.G.V. NAASTE HOSTELLE EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



-185-


POSITIONERING

BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

B.11
 POSISIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE BUSDEPOT EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN




POSISIONERING

AANVAARBAARHEID

\BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER· OM TE LOOP

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
 VER2=VERKIES FASILITEIT VERDER
 GOED=GOED GEPLAAS

POSITIONERING VAN HUIDIGE WOONPLEK T.O.V. NAASTE BUSHALTE EN DIE AANVAARBAARHEID DAARVAN



POSITIONERING


BLOK=IN DIESELFDE STRAATBLOK
 NABY=LANGSAAN/TEENAAN/BAIE NABY AAN WOONPLEK
 LOOP=NIE IN DIESELFDE STRAATBLOK,MAAR NABY
 GENOEG OM TE LOOP
 VER =TE VER OM TE LOOP

AANVAARBAARHEID

NADE=VERKIES FASILITEIT NADER
